# DIE HUWELIKSPERSPEKTIEF VAN DIE ONGETROUDE VOLWASSE TSWANA-VROU

**ANITA ERASMUS**

B.A. (Maatskaplike Werk)

Manuskrip voorgelê vir die graad

**MAGISTER ARTIUM IN MAATSKAPLIKE WERK**

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

**Studieleier: Me. E.H. Ryke**

2002

Potchefstroom

# BEDANKINGS

By die voltooiing van hierdie ondersoek wil ek graag my opregte dank en waardering betuig teenoor die volgende persone en instansies:

- **My Hemelse Vader** wat vir my die geleentheid en krag gegee het om te kom waar ek vandag is en my gedra het op die lang pad van studie.

- **My studieleier, me. E.H. Ryke,** vir haar bekwame leiding, hulp, persoonlike opoffering en aanmoediging. Dankie dat mevrou tydig en ontydig bereikbaar en beskikbaar was.

- **Me. E. du Plessis** vir haar bereidwilligheid om as mede-kodeerder vir hierdie ondersoek op te tree.

- **Me. C. van der Walt** vir die spoedige en bekwame wyse waarop sy taalversorging gedoen het.

- **Die deelnemers** wat sonder skroom bereid was om deel te neem aan die ondersoek. Sonder hulle sou die ondersoek onmoontlik gewees het.

- **My ouers** vir die voorreg om naskoolse opleiding te kon ontvang, vir hulle onvermoeide gebede en ondersteuning deur my jare van studie, asook hulle volgehoue geloof in my.

- **Riaan** vir die gebruik van sy rekenaar, asook vir sy geduld, opofferings en aanmoediging, veral gedurende die laaste fase van die ondersoek.

- **Vriende en familie** vir hulle onderskraging en belangstelling.

# INHOUDSOPGAWE

## AFDELING A

### INLEIDING


**1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING** 1

**2. DOELSTELLINGS** 5

**2.1 Doelstelling** 5

**2.2 Doelwitte** 5

**3. BASIESE TEORETIESE STELLING** 5

**4. METODE VAN ONDERSOEK** 6

**4.1 Literatuur- of bronontleding** 6

**4.2 Empiriese ondersoek** 6

4.2.1 Ontwerp 6

4.2.2 Steekproef 7

4.2.3 Meetinstrumente 8

4.2.4 Prosedure 8

4.2.5 Etiese aspekte ter sprake 9

4.2.6 Data-analise 9

**5. BEGRIPSOMSKRYWING** 10

**5.1 Huweliksperspektief** 10

**5.2 Ongetroude** 12

**5.3 Volwasse** 12

**6. STRUKTUUR VAN NAVORSINGSVERSLAG** 13


## AFDELING B

### ARTIKEL 1


**1. INLEIDING, RASIONAAL EN METODE** 14

**2. AGTERGROND** 15

**3. RESULTATE** 18

**3.1 Die rol en status van die Tswana-vrou in die huwelik** 18

3.1.1 Die rol en status wat die Tswana-vrou in die tradisionele huwelik beklee het 18

3.1.2 Die rol en status wat die Tswana-vrou tans in die huwelik beklee 19

3.1.3 `n Balans tussen die Tswana-vrou se tradisionele en moderne rol 20

**3.2 Huwelikstatus-voorkeur** 22

3.2.1 Huwelikstatus-voorkeur 22

3.2.2 Houding ten opsigte van die huwelik 25

3.2.3 Faktore wat `n invloed het op die keuse van huwelikstatus 27

3.2.3.1 Egskeiding 27

- Die angswekkendheid van die hoë egskeidingsyfer 27
- Oorsake van egskeiding 28
- Ontrouheid binne die huwelik as `n oorsaak van egskeiding 28
  - *a.) Die ontrouheidverskynsel binne die Tswana-huwelik* 28
  - *b.) Oorsake van ontrouheid binne die Tswana-huwelik* 30
- Enkellopendheid verkies bó die huwelik 31
- Egskeiding as moderne verskynsel 32
- Suksesvolle beroep of gelukkige huwelik? 33

3.2.3.2 *Bogadi* 34

- Die *bogadi*-gebruik van vandag 34
- Veranderinge in die *bogadi*-gebruik 34
  - *a.) Vorm van bogadi* 34
  - *b.) Bedrag van bogadi* 35
  - *c.) Opleiding as bepaler van die bedrag van bogadi* 35
  - *d.) Bogadi as "besigheid"* 36
- Houding ten opsigte van die *bogadi*-gebruik van vandag 36
- *Bogadi* as tradisie wat behoue moet bly 39
- Die verdeling van *bogadi* 39

3.2.3.3 Woon by die skoonouers 40

- Die tradisie van "woon by die skoonouers" 40
- Die doel van "woon by die skoonouers" 40

- ❖ Vandag se uitoefening van "woon by skoonouers" 41
- ❖ Die veranderde rol van die vrou in die "woon-by-skoonouers-gebruik" 42
- ❖ Die voor- en nadele van "woon by die skoonouers" 42

3.2.3.4 Verwagting van huweliksmaat 44

- ❖ Algemene verwagting van die huweliksmaat 44
- ❖ Die huweliksmaat se vermoë om in behoeftes te voorsien 45
- ❖ Kommunikasie binne die huwelik 46
- ❖ Vennootskap binne die huwelik 47

**3.3 Huweliksprosedure** 47

3.3.1 Aanloop tot die huwelik 48

3.3.2 Die betaal van *bogadi* 49

3.3.3 Verlowing 50

3.3.4 Huwelikseremonie 50

3.3.5 Wittebrood 51

3.3.6 Verskille tussen swart en wit huwelike 52

3.3.7 Invloed van Westerse gebruik 52

**3.4 Ouderdom met huweliksluiting** 53

3.4.1 "Opleiding en beroep" as faktore wat die ouderdom van huweliksluiting beïnvloed 53

3.4.2 Redes vir die uitstel van die huwelik tot `n hoër ouderdom 53

3.4.3 Die uitstel van huweliksluiting as `n moderne verskynsel 54

**3.5 Saamwoon buite die huwelik** 55

3.5.1 Die omvang van die saamwoon-verskynsel 55

3.5.2 Redes vir die keuse van saamwoon bó die huwelik 56

3.5.3 Saamwoon as `n moderne verskynsel 57

**4. BESPREKING** 57

**5. GEVOLGTREKKING** 61

**6. BIBLIOGRAFIE** 63

## ARTIKEL 2


1. INLEIDING, RASIONAAL EN METODE 67

2. BEGRIPSOMSKRYWING 69

2.1 Kultuur 69

2.2 Kongruent 69

2.3 Huweliksvoorligting vs huweliksvoorbereiding 69

2.4 Kultuurkongruente huweliksvoorbereiding 72

3. DIE BELANGRIKHEID VAN HUWELIKSVOORBEREIDING 72

4. HUWELIKSVOORBEREIDING IN TRANSKULTURELE SITUASIE 76

5. TEMAS VIR `N KULTUURKONGRUENTE HUWELIKS-VOORBEREIDINGSPROGRAM 78

Tema 1: Egskeiding 80

Tema 2: Redes vir huweliksluiting 82

Tema 3: Selfkennis en kennis van jou huweliksmaat 85

Tema 4: Ouderdom van huweliksluiting 88

Tema 5: *Bogadi* 91

Tema 6: Skoonouers 93

Tema 7: Vrouemishandeling 95

Tema 8: Kommunikasie binne die huwelik 96

Tema 9: Seksualiteit 99

Tema 10: Die man se perspektief van die huwelik 101

Tema 11: Tradisionele Tswana-vrou vs moderne Tswana-vrou 105

6. BESPREKING 109

7. GEVOLGTREKKING 111

8. AANBEVELINGS 111

9. BIBLIOGRAFIE 114


## AFDELING C

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS


1. SAMEVATTING 118

2. GEVOLGTREKKINGS 118

2.1 Gevolgtrekkings rakende doelwitte 118

2.1.1 Gevolgtrekkings rakende doelwit 1: "Om deur middel van `n empiriese ondersoek en literatuurkontrole `n vergelyking te tref tussen die posisie wat die Tswana-vrou in die verlede in die tradisionele swart huwelik beklee het teenoor die posisie wat sy vandag in die moderne huwelik beklee." 118

2.1.2 Gevolgtrekkings rakende doelwit 2: "Om deur middel van`n empiriese ondersoek en literatuurkontrole vas te stel wat die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou tans is." 120

2.1.3 Gevolgtrekking rakende doelwit 3: "Om riglyne neer te lê vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou." 122

**2.2 Addisionele gevolgtrekkings** 125

**2.3 Gevolgtrekkings rakende basiese teoretiese stelling** 126

**2.4 Gevolgtrekking rakende die doelstelling van die ondersoek** 127

**3. AANBEVELINGS** 127

**3.1 Aanbevelings aan die maatskaplike werk-praktyk** 127

**3.2 Aanbevelings aan die regering** 128

**3.3 Aanbevelings vir verdere studie** 129

**4. SLOTSOM** 130

**BIBLIOGRAFIE** 131

**BYLAAG A**

**ONDERHOUDSKEDULE** 138

# OPSOMMING

Sleutelterme: Tswana, Afrika, swart, huwelik, gesin, vrou, rol, perspektief, houding, kultuur.

Die oogmerk van hierdie ondersoek was om die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou te ondersoek en te beskryf ten einde riglyne neer te lê vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan hierdie vroue. Die motivering vir die keuse van die onderwerp was onder meer die groot gebrek aan inheemse kennis ten opsigte van maatskaplike hulpverlening aan swart kulture in Suid-Afrika, wat dit vir Westerse maatskaplike werkers moeilik maak om kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsdienste te lewer.

Die belangrikste resultate van die empiriese ondersoek dui op die volgende:

Die ongetroude volwasse Tswana-vrou ervaar vandag in `n groot mate verwarring ten opsigte van haar perspektief op die huwelik. Dit het geblyk dat die dominante uitgangspunt ten gunste van die huwelik is, maar dat deelnemers, as gevolg van sekere “onaangename” verskynsels binne die Tswana-huwelik, bereid is om eerder huweliksluiting te vermy. `n Aantal verskynsels is geïdentifiseer wat blyk `n invloed op die ongetroude volwasse Tswana-vrou se huweliksperspektief te hê, naamlik egskeiding, die *bogadi*-gebruik, die woon-by-skoonouers-gebruik en die Tswana-vrou se verwagting van `n huweliksmaat.

Die navorser het 16 temas uit die navorsingsresultate geïdentifiseer wat by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou ingesluit kan word ten einde dit meer kultuurkongruent te maak. Riglyne is verder kortliks neergelê vir moontlike sinvolle metodes en hulpmiddels wat by die aanbieding van sommige van dié temas gebruik kan word. Die voorgestelde temas sal ook in die aanbieding van `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou wat nog nie in `n verhouding betrokke is nie, toegepas kan word.

# SUMMARY

Key words: Tswana, African, black, marriage, marital, family, women, female, role, perspective, attitude, culture.

The objective of this study was to explore and describe the unmarried mature Tswana woman's marriage perspective in order to create guide-lines for marriage preparation to these women. The motivation for the choice of subject, was inter alia the huge lack of native knowledge of social aid to black cultures in South Africa, which makes it difficult for Western social workers to offer culture congruent marriage preparation services.

The results of the empirical study revealed the following:

The unmarried mature Tswana woman of today experiences confusion to a large extent regarding her perspective on marriage. It appeared that the dominant point of departure is in favour of marriage, but that participators are prepared to rather avoid marriage closure because of certain "unpleasant" phenomena in the Tswana marriage. A number of phenomena were identified that appeared to influence the unmarried mature Tswana woman's marriage perspective, namely divorce, the *bogadi* custom, the stay-at-inlaws-custom and the Tswana woman's expectation of a spouse.

The researcher identified 16 themes from the resource results that can be included in a marriage preparation programme to the unmarried mature Tswana woman, in order to increase it's culture congruency. Guide-lines for potential significant methods and resources that can be used in the presentation of some of the themes also were proposed briefly. It will also be possible to apply these proposed themes in the presentation of a marriage preparation programme to the unmarried mature Tswana woman, who is not yet involved in a relationship.

# VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies om aan die graad M.A. (Maatskaplike werk) te voldoen. Die manuskrip is voorberei volgens *Social Work/Maatskaplike Werk* se voorskrifte aan outeurs.

# SOCIAL WORK

# MAATSKAPLIKE WERK

'N VAKTYDSKRIF VIR DIE
MAATSKAPLIKE WERKER

A PROFESSIONAL JOURNAL
FOR THE SOCIAL WORKER

JUNIE JAARGANG 34 NO 2
JUNE VOLUME 34 NO 2
1998

## INSTRUCTIONS TO AUTHORS/VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

The Journal publishes articles, short communications, book reviews and commentary on articles already published from any field of social work. Contributions relevant to social work from other disciplines will also be considered. Contributions may be written in English or Afrikaans. All contributions will be critically reviewed by at least two referees on whose advice contributions will be accepted or rejected by the editorial committee. All refereeing is strictly confidential. Manuscripts may be returned to the authors if extensive revision is required or if the style or presentation does not conform to the Journal practice. Commentary on articles already published in the Journal must be submitted with appropriate captions, the name(s) and address(es) of the author(s) and preferably not exceed 5 pages. The whole manuscript plus one clear copy as well as a diskette with all the text, preferably in MS Windows (Word or WordPerfect) or ASCII must be submitted. Manuscripts must be typed double spaced on one side of A4 paper only. Use the Harvard system for references. Short references in the text: When word-for-word quotations, facts or arguments from other sources are cited, the surname(s) of the author(s), year of publication and page number(s) must appear in parenthesis in the text, e.g. "..." (Berger 1967:12). More details about sources referred to in the text should appear at the end of the manuscript under the caption "References". The sources must be arranged alphabetically according to the surnames of the authors. Note the use of capitals en punctuation marks in the following examples.

Die Tydskrif publiseer artikels, kort mededelings, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die maatskaplike werk asook relevante bydraes uit ander dissiplines. Bydraes mag op Afrikaans of Engels geskryf word. Artikels op Afrikaans moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van ongeveer *200* woorde. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na die outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Kommentaar op artikels wat in die Tydskrif gepubliseer is, moet van toepaslike titels, die naam(name) en adres(se) van die outeur(s) voorsien wees en verkieslik nie langer as 5 bladsye wees nie. 'n Disket met die hele teks, verkieslik in MS Windows (Word of WordPerfect) of ASCII moet die hele manuskrip en een duidelike kopie daarvan vergesel. Manuskripte moet slegs op een kant van die bladsy in dubbelspasiëring getik word. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne gesiteer word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie, en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, bv. "..." (Berger 1967:12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn. Let op die gebruik van hoofletters en leestekens by die volgende voorbeelde.

TWO AUTHORS/TWEE OUTEURS: SHEAFOR, BW & JENKINS, LE 1982. **Quality field instruction in social work.** Program Development and Maintenance. New York: Longman.

COLLECTION/BUNDEL ARTIKELS: MIDDLEMAN, RR & RHODES, GB (eds) 1985. **Competent supervision, making imaginative judgements**. New Jersey: Prentice-Hall.

ARTICLE IN COLLECTION/ARTIKEL IN BUNDEL: DURKHEIM, E 1977. On education and society. **In:** KARARABEL, J & HALSEY, AH (eds) **Power and ideology in education**. New York: Oxford University Press.

JOURNAL ARTICLE/ARTIKEL IN TYDSKRIF: BERNSTEIN, A 1991. Social work and a new South Africa: Can social workers meet the challenge? **Social Work/Maatskaplike Werk,** 27(3/4):222-231.

THESIS/TESIS: EHLERS, DMM 1987. Die gebruik van statistiese tegnieke vir die ontleding van gegewens in maatskaplikewerk-navorsing. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M tesis)

MINISTRY FOR WELFARE AND POPULATION DEVELOPMENT 1995. Draft White Paper for Social Welfare. **Government Gazette,** Vol. 368, No. 16943 (2 February). Pretoria: Government Printer.

NEWSPAPER REPORT/KOERANTBERIG: MBEKI, T 1998. Fiddling while the AIDS crisis gets out of control. **Sunday Times**, 8 March, 18.

# AFDELING A

## INLEIDING

# 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Hierdie ondersoek het die ongetroude volwasse Tswana-sprekende vrou se perspektief op die huwelik ondersoek. Daar is onder andere stilgestaan by die posisie wat die vrou vandag binne die huwelik beklee en meer spesifiek vanuit die oogpunt van die jong ongetroude volwasse Tswana-vrou.

Maatskaplike werkers in Suid-Afrika, soos in baie ander Westerse lande, word daagliks in hul werk gekonfronteer deur hoë egskeidingsyfers, buite-egtelike verhoudings, geweld binne die huwelik, ongewenste swangerskappe en gesinsmoorde (Wessels, 1996:109). Maatskaplike werkers kan in `n groot mate `n rol speel by die voorkoming van bogenoemde probleme binne die huwelik deur voorbereidings- en verrykingsprogramme aan te bied. Die doeltreffende aanwending van sulke programme sal die persoon-gesentreerde uitgangspunt van die Witskrif vir Maatskaplike Werk direk ondersteun: *"Positive developmental experiences, support and capacity building should be ensured through regular developmental assessment and programmes which strengthen the ... woman's development over time."* (SA, 1999:10.)

Die vraag na huweliksberading het skerp toegeneem, veral onder swart kliënte (volgens FAMSA-Potchefstroom, Jaarverslag 2001). Veral twee verskynsels uit die praktyk was opvallend:

- Dit is meestal swart vroue wat vir hulp aanmeld;
- Jong swart vroue beleef interne konflik rakende die huwelik en verkies dikwels om die huweliksbevestiging uit te stel. Tog word kinders dikwels uit voorhuwelikse verhoudings gebore.

Maatskaplike werk gaan van die standpunt uit dat die welstand van kinders op die gesonde funksionering van gesinne berus. Die gesin is die grondslag van die gemeenskap. `n Gesonde samelewing is dus afhanklik van `n gesonde

gesin en die huwelik is die onderbou waarop so `n gesin berus (Wessels 1996:109).

Die groot gebrek aan inheemse kennis ten opsigte van maatskaplike hulpverlening aan swart kulture in Suid-Afrika maak dit vir die Westerse maatskaplike werker moeilik om kultuurkongruente huweliksvoorbereidings-dienste te lewer. Du Preez & Van Niekerk (1988:154-155) het in `n bestudering van `n kursus in huweliksvoorbereiding en -berading tot die gevolgtrekking gekom dat die eiesoortige problematiek van swartmense wat `n hoë graad van verwesterliking bereik het, nie aandag in die teoretiese agtergrond van huweliksvoorbereiding en -berading geniet nie. Daar kan gesê word dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou ook by hierdie "agterweë gelate" groep ingereken kan word. Maatskaplike werkers se kennis ten opsigte van die gesinslewe en huwelik is grootliks gebaseer op Westerse bronne en is nie volkome van toepassing op die swart kultuur nie (Kimathi, 1994:7). Sikhitha (1996:61) stel dit dan ook tereg dat die literatuur in Suid-Afrika rakende transkulturele werk steeds onvolkome ontwikkeld is.

Dit is dan juis die primêre beginsel waarop hierdie ondersoek berus, naamlik die uitbreiding van inheemse kennis ten opsigte van maatskaplike hulpverlening aan `n swart kultuur in Suid-Afrika en meer spesifiek ten opsigte van huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

Mashishi (2000:82) stel die posisie wat die vrou in die verlede in die tradisionele swart huwelik beklee het, soos volg:

> *Until recently, women were considered first the properties of their fathers and after marriage, the objects of their husbands. Husbands could defile their property, let it run down, get rid of it, or take care of it. However they treated it, their decision was theirs, and theirs alone.*

Twee betekenisvolle gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika het dié rol van die vrou egter aansienlik verander, naamlik verstedeliking (Steyn,

1999:58) en die instel van gelyke regte tussen mans en vroue (Levitz, 1995:25). Vergelyk ook artikel 9(1-5) van die Grondwet (1996) ten opsigte van laasgenoemde. Volgens hierdie artikel is die reg op gelykheid nie-aantasbaar met betrekking tot onbillike diskriminasie op grond van ras, kleur, etniese of sosiale herkoms, *geslag*, godsdiens of taal. Van der Vliet (1991:221) maak in haar artikel, "Traditional husbands, modern wives?", die volgende opmerking ten opsigte van bogenoemde ommeswaai in die rol, status en reg van die vrou: *"Times have changed, I am also a breadwinner, I am also an educated somebody ..."*

Die vraag het egter ontstaan of bogenoemde verwikkelinge wel só `n groot voordeel en/of verandering vir die vrou en dan meer spesifiek vir die Tswana-vrou ingehou het. Levitz (1995:25) maak byvoorbeeld die volgende stelling, wat die stel van dié vraag regverdig:

> *...the challenge facing women now is to bring these constitutional rights in line with how women currently live in SA, knowing full well that the position of black women is dismal, to say the least.*

Die hedendaagse swart vrou is nie meer bereid om haar waarde ooreenkomstig haar voortplantingsvermoë te laat bepaal nie. Waar die swart vrou se verwagtings van die huwelik nou dikwels Westers-georiënteerd is, is ook haar emosionele en persoonlike behoeftes in pas met dié van `n moderne Westerse vrou en maak sy op haar man staat om hierin te voorsien (Steyn, 1999:59). Die Tswana-vrou het vandag selfs die geleentheid om self te besluit of sy in die huwelik wil tree, al dan nie - `n besluit wat in die verlede dikwels deur "onderhandeling" tussen die skoonfamilies bepaal is en waarin die bruid min sê gehad het. Mashishi (2000:86) maak die volgende opmerking wat bogenoemde stelling weer in `n mate weerlê: *"The choice of not getting married seldom presents itself to young women because the ideology of marriage is so pervasive in many societies."* Bogenoemde teenstrydigheid skep `n onmiskenbare potensiële bron vir interne konflik by die jong Tswana-vrou ten opsigte van haar moderne strewe enersyds en

tradisionele verwagtings andersyds. In Van der Vliet (1991:229) se studie het sy egter gevind dat dit oor die algemeen die man is wat poog om tradisies te onderhou, terwyl die vrou hoofsaaklik meer na die moderne streef. Die vraag ontstaan vervolgens onwillekeurig of dit nie inderdaad die man is wat druk op die vrou plaas om steeds die tradisionele na te volg, sodat sy steeds onder sy beheer en in `n mate ondergeskik aan hom kan wees nie.

In Suid-Afrika is heelwat navorsing reeds oor die veranderde status van die swart vrou in die huwelik gedoen (Levitz, 1995; Mokgoro, 1993; Van der Vliet, 1991). Slegs een Suid-Afrikaanse bron kon egter gevind word oor die swart vrou se houding teenoor die huwelik. Hierdie studie is egter reeds in 1973 onderneem en wel uit die oogpunt van die swart vrou in die algemeen (Jansen van Rensburg, 1973). `n Internasionale soektog het `n soortgelyke studie opgelewer, maar vanuit `n Amerikaanse konteks (King, 1999). Dit wil dus voorkom of die betrokke onderwerp tans in ander lande aandag geniet, maar dat `n leemte steeds in Suid-Afrika ten opsigte daarvan bestaan. Die Tswana-vrou se persepsie van die huwelik is gevolglik byna geheel en al onbekend. Die tekort aan bronne ten opsigte van die betrokke onderwerp was op sigself `n groot motivering om met dié ondersoek voort te gaan.

Die spesifieke navorsingsvrae wat hierdie ondersoek gerig het, was die volgende:

1.) Watter posisie (of rol) het die Tswana-vrou in die verlede in die tradisionele swart huwelik beklee en hoe (indien wel) het dit verander?
2.) Wat is tans die ongetroude volwasse Tswana-vrou se persepsie van en houding teenoor die huwelik in die algemeen?
3.) Wat behoort gedek te word in huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, sodat dit kultuurkongruent is?

## 2. DOELSTELLINGS

### 2.1 Doelstelling

Om deur middel van `n maatskaplikewerk-ondersoek vas te stel wat die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief van die huwelik is, sodat dié uitbreiding van kennis die maatskaplike werker in staat sal stel om riglyne vir kultuurkongruente huweliksvoorligting te kan neerlê.

### 2.2 Doelwitte

2.2.1 Om deur middel van `n empiriese ondersoek en literatuurkontrole `n vergelyking te tref tussen die posisie wat die Tswana-vrou in die verlede in die tradisionele swart huwelik beklee het teenoor die posisie wat sy vandag in die moderne huwelik beklee.

2.2.2 Om deur middel van `n empiriese ondersoek en literatuurkontrole vas te stel wat die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou tans is.

2.2.3 Om riglyne neer te lê vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan die jong ongetroude volwasse Tswana-vrou.

## 3. BASIESE TEORETIESE STELLING

Kennis ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief van die huwelik sal die maatskaplike werker in staat stel om doeltreffender tot dié kliënt se leefwêreld toe te tree, wat kultuurkongruente huweliksvoorbereiding sal vergemaklik.

# 4. METODE VAN ONDERSOEK

## 4.1 Literatuur- of bronontleding

`n Literatuurstudie is dwarsdeur die hele ondersoek uitgevoer. As gevolg van die beperkte bronne ten opsigte van die betrokke onderwerp het die voornemende navorser haar literatuurstudie hoofsaaklik gerig op die "swart huwelik" in die algemeen, wat moontlik die Tswana-huwelik insluit, om net `n basis te vind waarop die betrokke ondersoek voortgebou kon word. Temas wat in die literatuurstudie gedek is, sluit onder andere die volgende in: Die tradisionele swart huwelik en die veranderde status van die vrou, die huwelik en die gesin, "Traditional husbands, modern wives" en huweliksvoorbereiding.

Na die voltooiing van die data-analise, is ook `n literatuurkontrole onderneem om die bevindinge in hierdie ondersoek te bevestig, unieke bevindinge in hierdie ondersoek te identifiseer, asook bevindinge in die literatuur wat nie in hierdie ondersoek na vore gekom het nie, uit te lig (Woods & Catanzaro, 1988:135).

[Databasisse geraadpleeg: RSAT; WinSPIR; Academic Search Premier; South Africa Government Online]

## 4.2 Empiriese ondersoek

### 4.2.1 <u>Ontwerp</u>

Die kwalitatiewe benadering is gevolg, aangesien slegs enkele gevalle of proefpersone bestudeer is en die navorser direk en persoonlik in interaksie met die deelnemers getree het (Strydom, 2000:74). Die ondersoek het binne die spesifieke konteks van die plaaslike ongetroude volwasse Tswana-vrou geskied, naamlik in Potchefstroom en Ikageng.

Die *verkennende navorsingsontwerp* is gebruik, aangesien baie min inligting ten opsigte van die betrokke onderwerp bestaan; dermate dat dit selfs moeilik

was om hipoteses daaroor te formuleer (Strydom, 2000:74). Verder is die *opname-prosedure* (Strydom, 2000:116) as navorsingsmetode gebruik, met die semi-gestruktureerde onderhoud as data-insamelingsinstrument.

Vanweë die verkennende aard van die betrokke ondersoek was die doel daarvan dan ook juis om nuwe hipoteses vir moontlike verdere ondersoeke te stel.

4.2.2 <u>Steekproef</u>

Die ondersoek is beperk tot Tswana-sprekende vroue tussen 17 en 35 jaar wat volgens hulle eie verklaring nog nooit getroud was nie. Hierdie deelnemers is verder in drie groepe verdeel om die betrokke navorsingsvrae vanuit drie verskillende lewensfases te kon bestudeer en te vergelyk ten einde tot `n meer geloofwaardige gevolgtrekking te kon kom. Die drie groepe het bestaan uit:

*1.) Graad 12 Tswana-meisies*

Daar is deur die koshuismoeder van een van die koshuise van `n Hoërskool in Potchefstroom gewerk om kontak met graad 12-meisies, wat aan al die betrokke kriteria vir hierdie ondersoek voldoen het, te bewerkstellig.

*2.) Studente Tswana-meisies*

Twee studentemeisies van die PU vir CHO, wat aan al die betrokke kriteria vir hierdie ondersoek voldoen het, het positief gereageer op `n uitnodiging om aan dié navorsing deel te neem. Van daar is die sneeubal-tegniek gevolg om nog deelnemers te bekom.

*3.) Vrywillige Tswana "care givers" van `n Welsynsorganisasie in Potchefstroom*

Daar is deur die direkteur van die Welsynsorganisasie gewerk om onderhoude met vrywillige "care givers" van die Welsynsorganisasie te reël, wat aan al die betrokke kriteria vir hierdie voldoen het.

Onderhoude is met `n totaal van 32 deelnemers gevoer, naamlik tien graad 12-meisies, twaalf studentemeisies en tien vrywiligers van die Welsynsorganisasie. Die onderhoude is oor `n tydperk van ongeveer `n maand (Mei, 2002) gevoer. Hierna het die navorser gemeen dat die vlak van dataversadiging ten opsigte van die betrokke onderwerp in al drie die groepe bereik is.

4.2.3 Meetinstrumente

Die semi-gestruktureerde onderhoud is as data-insamelingsinstrument gebruik. Die navorser het haar daarvan weerhou om leiding aan die respondent te gee, maar het die onderhoud tog spesifiek op die betrokke onderwerp gefokus (Strydom, 2000:121). Ter voorbereiding van die semi-gestruktureerde onderhoude is `n onderhoudskedule (Sien Bylaag A) ontwikkel, waarvan die kultuurkongruensie van elke vraag vooraf getoets is deur die onderhoudskedule in onderhoudvoering met drie Tswana-meisies, wat ook aan al die betrokke kriteria vir hierdie ondersoek voldoen het te gebruik, en te kyk hoe hulle daarop reageer.

Alle onderhoude is sonder onoorkomelike taal-struikelblokke in Engels gevoer en met toestemming van die deelnemers, op band opgeneem. Elke onderhoud wat op band opgeneem is, is vervolgens vir data-analise getranskribeer.

Die vertrouenswaardigheid van die resultate is verseker deur dataversadiging ten opsigte van die betrokke onderwerp in al drie die geselekteerde groepe te verkry.

4.2.4 Prosedure

- Skakeling met die betrokke organisasies in verband met hul betrokkenheid by die ondersoek
- Ontwikkeling van `n onderhoudskedule

- Toetsing van die kultuurkongruensie van die onderhoudskedule
- Voer van onderhoude
- Transkribering van bande
- Verwerking van data deur navorser en mede-kodeerder (onafhanklik van mekaar)
- Konsensusgesprek
- Skryf van navorsingsverslag
- Tegniese versorging van navorsingsverslag

4.2.5 Etiese aspekte ter sprake

Daar is gepoog om so ver moontlik te alle tye tydens die ondersoek eties korrek op te tree. Die volgende voorsorg is getref om die respondente se regte te beskerm:

1.) Die navorsingsdoelstellings, data-insamelingstegnieke en kwalifikasies van die navorser is duidelik aan die respondente uiteengesit ten einde misleiding te voorkom en ingeligte toestemming te verkry.
2.) Onderhoude is vertroulik en anoniem hanteer.
3.) Respondente is duidelik ingelig ten opsigte van die oudioband-opname van onderhoude; hulle moes toestemming daartoe verleen en kon op enige tydstip van plan verander of vra dat die onderhoud getermineer word (Schurink et al. , 1998:330).
4.) Die respondente se regte, belange en wense is eers in ag geneem voordat besluite geneem is rakende die bekendmaking van bevindings.

4.2.6 Data-analise

*Tesch* se benadering is by die ontleding van data gebruik (Poggenpoel, 1998:343). Die vertrouenswaardigheid van die data-analise lê daarin dat dit voldoen aan die volgende drie stratagieë van Guba (in Poggenpoel, 1998:350) vir die versekering van vertrouenswaardigheid, naamlik geloofwaardigheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid. Daar is verder van'n

mede-kodeerder gebruik gemaak om resultate te sekondeer. Na afloop van kodering deur beide die navorser en die mede-kodeerder, is `n konsensusgesprek gevoer.

## 5. BEGRIPSOMSKRYWING

Die skrywer omskryf vervolgens sekere belangrike begrippe soos vervat in die titel van die manuskrip, naamlik: huweliksperspektief, ongetroude en volwasse.

### 5.1 Huweliksperspektief

Die begrip "huwelik" word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2000:422) beskryf as: *"Wettige verbintenis tussen twee persone van teenoorgestelde geslag om lewenslank as man en vrou saam te leef".* Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (Vaktaalkomitee, 1995:27) vind aansluiting hierby deur die huwelik soos volg te omskryf: *"Kontrak gesluit tussen `n man en `n vrou, voor `n huweliksbeampte aangestel kragtens wetgewing, waarin hulle ooreenkom om as egpaar saam te leef.* Beide hierdie definisies beklemtoon die wetlike aspekte wat met die sluiting van die Westerse huwelik gepaard gaan. Dit is dan ook die huweliksvorm waarmee ons as Westerlinge in die algemeen bekend is. Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (Vaktaalkomitee, 1995) tref egter `n onderskeid tussen hierdie "wetlike huwelik" en twee ander huweliksvorme, naamlik *gemeenregtelike huwelik* en *gewoonteregtelike huwelik.* Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (Vaktaalkomitee, 1995:18,24) definieer hierdie twee huweliksvorme onderskeidelik soos volg: *"Gemeenregtelike huwelik is die verbintenis tussen `n man en `n vrou wat as egpaar saamleef sonder dat `n wetlike seremonie voltrek is",* en *"Gewoonteregtelike huwelik of gewoontehuwelik is die verbintenis tussen `n man en vrou wat nie ingevolge die siviele reg aangegaan is nie, maar volgens die tradisies en gebruike van `n bepaalde groep."*

Die Tswana-huwelik sal dus tipies onder laasgenoemde huweliksvorm ressorteer. Daar kon geen formele definisie vir die Tswana-huwelik in die literatuur gevind word nie, maar Shapera (1994:125) se beskrywing van die tradisionele Tswana-huwelik behoort vir die leser `n sinvolle prentjie ten opsigte daarvan te skilder: Volgens Shapera (1994:125) kon die tradisionele Tswana-huwelik alleenlik as regmatig geag word indien die kontrakterende partye aan sekere voorwaardes toegegee het. Afgesien van die feit dat die Tswana-huwelik tradisioneel deur die betrokke jongmense se ouers gereël moes word, sonder dat eersgenoemde enige sê daarin gehad het, was die hoof vereistes van die Tswana-huwelikskontrak:

a.) die wedersydse ooreenkoms tussen die twee betrokke families, soos gereflekteer in die formaliteite van die verlowing; en
b.) die oordrag van sekere vee, gewoonlik beeste (*bogadi*), van die bruidegom se familie aan dié van die bruid (Shapera, 1994:125).

Volgens die Tswana-wet is geen huwelik dus as volkome geag tensy *bogadi* deur die man se familie aan die vrou se familie oorhandig is nie (Labuschagne, 1991:548; Schapera, 1994:138). Alhoewel sommige Tswana-stamme steeds hierdie *gewoonteregtelike huwelik* beoefen, het aansienlike veranderinge in die Tswana-huwelik plaasgevind. Shapera (1994:125) skryf dit toe aan hoofsaaklik twee faktore, naamlik die bekendstelling aan die Westerse huwelik enersyds en die veranderinge ten opsigte van gebruike verwant aan die *bogadi*-oordrag andersyds. Labuschagne (1991:550) stel selfs dat die *bogadi*-ooreenkoms tans nie `n vereiste vir `n geldige *gemeenregtelike huwelik* is nie.

Die term "perspektief" word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2000:845) beskryf as: *"Die vermoë om dinge in hul verhouding en belangrikheid tot mekaar te sien"*. Die Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek (Vaktaalkomitee,1997:280) vind aansluiting hierby deur perspektief soos volg te omskryf: 1.) *"`n Standpunt oor `n saak, of wyse waarop `n saak benader kan word;* 2.) *"Die relatiewe belangrikheid van feite soos gesien vanuit `n spesifieke standpunt"*.

Hiervolgens impliseer die huweliksperspektief van die Tswana-vrou dus haar standpunt oor die huwelik, hetsy gewoonteregtelik, gemeenregtelik of regmatig, soos dit deur haar eie stam beoefen word, met al sy komponente, vereistes en spesifieke tradisionele gebruike en haar vermoë om dit alles in hul verhouding en belangrikheid tot mekaar te sien.

**5.2 Ongetroude**

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2000:775) omskryf die begrip ongetroud as: *"Ongehuud"*, terwyl hierdie woordeboek laasgenoemde begrip as: *"Nie getroud nie"* (HAT, 2000:773) definieer.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is met "ongetroud" deurlopend bedoel dat die Tswana-vrou volgens haar eie verklaring nog nooit regmatig, gemeenregtelik of volgens die Tswana-wet getroud was nie.

**5.3 Volwasse**

Die Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek (Vaktaalkomitee, 1997:405) omskryf "volwassenheid" as: *"Die ontwikkelingstadium wat strek vanaf die einde van adolessensie tot die dood. Die begin van die stadium is nie duidelik definieerbaar nie, omdat daar individuele en kulturele verskille is. Soms word die bereiking van liggaamlike volwassenheid (d.w.s. ongeveer 18 jaar vir die vroulike en 21 jaar vir die manlike geslag) as beginpunt geneem, en soms die bereiking van maatskaplike en veral ekonomiese selfstandigheid..."*.

Vir die doeleindes van hierdie artikel is liggaamlike volwassenheid, dit wil sê 18 jaar, dan ook as die kriterium vir volwassenheid van die deelnemers bedoel. Alhoewel van die deelnemers tydens die stadium van onderhoudvoering steeds 17 jaar oud was, sou dié deelnemers in die loop van die jaar 18-jarige ouderdom bereik het.

Die term "volwasse" word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2000:1313) soos volg gedefinieer: 1. *"Volgroeid; ryp; met volle wasdom; uitgegroei – van mense gesê".* 2. *"Geestelik ryp; verantwoordelik.*

Na aanleiding van bogenoemde definisie is dit duidelik dat `n volwasse persoon dan ook in staat behoort te wees om `n eie perspektief ten opsigte van `n sekere saak, soos die huwelik, te kan vorm en handhaaf. Tydens hierdie ondersoek was die navorser daarvan oortuig dat alle deelnemers aan hierdie gestelde kriteria voldoen het.

## 6. STRUKTUUR VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die *artikelformaat* is gebruik vir die skryf van die navorsingsverslag. Die navorsingsverslag is geskryf volgens die vereistes van een van die vaktydskrifte vir maatskaplike werk, getitel Social Work/Maatskaplike Werk. Vir die spesifieke doeleindes van hierdie navorsingsverslag is egter afgewyk van dié vereistes rakende die volgende:

- Daar is van numering gebruik gemaak.
- Die navorsingsverslag is in een en `n halwe spasiëring getik.
- Die navorsingsverslag is heelwat langer as die vereiste lengte. (Vir die doeleindes van voorlegging sal dit egter wel verkort word).

Die navorsingsverslag bestaan uit die volgende drie afdelings:

**AFDELING A :** Inleiding

**AFDELING B :** Artikels

*Artikel 1:*

Die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou

*Artikel 2:*

Riglyne vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou

**AFDELING C :** Gevolgtrekkings en aanbevelings

# AFDELING B

## ARTIKEL 1

EH Ryke en A Erasmus

# DIE HUWELIKSPERSPEKTIEF VAN DIE ONGETROUDE VOLWASSE TSWANA-VROU

*Me EH Ryke is `n dosent aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom; en me A Erasmus is `n Meesters-graad student aan dieselfde Universiteit*

**ABSTRACT**

*The objective of this article is to explore and describe the unmarried mature Tswana-woman's marriage perspective in order to create guide-lines for marriage preparation to these women. A qualitative, exploratory research study has been undertaken. Thirty two Tswana-women, who met all the set criteria, were included in the study by means of purposive sampling. In-depth exploration of the perspectives of the unmarried mature Tswana-women was done by utilising the semi-structured method of interviewing for the collection of data. Data were analysed by means of descriptive analysis as described by Tesch. A variety of factors were identified which influence the marriage perspective of the unmarried mature Tswana-woman.*

## 1. INLEIDING, RASIONAAL EN METODE

Die oogmerk van hierdie artikel is om die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou te beskryf ten einde riglyne neer te lê vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan hierdie vroue. `n Kwalitatiewe, verkennende (Strydom, 2000:74) ondersoek is onderneem. Twee en dertig Tswana-vroue, wat aan al die gestelde kriteria vir hierdie ondersoek voldoen het, is by die ondersoek ingesluit. Dié Tswana-vroue het bestaan uit 10 graad 12-meisies, 12 universiteit-studentemeisies en 10 vrywilligers van `n plaaslike

Welsynsorganisasie ten einde tot `n meer geloofwaardige gevolgtrekking te kon kom. Die kriteria vir insluiting was dat deelnemers *ongetroud* moes wees. Semi-gestruktureerde onderhoudvoering (Strydom, 2000:121) is as data-insamelingsinstrument gebruik terwyl *Tesch* se benadering (Poggenpoel, 1998:343) by die ontleding van data gebruik is. Daar is van `n mede-kodeerder gebruik gemaak om resultate te sekondeer. Na die voltooiing van data-analise, is `n literatuurkontrole ook onderneem (Woods & Catanzaro, 1988:135). `n Verskeidenheid faktore is geïdentifiseer wat moontlik `n invloed op die ongetroude volwasse Tswana-vrou se huweliksperspektief kan hê.

Vir die doeleindes van hierdie artikel, word hierdie faktore beskryf. Die riglyne vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan die jong ongetroude volwasse Tswana-vrou sal in `n opvolgartikel verskyn.

## 2. AGTERGROND

Die Tswana is een van die drie hoofindelings waaronder volkekundiges en taalkundiges gewoonlik die Sotho-groep van die Bantoe-sprekende mense van sentraal Suid-Afrika klassifiseer. Die ander indelings is onderskeidelik die "Suidelike Sotho" en die "Noordelike en Oostelike Sotho". Gevolglik word die Tswana dikwels dan ook die "Westelike Sotho" genoem (Shapera, 1971:9). Die Tswana se taal, *seTswana*, is ook baie na verwant aan *seSotho*. Dié twee tale is oor die algemeen in die meeste gebiede onderling verstaanbaar (1UpInfo, 1996).

Die Tswana-bevolking van Suid-Afrika is hoofsaaklik woonagtig in die gebied wat die veelvuldige segmente van die Tswana se eertydse vaderland, Bophuthatswana, gevorm het sowel as omliggende gebiede van die Noordwestelike Provinisie en die Noord-Kaap (1UpInfo, 1996). Volgens statistiek kom die grootste persentasie van die Tswana-bevolking dan ook in laasgenoemde twee provinsies voor (Government Communications, 2002). Dit wil verder voorkom of takke van die Tswana ook in die sentrale en westelike Vrystaat voorkom (Olivier, 2002). 1UpInfo (1996) noem egter dat

die Tswana vandag feitlik in die meeste landelike gebiede regoor Suid-Afrika gevind sal kan word. Laasgenoemde is waarskynlik 'n primêre uitvloeisel van verstedeliking.

Volgens Shapera (1994:4) kom agt hoof Tswana-stamme in Suid-Afrika voor. Hierdie stamme is egter onderverdeel in verskeie sub-stamme, aangesien ambisieuse of ontevrede bloedverwante van die hoofman soms van sy stam wegbreek en saam met sy volgelinge na 'n nuwe gebied trek om 'n onafhanklike stam te vorm. Met die bespreking van gebruike binne die Tswana-kultuur, byvoorbeeld die huweliksprosedure, is dit dan ook belangrik om te noem dat kleinere verskille in detail van stam tot stam en selfs binne dieselfde stam bestaan, maar dat die algemene prosedure fundamenteel dieselfde is (Shapera, 1994:130-131).

Vir die tradisionele Tswana-huwelik om as regmatig geag te kon word, moes die kontrakterende partye toegee aan sekere voorwaardes. Behalwe vir die feit dat die Tswana-huwelik tradisioneel deur die betrokke jongmense se ouers gereël moes word, sonder dat eersgenoemde enige sê daarin gehad het, was die hoof vereistes van die Tswana-huwelikskontrak:

c.) die wedersydse ooreenkoms tussen die twee betrokke families, soos gereflekteer in die formaliteite van die verlowing; en
d.) die oordrag van sekere vee, gewoonlik beeste (*bogadi*), van die bruidegom se familie aan dié van die bruid (Shapera, 1994:125).

In Tswana word die term "*bogadi*" gebruik om die oordrag van huweliksgoedere aan te dui (Shapera, 1994:125). Laasgenoemde staan egter by die meeste mense bekend as "lobola", met sy oorsprong eintlik in die Zoeloe-taal (Labuschagne, 1991:541), maar vir die doeleindes van hierdie artikel sal by die term "*bogadi*" volstaan word. Dit blyk dat *bogadi* tradisioneel 'n baie komplekse funksie in die Tswana-kultuur gehad het, wat gestrek het van die smee van 'n band tussen die twee betrokke families tot 'n ekonomiese funksie (Labuschagne, 1991:545-548).

Die onderdanige rol en status wat die Tswana-vrou in die huwelik beklee het, is nog `n onmiskenbare kenmerk van die tradisionele Tswana-huwelik. Volgens Mashishi (2000:82) was die swart vrou tot onlangs nog beskou as eerstens die *"besitting"* van haar vader, en na die huwelik, die *"objek"* van haar man. So kon mans hul *"besittings"* skend, dit laat uitloop, daarvan ontslae raak of daarvoor sorg. Hoe hulle dit ook behandel het, was dit hul besluit en hul besluit alleen. Laville (1999:151) stel verder dat die enigste mate van toegang tot mag en status wat die vrou gehad het, deur huweliksluiting en geboorteskenking verkry is. Die tradisionele swart huwelik was dus in die verlede primêr `n ekonomiese en voortplantingseenheid en die vrou was derhalwe as ekonomies voordelig beskou (Steyn, 1999:58).

Daar het egter aansienlike veranderinge in die Tswana-huwelik, sowel as die Tswana-vrou se rol en status binne die huwelik plaasgevind. Dit kan verduidelik word aan die hand van hoofsaaklik twee faktore, naamlik die bekendstelling aan die Westerse huwelik enersyds en die veranderinge ten opsigte van gebruike verwant aan die *bogadi*-oordrag andersyds (Shapera, 1971; Shapera, 1994:125).

So is die hedendaagse Tswana-vrou nie meer bereid om haar waarde ooreenkomstig haar voortplantingsvermoë te laat bepaal nie (Steyn, 1999:59). Haar verwagtings van die huwelik is nou dikwels Westers georiënteerd en haar emosionele en persoonlike behoeftes is ook in pas met dié van `n moderne Westerse vrou.

In Suid-Afrika bestaan baie onsekerheid oor die term "moderne", aangesien `n verskeidenheid uiteenlopende terme as sinoniem daarvoor gebruik work, naamlik "Christen", "wit", "Westerse", "stedelike", "beskaafde", "ingeligte" ensovoorts (Van der Vliet, 1991:220). Vir die doeleindes van hierdie artikel sal Rabin (1996:139) se beskouing van die moderne egter deurgaans bedoel word wanneer in die artikel van "moderne" gepraat word. Volgens Rabin word die moderne gekenmerk deur die vrou wat haar eie persoonlike outonomie ontwikkel het en dikwels `n vervullende beroep beklee. Die moderne vrou beskik verder oor meer mag as in tradisionele verhoudings. Sy het mag by

die werk, bring geld in, handhaaf openlik haar opinies en voel geregtig op vrye tyd, persoonlike strewe en selfbevordering. Rabin stel dat die moderne man ook dikwels sy manlike "macho"-rol verwerp en poog om minder dominerend en aggressief as sy vader en ander mans in sy persoonlike lewe te wees. Alhoewel bogenoemde vanuit `n Westerse perspektief geskryf is, kan na aanleiding van die betrokke ondersoek met vrymoedigheid gesê word dat dié beskouing van die "moderne", direk in ooreenstemming is met die betekenis wat die ongetroude volwasse hedendaagse Tswana-vrou daaraan heg.

## 3. RESULTATE

Die resultate van die semi-gestruktureerde onderhoude met die ongetroude volwasse Tswana-vroue word vervolgens kategoriaal bespreek. Hierdie bespreking sal ook `n literatuurkontrole insluit.

### 3.1 DIE ROL EN STATUS VAN DIE TSWANA-VROU IN DIE HUWELIK

#### 3.1.1 Die rol en status wat die Tswana-vrou in die tradisionele huwelik beklee het

Die deelnemers het baie klem gelê op die onderdanige rol en status wat die vrou in die verlede in die tradisionele Tswana-huwelik beklee het. Die volgende aanhaling illustreer `n deelnemer se beskrywing van dié posisie:

> *"Back then your women use to like get forced to stay at home ... their role was to cook, clean, make babies, look after the babies ...".*

Soos reeds vroeër in hierdie artikel opgemerk, bevestig verskeie skrywers (Laville, 1999:151; Steyn, 1999:58; Mashishi, 2000:82) hierdie onderdanige posisie wat die Tswana-vrou in die tradisionele huwelik beklee het.

### 3.1.2 Die rol en status wat die Tswana-vrou tans in die huwelik beklee

Al die deelnemers was dit egter eens dat die rol van die Tswana-vrou binne die huwelik drasties oor die jare verander het. Hulle het veral klem gelê op drie terreine waarin dié ommeswaai in die rol, status en reg van die Tswana-vrou duidelik sigbaar is, naamlik die vrou se nuutgevonde reg om te werk en te praat, en gelykheid ten opsigte van die man te beklee:

1.) Die hedendaagse Tswana-vrou het die geleentheid om ook `n beroep te beoefen:

*"... now women can work ... In the old days, the woman's place was in the kitchen staying home ...".*

2.) Die hedendaagse Tswana-vrou het die geleentheid om ook haar stem te laat hoor en aandag te gee aan die vervulling van haar eie behoeftes:

*"... because at first women were oppressed ... nowadays women speak loud and they have to do what's right for them and ... what's best for them. At the past women ... she didn't have to talk anything, even if she was hurt or what".*

*3.)* Die hedendaagse Tswana-vrou beklee ook in die huwelik `n baie meer gelyke rol ten opsigte van haar eggenoot:

*"... before women would be ... the servants ... Now it's like a 50/50 situation ... they help each other".*

Uit `n ondersoek van die literatuur is bevind dat veral twee betekenisvolle gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika dié rol van die vrou aansienlik verander het, naamlik verstedeliking (Steyn, 1999:58) en die instel van gelyke regte tussen mans en vroue (Levitz, 1995:25). Vergelyk ook artikel 9(1-5) van die Grondwet (1996) ten opsigte van laasgenoemde. Volgens hierdie artikel is die reg op gelykheid nie-aantasbaar met betrekking tot onbillike diskriminasie op grond van ras, kleur, etniese of sosiale herkoms, *geslag*, godsdiens of taal.

Verdere literatuurstudie laat egter weer die vraag ontstaan of bogenoemde verwikkelinge wel só `n groot voordeel en/of verandering vir die vrou, en dan meer spesifiek vir die Tswana-vrou, ingehou het. Levitz (1995:25) maak byvoorbeeld die volgende stelling ten opsigte van hierdie kwessie:

> *...the challenge facing women now is to bring these constitutional rights in line with how women currently live in SA, knowing full well that the position of black women is dismal, to say the least.*

Ook Van Zyl (1994:4) stel dat hoewel President Mandela meen dat vroue oor gelyke regte moet beskik, die omstandighede waarbinne vroue vandag funksioneer, steeds dieselfde bly. Hierdie teenstrydigheid in dit wat behoort te wees en dit wat werklik is, skep `n onmiskenbaar potensiële bron vir interne konflik by die jong Tswana-vrou ten opsigte van haar moderne strewe enersyds en tradisionele verwagtings andersyds. In Van der Vliet (1991:229) se studie het sy egter gevind dat dit oor die algemeen die man is wat poog om die tradisionele te behou, terwyl die vrou hoofsaaklik meer na die moderne streef. Die vraag ontstaan dus gevolglik onwillekeurig of dit nie inderdaad die man is wat druk op die vrou plaas om steeds die tradisionele na te volg, sodat sy steeds onder sy beheer en in `n mate ondergeskik aan hom kan wees nie. Soos later in hierdie artikel sal blyk, was daar in hierdie ondersoek egter aanduidings dat die Tswana-vrou self, sonder invloed van die man, wel in sekere gevalle verkies om steeds aan die tradisionele vas te kleef.

### 3.1.3 `n Balans tussen die Tswana-vrou se tradisionele en moderne rol

`n Balans tussen die vrou se nuutgevonde onafhanklikheid en haar tradisionele verpligtinge is deur deelnemers beklemtoon. Hierdie navorsingsresultaat was egter uniek van die graad 12-dogters. Volgens hulle kan die misbruik of wangebruik van haar nuutgevonde regte en alles wat daarmee gepaard gaan, op hul beurt weer nadelig vir die vrou, haar huwelik en haar hele gesin wees. Die deelnemers het van die standpunt uitgegaan dat die hedendaagse Tswana-vrou soms só vasgevang raak in haar beroep

dat sy haar huishoudelike take en gesin totaal verwaarloos. Die volgende aanhaling verduidelik hierdie uitgangspunt:

> *"... they are a wife, a mother, a business woman, all these things in one, or they're neglecting one of the roles that they have to play in their home. So I think that you find these kind of women that ... the two different types where one is able to be all these things in one and still be a good homemaker and the ones who's neglecting all these things that she has to ...".*

Van Zyl (1994:4-5) verduidelik die voorkoms van hierdie verskynsel aan die hand van die beroepsvrou se driedubbele rol; naamlik dié van huisvrou, moeder en loopbaanvrou. Volgens Van Zyl is dit nie altyd maklik om in aldrie bogenoemde te presteer nie, aangesien vroue ook maar net beperkte energie en tyd het. Dit is dan ook die rede waarom hulle wel, indien hulle werklike sukses in hul beroepe wil smaak, sekere opofferinge moet maak.

Deelnemers het egter ook die gebruik van steunstelsels deur Tswana-vroue wat die beroepswêreld betree, aangeraak. Dít blyk moontlik `n antwoord te wees op bogenoemde verskynsel, aangesien die Tswana-vrou dan van haar pligte kan afskuif op ander persone of instansies, wat vir haar meer tyd gee om aan haar beroep of met haar gesin te bestee, sonder dat sekere verantwoordelikhede nie nagekom word nie. So het die vrou van vandag die geleentheid om `n bediende in diens te neem om met huishoudelike take te help en word die opvoedings- en versorgingstaak van klein kinders grotendeels verskuif na kleuterskole, chrèches ensovoorts. Selfs die man word vandag gedwing om met huishoudelike takies te help, aangesien sy vrou nou die broodwinner-rol met hom deel. Die volgende aanhalings illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"A lot of women have helpers at home, have maids ...*
> *The men usually get home before the women and actually cook ...".*

> *"It's like Westernized, it's not back where you ... you don't have to take care of your children now, you have your own career. Children are looked after by nursery care or day centres whatever."*

Verskeie skrywers (Naude, 1998:14-15; Van Zyl, 1994:4-5; Van Zyl, 1996:21-23) bevestig die belangrikheid van die benutting van steunstelsels deur werkende vroue. Volgens Van Zyl (1994:4) behoort eggenote sowel as kinders byvoorbeeld opgevoed te word om die werkende moeder en vrou in `n groter mate by te staan. In Naude (1998:14) se artikel *"Strem gesinne loopbane?"* bied sy ook riglyne aan maatskappye om hul werksomgewing so te verander dat dit die rol van `n getroude vrou en moeder as beroepsvrou kan ondersteun.

Alhoewel dit uit hierdie ondersoek duidelik blyk dat die Tswana-vrou se posisie, rol en status in die moderne huwelik soveel van die tradisionele huwelik verander het, het dit ook uit die ondersoek geblyk dat `n aantal ongetroude volwasse Tswana-vroue van vandag teen die huwelik gekant is en verkies om eerder nie in die huwelik te tree nie. Vervolgens sal hulle perspektief hierop beskryf word.

## 3.2 HUWELIKSTATUS-VOORKEUR

### 3.2.1 Huwelikstatus-voorkeur

Die dominante uitganspunt was dat die deelnemers wel in die huwelik wil tree. In reaksie op die vraag: *"Do you want to get married some day?"*, het `n deelnemer byvoorbeeld soos volg geantwoord:

> *"Yes, in the future of course."*

`n Sekondêre uitgangspunt was egter weer dat deelnemers totaal teen die huwelik gekant is. Hierdie deelnemers het baie definitief gestel dat hulle nie in die huwelik wil tree nie, soos die volgende aanhaling illustreer:

*"No, I don't want the marriage!"*

Norment (1998:2) en Van der Vliet (1991:236) bevestig dat sommige swart vroue vandag verkies om nie in die huwelik te tree nie. Norment verklaar dit aan die hand van die vrou van vandag se besef dat sy nie getroud hoef te wees om `n vol lewe te lei nie, terwyl Van der Vliet dit aan die man se voorkeur vir `n tradisionele huwelikstyl toeskryf.

Dit het egter geblyk dat die huwelik volgens `n verdere uitganspunt tans glad nie `n prioriteit is nie. Dit het voorgekom of hierdie deelnemers op die oomblik glad nie eers die huwelik as `n opsie oorweeg nie. Die volgende aanhaling illustreer dié deelnemer se onverskilligheid teenoor huweliksluiting:

*"I won't say I want to get married. If I'm married, I'm married ... If I'm not married, I'm not. It's not something that cross my mind; I don't think of it."*

Dit was verder opmerklik uit die ondersoek dat bogenoemde resultate baie verskillend is vir die drie betrokke groepe, naamlik die graad 12-dogters, universiteitsmeisies en vrywilligers van die Welsynsorganisasie. Die rede vir hierdie verskil in resultate sluit die aanvanklik oorweegte faktore van *ouderdom* en *opvoedingspeil* uit, aangesien by nadere ondersoek bevind is dat in al drie die betrokke groepe deelnemers van dieselfde ouderdomsgroep voorgekom het. Verder blyk dit dat sommige vrywilligers van die Welsynsorganisasie ook reeds tersiêre opvoeleiding ondergaan het, wat hulle nie in `n laer opvoedingsklas as die ander twee groepe plaas nie.

Daar is vervolgens tot die gevolgtrekking gekom dat deelnemers se *lewensfase* moontlik die primêre invloed op hierdie verskille in resultate kan hê. So beweeg die graad 12-dogters en universiteitsmeisies in kringe waar

“troubare” mans steeds redelik algemeen voorkom, terwyl die vrywilligers van die Welsynsorganisasie reeds in die “wêreld daar buite” is, sonder die hulp van `n instansie wat meer moontlikhede vir die ongetroude vrou skep om `n lewensmaat te ontmoet.

South (1993:357-358) bevestig die voorkoms van die verskynsel deur die volgende aanhaling:

> *The failure to marry could result not only from one’s own unwillingness to marry, but from the inability to find someone of the opposite sex who is amenable to marriage.*

Verder het die meeste universiteitsmeisies, maar veral die graad 12-dogters, steeds `n baie idealistiese persepsie ten opsigte van die huwelik, terwyl die vrywilligers van die Welsynsorganisasie dikwels reeds die werklikheid ten opsigte van die huwelik in hul daaglikse bestaan waargeneem het en om die rede moontlik in `n groter mate as hul mede-deelnemers, teen die huwelik gekant is. Dit was byvoorbeeld vanuit die navorsingsresultate uniek van die vrywilligers van die Welsynsorganisasie dat hulle Tswana-mans beskou as *“abusive”, “not trustworthy”* en *“cheating on their wives”* en dat hulle ervaar dat dit moeilik is om `n man met goeie eienskappe te vind.

Alhoewel die navorser nie pertinent aan deelnemers gevra het hoe hulle die Tswana-man beskou nie, was dit opmerklik dat hulle ook nie uit hul eie baie daaroor gepraat het nie. Ná sommige deelnemers se pessimistiese beskrywing van die hedendaagse huwelik, soos verderaan sal blyk, sou `n mens verwag dat meer negatiewe aanhalings ten opsigte van die man behoort voor te kom, in die lig van bostaande aanhaling. Belangrike inligting kon verkry word indien die navorser wel hierdie vraag aan deelnemers gestel het. Dit is dus `n tipies betekenisvolle onderwerp wat verdere navorsing verg.

### 3.2.2 Houding ten opsigte van die huwelik

Al die deelnemers wat ten gunste van die huwelik was, se beskrywing van die huwelik het in `n groot mate met mekaar ooreengestem. Woorde soos *"love"*, *" sharing"*, *"commitment"*, *"caring"* ensovoorts is algemeen in hul beskrywing gebruik.

> *"OK, first it start actually with love, understanding, caring and you just have to understand each other and always be there for each other".*

Deelnemers wat ten gunste van die huwelik was, was selfs geneig om idealistiese beskrywings van die huwelik te gee. Sodanige beskrywings het veral onder die graad 12-meisies voorgekom; in `n mindere mate onder die studentemeisies en feitlik glad nie onder die vrywilligers van die Welsynsorganisasie nie. Die volgende aanhaling is `n voorbeeld van die idealistiese sketsing van die huwelik:

> *"Somebody that I've been dreaming of for a really long time ...".*

Die deelnemers wat teen die huwelik gekant was, het elk hul eie rede gehad waarom hulle nie in die huwelik wil tree nie, wat duidelik in die volgende beskrywings van die huwelik na vore kom:

> *"On my side I don't ... see myself being married, because of the rate of divorces nowadays ...".*

Die ongetroude volwasse Tswana-vrou se beskrywing van die huwelik kan as uniek aan hierdie ondersoek beskou word, aangesien geen literatuur hierdie navorsingsresultaat kon bevestig nie. Die deelnemers se beskrywing van die huwelik stem egter in `n groot mate ooreen met die Westerse beskouing van die huwelik. In die volgende aanhaling gebruik Lasswell en Lasswell

(1991:217) byvoorbeeld baie begrippe wat ook in deelnemers wat ten gunste van die huwelik was, se beskrywing van die huwelik na vore gekom het:

> *... Sharing love, companionship, decisions, goals and time together ... adopting to the inevitable changes while maintaining the stability necessary for commitment ... meeting individual needs as well as working toward mutual goals ...*

Die volgende aanhaling van Hendrick en Hendrick (1992:200) bevestig verder dat persone in die Westerse-kultuur net soos sommige deelnemers wat teen die huwelik gekant was, ook baie bewus van die egskeiding-kwessie is en dat dié kennis van die impak daarvan op die individu se lewe juis `n primêre rede is waarom sommige deelnemers "egskeiding" dan ook as rede voorgehou het om nie in die huwelik te tree nie:

> *Because of the frequency of divorce in society, you are very likely to have personal knowledge of divorce, either as children in a family in which the parents have been divorced or as relatives or friends of a divorcing couple ... you probably know firsthand the mixed feelings, the pain and loss, and the revitalization that may accompany divorce."*

Die algemene indruk wat egter tydens onderhoudvoering ontstaan het, is dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou van vandag in `n groot mate verwarring ten opsigte van haar perspektief op die huwelik ervaar. Uit die navorsingsresultate blyk dit dat `n aantal veranderlikes binne die huwelik tans voorkom, wat `n onaangename voorkoms daaraan gee. Dit wil dus voorkom of die ongetroude volwasse Tswana-vrou graag in die huwelik sal wil tree, maar dat sy terselfdertyd besef waaraan sy haar dan moontlik sal blootstel. Selfs deelnemers wat aan die begin van die onderhoud gretig ten gunste van die huwelik was, het met verloop van die onderhoud al meer negatief oor die huwelik begin praat en uiteindelik verklaar dat hulle eerder ook nie in die huwelik wil tree nie. Dit is dus duidelik dat die gedagte aan `n huwelik interne

konflik by hierdie vroue veroorsaak. Die volgende aanhaling van `n deelnemer is `n direkte bewys van hierdie verwarring:

> *"... I'm not really for marriages really ... I want to get married, but in these days I'm not really sure 'cause... I don't think that people take marriages serious these days".*

South (1993:357) som hierdie situasie doeltreffend op deur te stel dat nie almal wat begeer om te trou, verwag om te trou nie, en dat dié wat verwag om te trou steeds ernstige bedenkinge kan hê oor die wenslikheid van trou. Dit blyk dan ook van toepassing te wees op die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

### 3.2.3 Faktore wat `n invloed het op die keuse van huwelikstatus

Vervolgens sal kortliks stilgestaan word by `n aantal faktore wat tydens hierdie ondersoek geïdentifiseer is, wat die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief op die huwelik beïnvloed.

#### 3.2.3.1 <u>Egskeiding</u>

- **Die angswekkendheid van die hoë egskeidingsyfer**

Dit het herhaaldelik na vore gekom dat die hoë egskeiding syfer van vandag moontlik die primêre rede is waarom die ongetroude volwasse Tswana-vrou tans verwarring en selfs vrees ten opsigte van die huwelik beleef. Die volgende aanhaling deur een van die deelnemers illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"There's no marriage nowadays, so I don't want to hurt myself for a time to get married if...for a time then get divorced, I don't want to do that. Marriage just ends up in divorce ...".*

## ❖ Oorsake van egskeiding

Hieronder volg `n lys faktore wat deur die deelnemers geïdentifiseer is as moonlike oorsake van egskeiding:

- Té jonk in die huwelik tree
- Vir die verkeerde redes in die huwelik tree
- Ken jou huweliksmaat nie goed genoeg nie
- Persoonlikhede wat bots of wat ná die huwelik drasties verander
- Die misbruik of wangebruik van vroueregte
- Dit is te maklik om te skei
- Egpare is nie bereid om aan hul huwelike te werk nie
- Negatiewe of pessimistiese houdings ten opsigte van die huwelik
- Vrouemishandeling
- Gebrek aan kameraadskap
- Gebrek aan vertroue
- Gebrek aan kommunikasie
- Materialisme
- Afskeep van die man met die geboorte van kinders
- Inmenging van die skoonfamilie
- Ontrouheid binne die huwelik

## ❖ Ontrouheid binne die huwelik as `n oorsaak van egskeiding

*a.) <u>Die ontrouheidverskynsel binne die Tswana-huwelik</u>*

Deelnemers uit al drie die betrokke groepe, maar veral die vrywilligers van die Welsynsorganisasie, het klem gelê op laasgenoemde oorsaak van egskeiding wat deur hulle geïdentifiseer is, naamlik ontrouheid binne die huwelik. So lui die respons van een van die deelnemers:

> *"It (adultery) is one of the things that makes ... all the divorces."*

Schapera (1994:156) verduidelik dat die man en vrou volgens die Tswana-kultuur teoreties ná die huwelik getrou aan mekaar moet bly. Dit wil egter voorkom of dit in die praktyk nie altyd die geval is nie. Volgens Steyn (1999:58) gaan die swart man steeds voort met die "tradisionele" sanksionering van meervoudige seksuele verhoudings en beskou hy dit as sy reg om fisiese verbintenisse buite die huwelik te hê.

Alhoewel die navorser die vraag nie pertinent aan deelnemers gestel het nie, het dit uit die onderhoude geblyk dat die dominante mening was dat dit oor die algemeen meestal mans is wat ontrou aan hul eggenotes is. Al die deelnemers wat die onderwerp van "ontrouheid" aangeraak het, was dit eens dat die feit dat mans ontrou is, hulle baie ontstel. Gevoelens soos *"angry"*, *"confused"*, *"hurt"*, *"disgusted"* en *"discouraged"* het herhaaldelik na vore gekom, soos blyk uit die volgende aanhaling:

> *"It makes you feel small, confused and angry ... towards this lady and this man ...".*

Die vraag ontstaan vervolgens hoe "normaal" dit werklik vir jong ongetroude meisies is om reeds sulke sterk gevoelens ten opsigte van ontrouheid te ervaar – gevoelens wat mens verwag slegs by getroude vroue tuishoort, wat reeds eerstehands ontrouheid binne die huwelik beleef het. Dit wil dus voorkom of deelnemers ontrouheid binne die huwelik as `n daadwerklike "probleem" in die Tswana-kultuur beskou.

Wat hierdie verskynsel selfs moeiliker vir die Tswana-vrou in die tradisionele huwelik gemaak het, is die feit dat sy nie die reg gehad het om haar man bloot weens sy ontrouheid te verlaat nie. Volgens die Tswana-kultuur was sy slegs toegelaat om sodanig op te tree indien ontrouheid met ander vorme van verwaarlosing en mishandeling gepaard gegaan het (Schapera, 1994:157). Die verandering in vroueregte het egter `n definitiewe verandering in laasgenoemde teweeg gebring. Dit word bevestig deur die klem wat deelnemers hierbo op egskeiding plaas.

By nadere ondersoek wou dit egter voorkom of die ontrouheidsdaad as sodanig die ongetroude volwasse Tswana-vrou dikwels minder ontstel as die feit dat `n man deesdae gewoonlik sy eie vrou en kinders "afskeep" as hy `n buite-egtelike verhouding het. `n Aanhaling ter illustasie van hierdie navorsingsresultaat lui soos volg:

> *"... In the past, even if the husband was cheating, he will not show his wife that he's cheating, he'll always be there for her ... there for her and the children ...".*

Schapera (1994:156-157) ondersteun hierdie gevolgtrekking met die volgende aanhaling:

> *If the husband is unfaithful to his wife, she appears in general to be fairly complaisant about it, as long as he continues to look after her decently, sleeps with her regurly, and does not obviously favour his concubine ... But sometimes the wife is less accommodating, especially if her husband neglects her altogether, as so often tends to be the case.*

*b.)* *<u>Oorsake van ontrouheid binne die Tswana-huwelik</u>*

Deelnemers het veral klem gelê op vyf faktore wat deur hulle geïdentifiseer is as oorsake van ontrouheid binne die huwelik:

1.) Die man is tuis seksueel onbevredig:

*"... If you're not satisfied at home, then what are you suppose to do ...".*

2.) `n Gebrek aan kommunikasie wat lei tot die misverstand of onbewustheid van mekaar se behoeftes:

*"... a lack of communication in the relationship ... 'cause to communicate with some one, to know what I need or what I want, and I know the same about you, that will take us far."*

3.) Die man tree in die huwelik sonder dat hy sy eggenote werklik ken:

*"... but some men ... marry at early stage ... not even sure about what they are doing, so you may find that ... when time goes on, he just now see that that lady is no longer my type ...".*

4.) Die man se besef dat sy vrou niks aan sy ontrouheid kan doen nie:

*"... Sometimes those men they take advantage. He know that it's my wife so there's nothing that you can do ...".*

5.) Die vrou dra nie finansieel by tot die huishouding nie:

*"... because maybe his wife is not working, it's a housewife, so she doesn't have the money to bring it home, help her husband maybe to pay for a rent or something, so he's going to look for another ... woman who is having a well job ...".*

Bogenoemde aanhalings illustreer duidelik die teenstrydigheid in denke wat by deelnemers heers ten opsigte van hul strewe na eiewaarde en outonomie enersyds en hul minderwaardige uitgangspunt andersyds van: *"As my man ontevrede is met my of ons huwelik, het hy die reg om ontrou te wees".*

❖ **Enkellopendheid verkies bó die huwelik**

Volgens die deelnemers verkies die ongetroude volwasse Tswana-vrou vandag dan dikwels om eerder enkellopend te bly juis uit vrees vir een of meer van bogenoemde faktore wat binne die huwelik kan voorkom en tot egskeiding kan lei. Een van die deelnemers stel dit soos volg:

> *"...now there are a lot of people who wants to be single and independent women, because of the divorces ...".*

Westerse (Lasswell & Lasswell, 1991:126) sowel as swart (Kimathi,1994:72) skrywers bevestig dat `n toenemende aantal persone vandag verkies om enkellopend te bly. Volgens Kimathi (1994:72) was `n enkellopende swart persoon in die verlede beskou as `n "mislukking" en abnormaal indien hy/sy die huwelik en voortplanting vermy. Hy/sy was `n slegte voorbeeld wat vermy moes word. In die Westerse samelewing is weer dikwels gesê dat `n persoon enkellopend is, aangesien niemand met hom/haar wil trou nie (Lasswell & Lasswell, 1991:126). Om enkellopend te bly is egter `n keuse wat deesdae in albei bogenoemde kulture algemeen aanvaar word en nie meer soos vroeër aan `n stigma gekoppel word nie (Kimathi, 1994:72; Lasswell & Lasswell, 1991:126).

❖ **Egskeiding as moderne verskynsel**

Dit blyk verder dat egskeiding nie baie algemeen in die tradisionele Tswana-kultuur voorgekom het nie en dus `n redelik onbekende verskynsel vir die Tswana-vrou was. Die volgende aanhaling van een van die deelnemers illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"... because long ago there was no divorce, and for now divorce is like too many times ... before there were no... their parents will come and talk and talk and help for a marriage to stay long ... to protect the marriage...".*

Schapera (1994:159) bevestig bogenoemde en verduidelik dat hoewel verskeie huishoudelike rusies binne die tradisionele Tswana-huwelik voorgekom het, egskeidings glad nie algemeen was nie. Hy bevestig ook dat, indien daar wel probleme in die huwelik voorgekom het, die ouers van albei kante by die vrou se familie bymekaar gekom en gepoog het om vrede tussen die man en vrou te bewerkstellig.

### ❖ Suksesvolle beroep of gelukkige huwelik?

Uit die navorsingsresultate blyk dit dat die hoë egskeidingsyfer van vandag dan ook die primêre rede is waarom die dominante keuse `n suksesvolle beroep bo `n gelukkige huwelik was, in reaksie op die vraag: *"What is the most important thing for you personally: 1.) a successful career, or 2.) a happy marriage?"* Die dominante uitgangspunt was dat die huwelik van vandag feitlik sonder uitsondering in `n egskeiding eindig en dat die deelnemers *"iets wil hê om op terug te val"* (`n beroep) indien dit met hulle sou gebeur. Hierdie navorsingsresultaat is uit aanhalings soos die volgende afgelei:

> *"... I want to be independent. Ja, and then if I have to get married then, not being successful in career wise, what if that husband divorces me for another ... and then it's going to be a problem for me. That is why I say I care to be successful in my career".*

Selfs die sekondêre groep wat `n *"happy marriage"* in reaksie op bogenoemde vraag verkies het, was geneig om steeds `n suksesvolle beroep eerste te stel, soos blyk uit die volgende aanhaling:

> *"... first and far most my success as a business woman would come first ... and on the other hand, I wanna be a good wife and have a beautiful marriage ...".*

Die keuse van `n suksesvolle beroep bó `n gelukkige huwelik beklemtoon weer eens die interne konflik wat by die deelnemers bestaan ten opsigte van hul intense behoefte aan eiewaarde en outonomie enersyds en hul besef dat hulle moontlik nie op hul lewensmaats sal kan staatmaak om dié behoefte te bevredig nie, andersyds. Gevolglik beplan die deelnemers om vir hulle `n "agterdeur" oop te hou in `n poging om self hul eie waarde en outonomie te verseker.

### 3.2.3.2 <u>*Bogadi*</u>

❖ **Die *bogadi*-gebruik van vandag**

Volgens deelnemers moet `n man steeds, soos in die gebruik van die tradisionele Tswana-huwelik, *bogadi* aan sy toekomstige vrou se familie betaal voordat hy in die huwelik met haar mag tree. In die volgende aanhaling antwoord een van die deelnemers bevestigend op die vraag of Tswana-mans steeds *bogadi* moet betaal:

> *"Yes, men they have to pay lobola in our ... it's our culture".*

Shapera (1994:125-147) bevestig ook dat hierdie tradisionele Tswana-gebruik vandag steeds voortgesit word.

❖ **Veranderinge in die *bogadi*-gebruik**

Dit was egter duidelik dat die *bogadi*-gebruik aansienlike veranderinge ondergaan het ten opsigte van die tradisionele *bogadi*-gebruik. Die volgende veranderinge ten opsigte van dié Tswana-tradisie is deur die deelnemers geïdentifiseer:

*a.)* <u>*Vorm van bogadi*</u>

*Bogadi* het in die tradisionele Tswana-kultuur byna sonder uitsondering die vorm van beeste aangeneem. Alhoewel hierdie gebruik soms steeds nagevolg word, veral in landelike gebiede, word *bogadi* vandag feitlik sonder uitsondering in die vorm van *geld* betaal. Een van die deelnemers stel dit soos volg:

> *"Some people want cattle and money, but in my home, they usually take money ...".*

Labuschagne (1991:550) bevestig hierdie verandering in die *bogadi*-gebruik en stel dat *bogadi* tans, veral in stedelike gebiede, hoofsaaklik in die vorm van geld gegee word. Labuschagne se verklaring hiervoor is die feit dat beeste nie in stedelike gebiede aangehou mag word nie.

b.) *Bedrag van bogadi*

Dit het duidelik na vore gekom dat die bedrag of hoeveelheid wat in die verlede vir *bogadi* betaal is, aansienlike veranderinge ondergaan het. Een van die deelnemers stel dit soos volg:

> *"... the amount of lobola paid back then was very small ... but then nowadays it's very ... it's huge, it's ... the money is quite a lot ...".*

Die volgende aanhaling van Mvimbi (2000:120) bevestig dat groot bedrae geld tans vir *bogadi* betaal word: *"But these days lobola has become nothing more than a shocking display of greed and money-grabbing. Huge amounts of money change hands ...".*

*c.) Opleiding as bepaler van die bedrag van bogadi*

Dit wil voorkom of die primêre rede vir bogenoemde die veranderde status en hoër opleiding van die hedendaagse Tswana-vrou is. Een deelnemer stel dit soos volg:

> *"... let's say you're intelligent and you've got degrees ... then obviously you're gonna go on a higher price kind of thing."*

Mvimbi (2000:120) bevestig die feit dat opvoedkundige kwalifikasies `n belangrike rol by die *bogadi*-onderhandelinge speel.

*d.) Bogadi as "besigheid"*

Dit wil voorkom of *bogadi* vandag feitlik totaal gekommersialiseer is en dat dit grootliks `n besigheidstransaksie tussen die twee betrokke families is. Een van die deelnemers stel dit soos volg:

> *"At this days it looks more like a business than any other thing ...".*

Labuschagne (1991:550) bevestig die besigheid-voorkoms van die *bogadi*-gebruik van vandag, deur die stelling dat lobola tans *"`n oordrewe ekonomiese kleur"* aangeneem het.

❖ **Houding ten opsigte van die *bogadi*-gebruik van vandag**

Dit het duidelik na vore gekom dat deelnemers gemengde gevoelens ten opsigte van die *bogadi*-gebruik van vandag openbaar. Die dominante standpunt was dat deelnemers se aanstaande mans wel verkieslik vir hulle *bogadi* moet betaal. Die redes wat deelnemers vir dié geesdriftige antwoord aangevoer het, was egter grotendeels op die tradisionele doel van *bogadi*, soos hierbo uiteengesit, gebaseer. Die deelnemers het byvoorbeeld klem gelê op *bogadi* as dankbetuiging aan die vrou se familie, as bewys dat die man vir die vrou sal kan sorg en as inisieerder van `n vriendskapsverhouding tussen die twee betrokke families. Vervolgens `n voorbeeld van een van die aanhalings wat tot hierdie navorsingsresultaat gelei het:

> *"... If there is a man that wants to marry you, your parents should see that that man is capable or is able or is financially able ... to take care of their daughter, and it's a sign again for making friendship between the two families ...".*

Die feit dat die deelnemers tradisionele aspekte van die *bogadi*-gebruik as "voordele" daarvan genoem het, is `n bewys van hul verwarring ten opsigte van die tradisionele en die moderne. Deelnemers lê baie sterk klem op hul

moderne strewe, terwyl hulle hier egter laat blyk dat hulle tog steeds die tradisionele gebruik van *bogadi* wil aanhang.

Schapera (1994:139) raak egter `n voordeel aan wat die betaal van *bogadi* wel vandag vir deelnemers kan inhou, naamlik dat kinders wat uit `n huwelik gebore word, waar *bogadi* betaal is, sekere voorregte by die huis van hul moeder se familie het, waarop hulle andersins nie geregtig sou wees nie. Volgens Schapera (1994:138) beklee `n vrou wat met *bogadi* getroud is in die algemeen ook `n baie meer geëerde posisie in haar stam as `n vrou wat nie só getroud is nie.

`n Sekondêre groep deelnemers was weer baie sterk teen die betaal van *bogadi* gekant. Hierdie deelnemers se redes vir die sterk afkeur van die *bogadi*-gebruik, is egter primêr op die geldaspek daarvan gebaseer. Deelnemers gaan van die standpunt uit dat die betaal van *bogadi* hulle laat voel asof hulle verkoop word en stel dat hulle buitendien meer werd is as al die geld in die wêreld. Hulle meen verder dat dit onregverdig vir die man is om alleen *bogadi* te betaal terwyl die vrou hom "gratis" kry – hulle is tog albei lief vir mekaar. Die volgende twee aanhalings illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"Because I feel like I've been sold ... Men think that when they pay lobola they buy you ...".*

> *"... the lobola is not even a quarter of the money that my parents spent to grew me up. And another thing is, that boy, also his parents grew him up and they use a certain money, so there's no need for him to pay so that he can get me. He can just get me if we love each other."*

Die klem wat die deelnemers hier op hul misnoeë ten opsigte van die geld-aspek van *bogadi* en die bedrag daarvan plaas, beklemtoon weer eens die interne konflik wat by hulle bestaan as gevolg van hul smagting na eiewaarde en outonomie enersyds en die onmiskenbare feit dat die *bogadi*-gebruik steeds

in `n mate "objekte" van hulle maak wat "gekoop" kan word, met `n "waarde" wat op akademiese kwalifikasies en status berus, andersyds.

Die deelnemers voel so sterk negatief oor die *bogadi*-gebruik, dat hulle selfs verklaar het dat hulle nie die betaal van *bogadi* op hul kinders sal afdwing nie. Een van die deelnemers het dit soos volg gestel:

> *"... if my child doesn't want it, I don't think she'd be forced into tradition ...".*

Schapera (1994:138) bevestig dat die *bogadi*-gebruik van vandag sekere nadele inhou en stel dat dit `n onmiskenbare feit is dat `n vrou wat met *bogadi* getroud is, in `n baie groter mate onder haar man se beheer staan as `n vrou wat nie só getroud is nie. Die grootste nadeel van die hedendaagse *bogadi*-gebruik is dan ook dat aanleiding kan gee tot misbruik en dat dit steeds die eiewaarde en outonomie van die vrou ondermyn. Laasgenoemde sal miskien, meer as enigiets anders, uiteindelik aanleiding gee tot die verdwyning van die *bogadi*-verskynsel (Labuschagne, 1991:553).

Volgens `n verdere uitgangspunt is die *bogadi*-verskynsel egter glad nie `n groot kwessie nie. Hierdie deelnemers staan totaal apaties daarteenoor en dit wou selfs voorkom of hulle nie omgee of *bogadi* enigsins vir hulle betaal word al dan nie. Die volgende aanhaling toon duidelik die onverskilligheid van een van hierdie deelnemers ten opsigte van die betaal van *bogadi*:

> *"Lobola to me, it's no big deal. If they pay lobola for me ... if they don't, it's fine ...".*

Daar kan afgelei word dat baie deelnemers graag eerder sal wil strewe na dit wat Labuschagne (1991:551) in die volgende aanhaling stel: *"Die huwelikstabiliteit wat die lewering van lobola vroeër bewerkstellig het, word nou veel eerder geskep deur wedersydse liefde en respek"*, soos een van die deelnemers dit dan ook treffend stel:

*"... money can't buy love or marriage."*

❖ ***Bogadi* as tradisie wat behoue moet bly**

Tydens die bespreking van *bogadi* het die woord "tradisie" algemeen onder deelnemers na vore gekom. Dit wil voorkom of tradisie baie belangrik is in die Tswana-kultuur en dat die "volbloed Tswana" alles in sy vermoë sal doen om tradisie in stand te hou. Een van die deelners het dit soos volg gestel:

> *"Because in the traditional things, I don't think ... should not be forgotten ...".*

Die volgende aanhaling van Makholwa (1997:111) beklemtoon dié feit: *"It is important that we do things in the traditional way because our culture is an important part of ourselves".* Baie swartes sien dan ook die *bogadi*-gebruik as `n Afrika-gewoonte wat hulle veral van die blankes onderskei en daarom moet dit behoue bly (Labuschagne, 1991:552). Volgens Makholwa (1997:111) is die jonger generasie egter geneig om sig te verloor ten opsigte van die kern betekenisvolheid van tradisies soos die *bogadi*-gebruik, maar hy stel dat dit voorwaar verblydend is dat sommige persone steeds in die behoefte glo om tradisie te onderhou.

❖ **Die verdeling van *bogadi***

Die deelnemers het verklaar dat dit "onregverdig" vir die man is om alleen *bogadi* te betaal en het voorgestel dat die totale bedrag van *bogadi* tussen die man en meisie verdeel moet word. `n Aanhaling ten opsigte van hierdie verband lui soos volg:

> *"... I think we'll have to go 50/50 with my boyfriend ... unlike him paying alone ...".*

### 3.2.3.3 Woon by die skoonouers

- **Die tradisie van "woon by die skoonouers"**

Dit wil voorkom of die jong bruid in die tradisionele Tswana-kultuur direk na huweliksluiting `n sekere tydperk lank saam met haar nuwe man by haar skoonouers aan huis moes gaan. Die volgende aanhaling stel hierdie tradisionele gebruik:

> *"Traditionally the couple has to stay at the ... the wife has to move in with the husband ... with the husband's parents after they get married ..."*

Schapera (1994:148) bevestig die uitoefening van hierdie gebruik in die Tswana-kultuur en verduidelik dat die jong egpaar by die man se ouerhuis in `n spesiale hut tuisgegaan het wat spesiaal vir hulle voorberei was. Hy stel verder dat die jong egpaar vir selfs so lank as `n paar jaar daar kon woon, wat in teenstelling is met die deelnemers se beskrywing van die tydperk: *"two weeks", "a few weeks" or "a month".* Schapera stel egter wel dat dié periode nie definitief vasgestel is nie. Die man kan sy eie huis opsit sodra hy dit verlang en sy ouers se toestemming ontvang (Schapera, 1994:148).

- **Die doel van "woon by die skoonouers"**

Dit blyk dat die aanvanklike doel van hierdie ooreenkoms was om op die huweliksaand vas te stel of die jong Tswana-vrou steeds `n maagd was op die aand van haar troudag. Een deelnemer het dié gebruik soos volg verduidelik:

> *"... There are things that have to be proven ... see that wife must be... have to be a virgin, so you stay in your in-laws to check if... are you really still a virgin".*

Tweedens wou die jong Tswana-vrou se skoonmoeder sien of sy `n goeie vrou vir haar seun sou wees en om dit aan haar te bewys, is verskeie take

aan die nuwe skoondogter opgedra. Aanhalings ter illustrasie van hierdie navorsingsresultaat lui soos volg:

> *"... you have to wake up early in the morning, sweep the floors outside the hut, ja, and do certain things and to cook for the mother-in-law and clean up the house. So many things".*

> *"... So that the mother-in-law should...should see that you are a hardworking somebody and she wants to get to know you and see if you are...you are fit for her son ..."*

Schapera (1994:149) bevestig hierdie gebruik en verduidelik dat die lot van die Tswana-vrou wat by haar man se huis gaan woon, uiters moeilik is, aangesien haar optrede noukeurig betrag sal word. Volgens Schapera word van haar verwag om nederig, eerbiedig en hardwerkend te wees en gevolglik die algemene "bediende" van die huishouding te wees.

❖ **Vandag se uitoefening van "woon by die skoonouers"**

Dit wou voorkom of sommige stamme van die Tswana-kultuur steeds hierdie tradisionele gebruik aanhang, maar dat dit vandag egter grotendeels uitgefaseer is. Een van die deelnemers het die situasie van vandag soos volg beskryf:

> *"Well, now they do it like white people and they just stay in their own house ...".*

Dit blyk verder dat dit vandag bloot 'n keuse is of die pasgetroude egpaar van hierdie tradisie gebruik wil maak al dan nie. Dit wil ook voorkom of die pasgetroude egpaar vandag oor die algemeen slegs na die huwelik by die man se ouers aan huis gaan indien hulle nie reeds 'n woning van hul eie het nie. Een van die deelnemers se woorde lui soos volg:

> *"... if you don't have a place to stay, you can stay there until you find yourself a place ...".*

Schapera (1994:149) verklaar dit aan die hand van die feit dat die Tswana-vrou se lot baie makliker is wanneer haar man sy eie huis oprig en sy die meesteres daarvan word. Volgens Schapera hanteer die meeste Tswana-vroue dit dan baie gemakliker om te vestig en boonop betreklik vriendelike verhoudings met hul mans se families te handhaaf.

❖ **Die veranderde rol van die vrou in die "woon-by-skoonouers-gebruik"**

Dit kan verder afgelei word dat die rol van die Tswana-vrou, wanneer die egpaar wel by haar skoonfamilie aan huis gaan, ook drastiese veranderinge ondergaan het. Een deelnemer stel hierdie veranderde status van die jong pasgetroude Tswana-vrou soos volg:

> *"No, you are my daughter-in-law, so you are my daughter. You're gonna do as my daughters do, you're not gonna wake up early in the morning. You wake up as you wish, do what as you wish, that's why we are here – to make you feel free and everything."*

Hierdie navorsingsresultaat word bevestig deur Schapera (1994:149) wat noem dat die jong Tswana-bruid vandag deur haar skoonouers as `n dogter geag word wat haar, indien nodig, sal ondersteun teen die optrede van haar man, terwyl sy op haar beurt hulle moet beskou as haar ouers wat sy dienooreenkomstig moet respekteer en eer.

❖ **Die voor- en nadele van "woon by die skoonouers"**

Ten spyte van die oënskynlik positiewe veranderinge in hierdie tradisionele gebruik in die Tswana-kultuur, was die dominante antwoord egter steeds `n baie definitiewe "*NO*" op die vraag: *"Will you go and live with your in-laws for a while?"* Hierdie deelnemers se redes vir dié sterk afkeur van die "woon-by-

skoonouers-gebruik" is primêr op haar intense behoefte aan waarde en outonomie gebaseer. Deelnemers het van die standpunt uitgegaan dat die vrou wat `n tydperk lank haar skoonouers aan huis moet gaan, dikwels soos `n slaaf behandel word en nie vry is om te doen wat sy wil nie. Hulle meen verder dat een huishouding nie deur twee vroue bestuur kan word nie, aangesien konflik in so `n situasie onvermydelik is. Deelnemers stel ook dat aangesien hulle eers op `n hoër ouderdom in die huwelik gaan tree, hulle teen daardie tyd waarskynlik reeds hul eie huise sal besit en gevolglik nie die doel daarvan insien om dan steeds na die huwelik by hul skoonouers te gaan woon nie. Die volgende aanhalings illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"... honestly, I'm gonna get married at a old age, so obviously I have my own money and ... I don't wanna be bossed around by some woman telling me what to do ... but I would like to move into my own house directly after we get married."*

> *"... 'cause sometimes they treat you bad, you know. They're like you are a wife, you have to do all these chores ... You have to do everything then. I mean, you are a normal person, you get tired ...".*

Dit wil voorkom of die deelnemers hulle egter so blind staar teen bogenoemde nadele dat hulle geneig is om sekere voordele wat hierdie saambly-ooreenkoms wel vir hulle kan inhou, mis te kyk. Deelnemers het indirek drie voordele genoem wat hierdie gebruik wel vir hulle kan inhou:

1.) Paartjies wat nog nie `n eie woning teen huweliksluiting het nie, kan tydelik by die man se ouers aan huis gaan, totdat hulle hul voete gevind het.

2.) Hierdie gebruik skep `n goeie geleentheid om `n verhouding tussen die bruid en haar skoonouers te vestig.

3.) Hierdie gebruik bied `n goeie leergeleentheid aan die bruid ten opsigte van haar man en skoonfamilie se gebruike, veral wanneer haar man van `n ander stam as sy afskomstig is.

Dit is opvallend dat die dominante uitgangspunt tydens onderhoudvoering ten gunste van die *bogadi*-gebruik was, maar dat die dominante uitgangspunt ook baie definitief téén die "woon-by-skoonouers-gebruik" is – terwyl albei hierdie gebruike tog deel van die Tswana-kultuur uitmaak. Deelnemers het juis by die bespreking van *bogadi* die belangrikheid van "tradisie" beklemtoon en gestel dat tradisie behoue moet bly, omdat dit deel van hul kultuur is. Dit wil dus voorkom of dit toe nie werklik bloot oor "tradisie" gaan nie, maar eerder oor die voor- of nadele wat die betrokke gebruik vir die Tswana-individu moontlik kan inhou. Die volgende aanhaling van Van der Vliet (1991:222) bevestig hierdie stelling: *"People who saw themselves as more traditional would use a modern piece when it suited them and vice versa".* Dit kan egter ook wees dat die deelnemers, in hul intense moderne strewe bereid is om steeds die *bogadi*-gebruik aan te hang, aangesien dit tans gekommersialiseer is en dus volkome in pas is met die moderne wat gepaard gaan met `n "gejaag na geld", terwyl daar steeds geen ooreenkoms gevind kan word tussen die moderne en die "woon-by-skoonouers-gebruik" nie. Hierdie verskynsel is `n goeie voorbeeld van die verwarring wat by deelnemers bestaan ten opsigte van hul moderne strewe enersyds en tradisionele verwagtings van hulleself, maar ook van die man andersyds.

### 3.2.3.4 Verwagting van huweliksmaat

#### ❖ Algemene verwagtings van die huweliksmaat

Dit het sterk na vore gekom dat die deelnemers baie spesifieke verwagtings ten opsigte van hul aanstaande huweliksmaats koester. Een deelnemer koester byvoorbeeld die volgende verwagtings:

*"I want a man with qualities that I want, and I want a man who loves me and I love him, and I want a happy marriage...".*

Norment (1998:1) bevestig hierdie verskynsel deur te stel dat die vroue van vandag hoër verwagtinge vir hul metgeselle en verhoudings koester. Volgens hom soek die hedendaagse vrou romanse, intimiteit, goeie seks ensovoorts. Sy soek `n man wat haar sielsgenoot, beste vriend, minnaar en vennoot kan wees. Dié man moet spitsvondig, veelsydig en konsidererend wees. Die vrou soek `n maat met wie sy ook al daardie ander struikelblokke saam kan oorkom.

❖ **Die huweliksmaat se vermoë om in behoeftes te voorsien**

Dit wou ook voorkom of die ongetroude Tswana-vrou van vandag baie meer bewus is van haar eie behoeftes binne die huwelik en sterk ingestel is op haar toekomstige huweliksmaat se vermoë om in hierdie behoeftes te voorsien. Die volgende aanhaling weerspieël hierdie navorsingsresultaat:

*"... you have to tell yourself that "I want this and I don't want this" and you have to sit down with your husband and tell him that I like this and this ... and I don't like this and this and this ..."*

Steyn (1999:59) verklaar hierdie verskynsel deur te verduidelik dat waar die swart vrou se verwagtings van die huwelik nou dikwels Westers georiënteerd is, haar emosionele en persoonlike behoeftes ook in pas is met dié van `n moderne Westerse vrou en maak sy op haar man staat om hierin te voorsien.

Die klem wat deelnemers lê op hul toekomstige huweliksmaats se vermoë om in hul behoeftes te voorsien, is `n aanduiding van `n gevoel van eie-waarde en outonomie wat hier deur deelnemers ervaar is. Dit is egter geheel en al in kontras met die onderdanige en minderwaardige selfkonsep van deelnemers wat op soveel ander plekke in hierdie artikel deurskemer. Met die bespreking

van die *bogadi*-gebruik vroeër in hierdie artikel, is daar byvoorbeeld uit woorde soos *"worth"*, *"sold"* en *"buy"* afgelei dat deelnemers hulleself steeds in `n mate as *"objekte"* beskou wat *"gekoop"* kan word. Hierdie teenstrydigheid in die denke van die deelnemers beklemtoon weer eens die interne konflik wat by hulle bestaan as gevolg van hul moderne strewe enersyds, wat gepaard gaan met `n intense behoefte aan eiewaarde en outonomie, teenoor hul tradisionele verwagtings andersyds.

❖ **Kommunikasie binne die huwelik**

Volgens deelnemers kan daar egter nie van hul huweliksmaats verwag word om in hul behoeftes te voorsien indien hulle nie eers weet wat daardie behoeftes is nie. Hulle het vervolgens die belangrikheid van kommunikasie binne die huwelik aangeraak, soos blyk uit die volgende aanhaling:

> *"... 'cause to communicate with some one, to know what I need or what I want, and I know the same about you, that will take us far."*

`n Literatuurondersoek het die belangrikheid van kommunikasie binne die huwelik bevestig. Effektiewe kommunikasie binne die huwelik stel paartjies in staat om mekaar se gevoelens en behoeftes te verstaan en om probleme saam op te los. Dit lei verder tot `n toename in deling, empatie en begrip, sodat `n samehorigheidsgevoel gevolglik by die paartjie ontstaan (Butler & Joyce, 1998:91; Sperry & Carlson, 1991:50).

Die deelnemers besef egter dat vrouens tradisioneel nie altyd toegang gehad het tot "kommunikasie binne die huwelik" as hulpmiddel vir die versterking van die huweliksverhouding nie. In die tradisionele Tswana-huwelik was die vrou geensins toegelaat om haar opinie oor `n saak te lug of met die maak van besluite te help nie. Dié voorreg was uitsluitlik deel van die man se rolbeskrywing. Die volgende aanhaling is ter illustrasie van die navorsingsresultaat:

*"... long time ago ... the last word of the husband, was the last word and he was the one making decisions and so forth, but now there is communication ... they decide together ... In the past the woman didn't have a say in the house ...".*

❖ **Vennootskap binne die huwelik**

Dit het verder geblyk dat die deelnemers nie meer bereid is om `n onderdanige posisie ten opsigte van hulle mans te beklee, soos die geval in die tradisionele swart huwelik was nie. In plaas daarvan verwag deelnemers om in `n 50/50 verhouding met hul mans te staan ten opsigte van beroep, die gesin sowel as huishoudelike take. Die volgende aanhaling illustreer hierdie navorsingsresultaat:

*"... they use this thing 50/50 ... if I'm doing the cooking, the man must clean the dishes."*

Norment (1998:1) stem saam dat die swart vrou van vandag `n maat soek wat haar vennoot kan wees en nie haar versorger nie. Sy soek `n huwelik wat `n vennootskap is, nie een waarin die man die enigste besluitnemer is en sy verwag word om bevele uit te voer nie.

Gevolglik kan gesê word dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou se verwagting van haar aanstaande huweliksmaat, haar keuse om in die huwelik te tree al dan nie, kan beïnvloed, aangesien dié hoë verwagtings die poel van "troubare" mans nóg meer vir haar inperk.

## 3.3 HUWELIKSPROSEDURE

Soos reeds vroeër in hierdie artikel genoem, is dit belangrik om met die beskrywing van die prosedure van die Tswana-huwelik eerstens te noem dat besonderhede van stam tot stam en selfs binne dieselfde stam baie verskil,

maar dat die algemene prosedure fundamenteel dieselfde is (Shapera, 1994:130-131). Die volgende beskrywing van die huweliksprosedure in die Tswana-kultuur is saamgestel soos dit uit die onderhoude na vore gekom het.

### 3.3.1 Aanloop tot die huwelik

Volgens die deelnemers is die aanloop tot die Tswana-huwelik die keuse van `n huweliksmaat. Die jong ongetroude Tswana-meisie kan vandag haar eie huweliksmaat kies, maar sy is bewus daarvan dat dit `n voorreg is wat die Tswana-vrou nie altyd gehad het nie. `n Aanhaling ter bevestiging van hierdie navorsingsresultaat lui soos volg:

> *"... Long ago it was planned and it was like you were forced and you were told ...".*

Shapera (1994:128) bevestig dat die huwelik in die ou dae altyd deur die betrokke jong mense se ouers gereël is. Volgens hom is eersgenoemde geensins geraadpleeg nie en eers nadat die nodige reëlings getref is, is hulle in kennis gestel. Die kinders was verplig om toe te gee aan die wense van hul ouers, en indien hulle sou weier om dit te doen, kon hulle gedwing word – indien nodig, deur straf. Shapera (1994:129) stel egter dat dit vandag steeds nie ongewoon vir ouers is om hul dogters in onwelkome huwelike in te dwing nie, maar dat sulke huwelike as gevolg van die toenemende onafhanklikheid van die jonger geslag ál minder voorkom. Uit die onderhoude word dit dan ook duidelik dat hierdie gebruik vandag volkome uitgefaseer is.

Wanneer `n jong Tswana-paartjie vandag besluit om in die huwelik te tree, stel elkeen sy of haar ouers bloot in kennis van hul besluit. Een van die deelnemers het dit soos volg gestel:

> *"... the girl and the boy ... I must tell my parents that there's some one who wants to marry me and the boy must do the same ...".*

### 3.3.2 Die betaal van *bogadi*

Dit word dan opgevolg deur die betaal van *bogadi*, wat gewoonlik met `n klein seremonie gepaard gaan. Die jong man se ouers gaan na die meisie se ouers om oor die bedrag van *bogadi* te onderhandel. Een van die deelnemers het hierdie gebruik soos volg verduidelik:

> *"... lobola is a small ceremony where the girl's uncle and parents and the guy's parents and uncle come together and negotiate on an amount. The girl's side has to decide on an amount that the guy will pay and ... people would gather around ... and drink beer and stuff".*

Hierdie "onderhandeling" waarvan deelnemers praat, staan in direkte teenstelling met die volgende aanhaling van Shapera (1994:140) ten opsigte van die *bogadi*-prosedure: "E*very family gives as much as it can afford or wishes. Nor is there any discussion beforehand between the two families as to the number to be given. There is none of that preliminary bargaining found ...".* Dit is waarskynlik `n voorbeeld van die verskil in gebruike tussen die verskillende Tswana-stamme, aangesien Schapera in sy aanhaling juis spesifiek van die Nguni-stamme van Suid-Oos Afrika praat.

Dit kan afgelei word dat die *"uncle"* of *"Malumni"* aan die man, maar veral aan die meisie se kant, `n baie belangrike rol tydens die totale *bogadi*-prosedure speel. Volgens die deelnemers se beskrywing van die *bogadi*-prosedure wou dit selfs voorkom of die totale bedrag van *bogadi* soms aan die *"uncle"* betaal word, soos blyk uit die volgende aanhaling:

> *"... so my uncle ask lobola from my husband ... he has to pay my uncle ...".*

Een van die deelnemers het `n moontlike rede vir hierdie verskynsel tydens onderhoudvoering aangeraak:

> *"... the uncles use to take care ... of the sister's daughters ... children. So you thank your uncle for taking care of me ... then ... the lobola is going to my mother's brother."*

### 3.3.3 Verlowing

Die dominante uitgangspunt was dat die jong paartjie na die onderhandeling en betaal van *bogadi* verloof raak. Uit die onderhoude wou dit voorkom of geen vasgestelde tydperk vir verlowing neergelê word nie en dat dié tydperk vandag grootliks van die paartjie se eie beplanning afhang. Soos een deelnemer dit stel:

> *"... Some people pay lobola lets say maybe this weekend and then the next weekend they get married. Some people maybe after a year or after two years; it depend on how you plan ...".*

Dit is weer eens in teenstelling met Schapera (1994:132) se stelling dat min verlowings korter as `n jaar duur en dat die meerderheid ten minste twee jaar duur, maar dit wil voorkom of hy nie die faktor van "eie beplanning" in berekening gebring het nie.

Volgens `n sekondêre uitgangspunt is egter weer beweer dat sommige Tswana-paartjies glad nie voor huweliksluiting verloof raak nie. Die volgende aanhaling illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"...they just pay lobola and then get married after that."*

### 3.3.4 Huwelikseremonie

Dit was duidelik dat die huwelikseremonie self vandag steeds `n baie groot gebeurtenis in die Tswana-kultuur is. Dit wil voorkom of dié seremonie oor die algemeen oor twee dae strek, waarna die jong bruid dan volgens die Tswana-gebruik by haar skoonouers aan huis gaan (in gevalle waar hierdie tradisie

steeds beoefen word). `n Aanhaling ter bevestiging van hierdie navorsingsresultaat lui soos volg:

> *"Then you have two weddings; one day at the girl's house, the next wedding at the guy's and then it's like, that time you say that you welcome the bride. So the bride goes ... to the guy's family and then sometimes stay there for a while with the family".*

Shapera (1994:137) bevestig bogenoemde en beskryf hierdie groot gebeurtenis in die Tswana-kultuur soos volg:

> *The wedding feast is an elaborate affair ... during which meat, beer, porridge, tea, and other foods are provided in abundance, specially rehearsed choirs of girls sing at both homes, and there is much general rejoicing ... On the first day the boy's people are entertained at the girl's home; on the second a feast is held at the boy's home ...*

### 3.3.5 Wittebrood

Vandag, soos vroeër reeds in hierdie artikel bevind is, is die gebruik om ná die huwelikseremonie vir `n tydperk by die man se ouers aan huis te gaan, basies volkome uitgefaseer. Uit die onderhoude wil dit voorkom of die pasgetroude Tswana-paartjie, soos in die Westerse gebruik, nou eerder verkies om direk na huweliksluiting op die wittebrood te gaan - `n verskynsel wat totaal onbekend was in die tradisionele Tswana-huwelik. Vervolgens `n aanhaling van een van die deelnemers se opmerkings in dié verband:

> *"... nowadays they don't even think about going to the in-laws and they even go to the honeymoons ... before they didn't even know anything about that thing."*

### 3.3.6 Verskille tussen swart en wit huwelike

Die deelnemers het `n aantal aspekte genoem wat volgens hulle betekenisvolle verskille tussen die Tswana en blanke huwelikseremonies is. Veral drie van die verskille het sterk na vore gekom:

1.) Die Tswana huwelikseremonie het nie administratiewe aspekte, byvoorbeeld die teken van `n huweliksregister, soos by die blanke huwelikseremonie nie.

2.) Die Tswana huwelikseremonie is `n langer prosedure met meer rituele wat gevolg word, as wat die geval is by blanke huwelikseremonies, en baie meer (selfs vreemde) gaste woon die Tswana huwelikseremonie by; nie slegs familie en vriende soos by blanke huwelikseremonies nie.

3.) In die Tswana-kultuur is die man en vrou se ouers nie so betrokke by die huwelikseremonie en die reël daarvan, soos by die blanke huwelikseremonie die geval is nie.

### 3.3.7 Invloed van Westerse gebruike

Dit was egter opmerklik dat die dominante uitgangspunt was dat die tradisionele Tswana-huwelikseremonies vandag meer Westers georiënteerd moet wees. Die volgende aanhaling is ter illustrasie van hierdie navorsingsresultaat aangebied:

> *"... we no longer want to practice our culture and then we'll turn to ... do like Westerns ... we want our weddings to be more modernized."*

Shapera (1994:139) bevestig dat die tradisionele gebruike soos die huwelikseremonie, sedert hulle blootstelling aan die Westerse beskawing, in die meeste Tswana-stamme aansienlik verander het.

## 3.4 OUDERDOM MET HUWELIKSLUITING

### 3.4.1 "Opleiding en beroep" as faktore wat die ouderdom van huweliksluiting beïnvloed

Al die deelnemers wat ten gunste van die huwelik is, het verklaar dat hulle egter eers op `n later stadium in hul lewe in die huwelik wil tree – in hul laat twintigs of selfs vroeë dertigs. Die deelnemers se primêre rede vir dié standpunt was byna deurlopend opleidings- en beroepsgerig. Dit was baie duidelik dat "onafhanklikheid" vir die deelnemers die hoogste prioriteit geniet. So lui die woorde van een van die deelnemers hieroor:

> *"About 28 ... because they want to be stable at their career, they want to study ... they want to be independent".*

Die volgende aanhaling uit South (1993:357-358) bevestig en verklaar die voorkoms van hierdie verskynsel.

> *Growing financial independence and increased educational opportunities, in conjunction with reduced childbearing responsibilities, have allowed women to delay, and sometimes eschew, the adoption of marital and familial roles.*

Dobson & Houseknecht (1998:1) het ook in hulle ondersoek aanduidings gekry dat tersiêre opleiding die ouderdom met `n eerste huweliksluiting vir swart sowel as wit vroue verhoog.

### 3.4.2 Redes vir die uitstel van die huwelik tot `n hoër ouderdom

Die deelnemers het ook `n hele aantal ander redes genoem vir hul keuse om huweliksluiting uit te stel tot `n hoër ouderdom. Hierdie redes is sonder uitsondering op deelnemers se strewe na waarde en outonomie gebaseer:

- wil eers studie voltooi
- wil stabiel wees in hul lewe asook hul werk
- wil onafhanklik wees
- wil eers alle doelstellings bereik wat hulle vir hulleself gestel het
- wil "iets" hê om op terug te val indien die huwelik nie suksesvol uitwerk nie
- wil eers volwasse wees, sodat hulle presies kan weet wat hulle uit die lewe wil hê
- wil eers hul lewens geniet saam met ander mans
- wil eers hul eie geld geniet
- wil eers hul eie huis, motor ensovoorts besit
- wil tyd neem om die perfekte maat vir die huwelik te soek
- mans van vandag kyk na baie eienskappe in `n vrou voordat hulle `n huweliksaanbod maak

### 3.4.3 Die uitstel van huweliksluiting as `n moderne verskynsel

Die verskynsel dat die Tswana-vrou van vandag verkies om op `n hoër ouderdom in die huwelik te tree, is eie aan die moderne samelewing en in direkte teenstelling met die tradisionele gebruik waar die Tswana-vrou dikwels op `n baie jong ouderdom in die huwelik moes tree. Een van die deelnemers stel die situasie in die verlede soos volg:

> *"... because what I know is this thing Christianity, they say sex before marriage is a sin. So older boys at the old days, has to get married because of they wanted to have sex, and then maybe ... he's girlfriend was a bit young.*

Shapera (1994:130) bevestig dat meisies tradisioneel dikwels op `n jong ouderdom in die huwelik moes tree, deur te verduidelik dat dit dikwels in die verlede gebeur het dat `n man `n meisie, wat steeds baie jonk was of selfs nog nie eers gebore was nie, as sy seun se vrou "bespreek" het.

Dit wil dan ook voorkom of deelnemers juis so sterk oor opleiding en onafhanklikheid voel, omdat hulle besef wat hul voorgangers se posisie binne die huwelik daarsonder was. Die volgende aanhaling illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"... Independent because they've seen what happened back in the day that your husband was cheating on you, it was just fine, you sit down and take it, because you got no education, no nothing. You just depend on him, you got married at the age of 17, you've got no education to work with, no one is going to hire you ...".*

Dit is dus duidelik dat die Tswana-vrou nie meer die beskikking oor haar lot aan die man wil oorlaat nie en dat sy nie vertroue daarin het om noodwendig `n lang tydperk geborge by hom te voel nie.

## 3.5 SAAMWOON BUITE DIE HUWELIK

Wanneer daar vandag oor die huwelik gepraat word, is die insluit van die term "saamwoon" by hierdie bespreking byna onvermydelik, aangesien dié verskynsel vandag dikwels deur talle mense as plaasvervanger vir, en selfs as `n verbetering op die huwelik beskou word (Hendrick & Hendrick, 1992:171; Landale, 1994:949).

### 3.5.1 Die omvang van die saamwoon-verskynsel

Die deelnemers het ook hierdie onderwerp aangeraak en dit het selfs geblyk dat dié deelnemers ook die saamwoon van paartjies buite die huwelik bó die huwelik sal verkies. Een van die deelnemers het dit soos volg gestel:

> *"... I mean if you love your partner and trust him and tell him all the things that you want to share, you can just stay together or something stead of getting married. Marriage is just a waste of time, money and ...".*

Verskeie outeurs (Singh, 1996:317, Hutchings *et al.*, 1992:121) het die toename in die voorkoms van dié verskynsel bevestig. Volgens Singh (1996:317) word die saamwoon van paartjies buite die huwelik vandag minder as in die verlede gestigmatiseer. Hy verduidelik verder dat dié verskynsel se toenemende sosiale aanvaarbaarheid en die afwesigheid van struktuur en formaliteit, dit toenemend populêr maak. Hutchings & Delport (1992:121) noem weer dat hoe meer paartjies verkies om bloot saam te woon, hoe makliker dit vir ander word om dié proses na te volg.

### 3.5.2 Redes vir die keuse van saamwoon bó die huwelik

Die deelnemers wat die onderwerp van *"cohabitation"* aangeraak het, het veral twee redes genoem vir hul standpunt dat die saamwoon van paartjies buite die huwelik moontlik beter is as die huwelik self:

1.) Deelnemers voel dat die huwelik sy betekenis verloor:

*"... I think it's loosing meaning, the whole point of marriage. That's why many people say it's better to stay with people, just to cohabit ...".*

2.) Deelnemers voel dat dit onnodig is om *bogadi* te betaal:

*"... Marriage is just a waste of time, money and ... it's unnecessary to take out the lobola and those stuff. I think it is unnecessary.*

Hutchings & Delport (1992:122) noem nog `n belangrike faktor in die hedendaagse neiging om eerder saam te woon as om in die huwelik te tree. Volgens dié skrywers word die huwelik dikwels geassosieer met manlike dominansie en word daar aanvaar dat die tradisionele huwelik ongelykheid afdwing, terwyl saamwoon aan die ander kant `n meer buigsame, vry en gelyke verhouding verteenwoordig.

### 3.5.3 Saamwoon as `n moderne verskynsel

Dit was weer eens duidelik dat hierdie verskynsel eie aan vandag is. Die volgende aanhaling illustreer hierdie navorsingsresultaat.

> *"... back in the day people didn't actually move in together before they get married. Nowadays people are moving in together ...".*

## 4. BESPREKING

Uit `n literatuurkontrole het dit geblyk dat die navorsingsresultaat, naamlik dat deelnemers in `n ernstige mate interne konflik beleef ten opsigte van hul moderne strewe enersyds, wat `n intense behoefte aan eiewaarde en outonomie insluit, teenoor hul tradisionele verwagtings andersyds, nie uniek aan hierdie studie is nie en dat hierdie verskynsel verder glad nie uniek aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou is nie. Vervolgens sal hierdie interne konflik wat by deelnemers voorkom, deurgetrek word na `n Westerse bron (Rabin, 1996:14-35) wat in hierdie verband gevind is, in die poging om `n moontlike verklaring en oplossing daarvoor te vind. Dié bron is veral betekenisvol vir hierdie ondersoek, aangesien Rabin ook in haar studie `n kruis-kulturele benadering gevolg het.

Rabin (1996:14) noem dat ons vandag in `n veranderende en verwarrende wêreld lewe. Volgens haar word vandag byvoorbeeld van die vrou verwag om steeds haar moederlike tuisteskepper- en emosionele versorgerrol voort te sit, maar om `n fokus op selfverwesenliking en individuele prestasie daarby te inkorporeer.

Tydens die betrokke ondersoek was dit duidelik dat deelnemers bewus is van hierdie verwagting en wou dit voorkom of dit juis die primêre oorsaak van hul interne konflik ten opsigte van hul moderne strewe enersyds en tradisionele

verwagtings andersyds kan wees. Dit blyk verder dat hulle hierdie twee lewenswyses net nie met mekaar kan vereenselwig nie.

Rabin (1996:27) bevestig die voorkoms van hierdie onvermoë om die moderne met die tradisionele te vereenselwig ook in die Westerse kultuur. Sy stel dat persone dikwels poog om van tradisionalisme weg te beweeg, maar dat hulle nog nie definitief hul egalitarisme gevestig het nie.

Volgens Rabin (1996:14) speel sosiale instellings ook `n belangrike rol by die keuse van `n moderne teenoor tradisionele leefstyl. So kan sosiale instellings soos skole en kerke die tradisionele ondersteun, terwyl die media byvoorbeeld weer eerder verandering aanmoedig. Hierdie teenstrydige boodskappe waaraan die ongetroude volwasse Tswana-vrou daagliks blootgestel word, kan haar interne konflik ten opsigte van hierdie kwessie dus selfs meer intensiveer.

Rabin (1996:16) bespreek egter nog `n belangrike veranderlike wat volgens haar die primêre oorsaak van talle interne konflikte kan wees, naamlik *"geslags- en magskwessies".* Wat hierdie veranderlike egter so "gevaarlik" maak, is die feit dat `n groot deel van die dinamiek daarvan buite die bewustheid van die mens voorkom. Rabin stel dat dit soos die lug is wat ons inasem. Die volgende scenario beskryf hoe "geslag en mag" interne konflik kan veroorsaak:

In Rabin (1996:21) se studie oor paartjies wat vir huweliksberading aangemeld het, het die vrou dikwels in terapie geëksperimenteer met die toename in haar mag ten opsigte van en eise aan haar man. In die meeste van die gevalle was die vrou egter nie gereed vir die graad van verandering wat dit vir haar en haar man sou inhou nie. Volgens Rabin maak die ingewikkelde interaksie tussen samelewings-, huweliks- en individuele faktore die toename in die vrou se mag `n potensiële bron van ongemak vir beide egliede. Die gevolg is dat die vrou dan dikwels `n terugkeer na die status quo verkies, as gevolg van die potensiële bedreiging wat so `n verandering kan inhou. Die status quo blyk dus dikwels meer belonend te wees as verandering (Rabin, 1996:23).

Tydens die betrokke ondersoek is daar ook tekens van angstigheid ten opsigte van verandering by deelnemers opgemerk, soos byvoorbeeld blyk uit die dominante standpunt dat *bogadi* behoue moet bly. Wat egter opvallend was, is die deelnemers se gewilligheid en selfs gretigheid om verandering ten opsigte van die "woon-by-skoonouers-gebruik" te aanvaar. Dit wil dus voorkom of die deelnemers gewilliger is om verandering te aanvaar indien die veranderlike vir hulle meer nadele as voordele inhou en die risiko aan "sosiale straf" wat met so 'n verandering sal gepaard gaan, laag is.

Van der Walt (1994:6), ook 'n Westerse skrywer, verduidelik die kompleksiteit van kultuur en die verandering daarvan aan die hand van die metafoor van 'n ui met agt lae, naamlik (1) gewoontes, (2) gedrag, (3) gebruike, (4) materiële en geestelike skeppings, soos geboue, taal en kunswerke, (5) instellings, soos die huwelik en die staat met sy wette, (6) waardes en norme, (7) 'n spesifieke wêreldbeskouing, en (8) die geloofsoortuigings van 'n spesifieke groep mense; met "gewoontes" as die buitenste laag en "geloofsoortuigings" as die kern. Volgens Van der Walt (1994:7) is 'n belangrike kenmerk van kultuur dan ook dat die buitenste lae van die "ui" makliker verandering kan ondergaan as die kern. So sal min Tswana-persone byvoorbeeld na akkulturasie met die Westerse, steeds tradisionele Afrika-klere dra, terwyl die Tswana wat wel Westerse klere dra, steeds min of meer dieselfde wêreldbeskouing as sy voorvaders kan hê. Van der Walt (1994:7) stel dit soos volg: *"Westernisation has not touched their essential being!".*

Rabin (1996:31) beweer verder dat die vrou in baie gevalle werklik wil verander, maar dat sy voel dat haar beperkte opsies en vrees dat die uitdaging van haar eggenoot se onttrekkende gedrag moontlik tot 'n egskeiding kan lei. Rabin maak hierdie stelling nadat sy in haar studie gevind het dat vroue dit waardeer as hul mans hulle met huishoudelike takies help en dat haar huwelikstevredenheid gevolglik toeneem, terwyl die man egter 'n verhoogde gevoel van ontevredenheid en 'n verlaagde gevoel van aangetrokkenheid tot sy vrou ervaar, sodra hy besef dat sy meer hulp van hom verwag. Gevolglik trek die vrou, wat instinktief aanvoel dat 'n toename in haar versoek om hulp die kwaliteit van haar huweliksverhouding kan benadeel, hierdie versoek terug

en beweeg terug na die status quo. Rabin (1996:29) verduidelik hierdie verskynsel aan die hand van die vrou se welstand wat direk op haar huweliksverhouding berus en haar deurlopende strewe na harmonie binne hierdie verhouding.

In die betrokke ondersoek is die belangrikheid van steunstelsels vir die vrou wat self `n beroep beklee juis beklemtoon, en is die man dan ook as een van haar primêre steunstelsels geïdentifiseer. Uit Rabin se bogenoemde navorsingsresultaat word dit egter duidelik dat dit nie so eenvoudig is om bloot van die man te verwag om met huishoudelike takies te help nie. Deelnemers en skrywers (Naude, 1998:14-15; Van Zyl, 1994:4-5; Van Zyl, 1996:21-23) wat voorstanders was van “die man as steunstelsel” het dus nie die moontlikheid van `n afname in huweliksgeluk, wat hiermee gepaard kan gaan, in ag geneem nie. Hier word nie geargumenteer dat die vrou steeds al die werk op haarself moet neem bloot omdat die man nie daarvan hou om te help nie, maar wel dat die behoefte bestaan om die man ten opsigte hiervan op te voed ten einde sy persepsie daaroor te verander. Dit sal dus baie betekenisvol wees om `n soortgelyke studie met ongetroude volwasse Tswana-mans uit te voer ten einde hul perspektief ten opsigte van die huwelik en kwessies soos “hulp aan die vrou” te bepaal. Gevolglik sal `n baie toepaslike huweliksvoorbereidings-program geskryf kan word waarin kwessies soos hierdie onder die loep geneem kan word om die Tswana-man en -vrou intensief vir die huwelik voor te berei.

Uit hierdie bespreking is dit opvallend dat `n definitiewe angstigheid by deelnemers bestaan ten opsigte van “verandering” en dat hulle met betrekking tot baie aspekte in hul lewe, insluitende sekere aspekte van die huwelik, dikwels eerder verkies om terug te keer na die status quo, wat minder bedreiging vir hulle inhou. Dit is verder duidelik dat hierdie vrees vir verandering ook die primêre oorsaak is van die interne konflik wat deelnemers ten opsigte van hul moderne strewe enersyds en tradisionele verwagtinge andersyds ervaar. Hierdie vrees vir verandering en die interne konflik wat daarmee gepaard gaan, kan egter in `n groot mate uitgeskakel word deur die aanbieding van `n toepaslike kultuurkongruente huweliksvoorbereidings-

program, wat aspekte soos hierdie, direk sal behandel. Die navorsingsresultate van hierdie ondersoek sal dan ook aangewend word om in `n opvolgartikel breedvoerige riglyne vir so `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou te bied.

## 5. GEVOLGTREKKING

Die ongetroude volwasse Tswana-vrou ervaar vandag in `n groot mate verwarring ten opsigte van haar perspektief op die huwelik, aangesien daar tans `n aantal verskynsels binne die Tswana-huwelik voorkom wat `n onaangename kleur daaraan gee. Dit wil voorkom of die meerderheid ongetroude volwasse Tswana-vroue wel graag in die huwelik sal wil tree (alhoewel eers op `n hoër ouderdom), maar dat hulle terselfdetyd besef waaraan hulle hulleself dan moontlik sal blootstel. Tydens hierdie ondersoek is `n aantal faktore geïdentifiseer wat blyk `n invloed op die ongetroude volwasse Tswana-vrou se huweliksperspektief te hê, naamlik egskeiding, die *bogadi*-gebruik, die woon by skoonouers en die Tswana-vrou se verwagting van haar huweliksmaat.

Dit wil verder voorkom of hierdie verskynsels dan ook `n primêre invloed het op sommige ongetroude volwasse Tswana-vroue se keuse om dan eerder enkellopend te bly of bloot saam met hul maat te woon sonder huweliksluiting; of indien hulle wel besluit om in die huwelik te tree, dit op `n hoër ouderdom te doen en verkies om hul huwelik meer Westers te oriënteer.

Daar is verder `n deurlopende patroon van intense interne konflik ten opsigte van die tradisionele en die moderne by deelnemers opgemerk. Hierdie interne konflik is moontlik die direkte gevolg van deelnemers se angstigheid ten opsigte van “verandering”.

Al bogenoemde aspekte wat moontlik interne konflik by deelnemers kan ontlok, kan egter in `n groot mate uitgeskakel of ten minste beperk word, deur die

aanbieding van `n toepaslike kultuurkongruente huweliksvoorbereidings-program aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

## 6. BIBLIOGRAFIE

BUTLER, C & JOYCE, V 1998. **Counselling couples in relationships: An introduction to the relate approach**. Chichester: Wiley.

DOBSON, CD & HOUSEKNECHT, SK 1998. Black and white differences in the effect of women's educational attainment on age at first marriage. **Journal of family issues**, 19(2):204 (20 p.), Mar. **In:** EBOSCOHost: Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com [Date of access : 21 Junie 2002]

GOVERNMENT COMMUNICATIONS 2002. **The land and it's people**. [Web:] http://www.gov.za/yearbook/2001/landpeople.html [Datum van gebruik: 30 Okt. 2002]

GRONDWET ***kyk*** SUID-AFRIKA 1996.

HENDRICK, S & HENDRICK, C 1992. **Liking loving and relating** (2nd ed) California: Brooks/Cole.

HUTCHINGS, S & DELPORT, E 1992. Cohabitation: A responsible approach. **De Rebus**: 120-125, Feb.

KIMATHI, G 1994. **Your marriage and family**. Potchefstroom: PU for CHE.

LABUSCHAGNE, JMT 1991. Regsakkulturasie, lobolo-funksies en die oorsprong van die huwelik. **Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg**, 54:541-553.

LANDALE, NS 1994. Nonmarital cohabitation and childbearing among black and white American women. **Journal of marriage and the family**, 56:949-962, Nov.

LASSWELL, M & LASSWELL, T 1991. **Marriage and the family** (3rd ed) California: Wadsworth.

LAVILLE, R 1999. In the shadow of marriage: Gender and justice in an African community. **Journal of contemporary African studies**, 17(1):150-152, Jan.

LEVITZ, E 1995. Women in South Africa : From transition to governance. **Publico**, 15(4):25-27, Aug.

MAKHOLWA, A 1997. Is lobola outdated? **Pace**:110-111, Nov.

MASHISHI, A 2000. Wife battering: An exploration of the abuse of African women at two shelters in Johannesburg. **Society in transition**, 31(1):82-87.

MVIMBI, TD 2000. The high price of lobola. **Pace**:120-121, Nov.

NAUDE, C 1998. Strem gesinne loopbane? **Finansies & Tegniek**, 50(15):14-15, Apr.

NORMENT, L 1998. Sex and the new black woman: Myths and realities. **Ebony**, 53(5):104 (3 p.), Mar. **In:** EBOSCOHost: Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com [Date of access : 21 Junie 2002]

OLIVIER, J 2002. **Setswana**. [Web:] http://www.cyberserv.co.za/users/~jaco/lang/tsw.htm [Datum van gebruik: 30 Okt. 2002]

POGGENPOEL, M 1998. Data analysis in qualitative research. **In:** DE VOS, AS (ed) **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik.

RABIN, C 1996. **Equal partners good friends: Empowering couples through therapy.** London: Routledge.

SCHAPERA, I 1971. **Southern Africa part iii: The Tswana**. London: Lowe & Brydone.

SCHAPERA, I 1994. **A handbook of Tswana law and custom: Compiled for the Bechuanaland Protectorate Administration**. London: LIT.

SINGH, D 1996. Cohabitation relationships revisited: Is it not time for acceptance. **The comparitive and international law journal of Southern Africa**, 29:317-318.

SOUTH, SJ 1993. Racial and ethnic differences in the desire to marry. **Journal of marriage and the family**, 55:357-370, May.

SPERRY, L & CARLSON, J 1991. **Marital therapy: Integrating theory and technique**. Denver: Love.

STEYN, MG 1999. Die noodsaaklikheid en aard van `n huweliksvoorbereidingsprogram vir swart laat-adolessente. **Social work practitioner-researcher**, 11(2):52-64, Nov.

STRYDOM, H 2000. **Maatskaplikewerknavorsing** (MWK 321/411). Potchefstroom: PU vir CHO.

SUID-AFRIKA 1996. **Constitution of the Rebublic of South Africa as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 and as amended on 11 October 1996**. (B34B-96.) (ISBN: 0-260-20716-7.)

1UP INFO 1996. **Country study and country guide for South Africa**. [Web:] http://www.1upinfo.com/country-guide-study/south-africa/south-africa54.html [Datum van gebruik: 30 Okt. 2002].

VAN DER VLIET, V 1991. Traditional husbands, modern wives?: Constructing marriages in South African townships. **African studies**, 50(1): 219-241.

VAN DER WALT, BJ 1994. **The liberating message: A Christian worldview for Africa**. Potchefstroom: I.R.S.

VAN ZYL, L 1994. Vroue kom tot hul reg. **Publico**, 14(5):4-5, Oct.

VAN ZYL, L 1996. Huisvrou vs beroepsvrou. **Publico**, 16(2):21-23, Apr.

WOODS, NF & CATANZARO, M 1988. **Nursing research: Theory and practice**. St Louis: Mosby.

# AFDELING B

(vervolg)

## ARTIKEL 2

EH Ryke en A Erasmus

# RIGLYNE VIR KULTUURKONGRUENTE HUWELIKSVOORBEREIDING AAN DIE ONGETROUDE VOLWASSE TSWANA-VROU

*Me EH Ryke is `n dosent aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom; en me A Erasmus is `n Meesters-graad student aan dieselfde Universiteit*

***ABSTRACT***

*The objective of this article is to draw up some guide-lines for marriage preparation to the unmarried mature Tswana-woman, according to information from a preceding article, gathered in a study of this woman's marriage perspective. A qualitative, exploratory research study has been undertaken. Thirty two Tswana-women, who met all the set criteria, were included in the study by means of purposive sampling. In-depth exploration of the attitudes, feelings and perspectives of the unmarried mature Tswana-women was done by utilising the semi-structured method of interviewing for the collection of data. Data were analysed by means of descriptive analysis as described by Tesch. This article proposed 16 themes that can be included in a marriage preparation programme to the unmarried mature Tswana-woman, in order to increase it's culture congruency. It also includes some guide-lines for potential significant methods and resources that can be used for the presentation of every theme.*

## 1. INLEIDING, RASIONAAL EN METODE

Dit is `n opvolg-artikel hierdie van `n studie waarin die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou ondersoek en breedvoerig in die

voorafgaande artikel bespreek is.

Tydens hierdie ondersoek is die kwalitatiewe benadering en verkennende navorsingsontwerp gevolg (Strydom, 2000:74). Twee en dertig Tswana-vroue, wat aan al die gestelde kriteria vir hierdie ondersoek voldoen het, is by die ondersoek ingesluit. Dié Tswana-vroue het bestaan uit 10 graad 12-meisies, 12 universiteit-studentemeisies en 10 vrywilligers van `n plaaslike Welsynsorganisasie ten einde tot `n meer geloofwaardige gevolgtrekking te kon kom. Semi-gestruktureerde onderhoudvoering is as data-insamelingsinstrument gebruik (Strydom, 2000:121) terwyl *Tesch* se benadering by die ontleding van data gebruik is (Poggenpoel, 1998:343).

`n Verskeidenheid faktore is geïdentifiseer wat moontlik `n invloed op die ongetroude volwasse Tswana-vrou se huweliksperspektief kan hê. Daar is verder `n deurlopende patroon van interne konflik ten opsigte van haar moderne strewe enersyds, wat `n intense behoefte aan eiewaarde en outonomie insluit, teenoor haar tradisionele verwagtings andersyds, by die ongetroude volwasse Tswana-vrou waargeneem. In die voorafgaande artikel is die vraag gestel of dit nie inderdaad die man is wat druk op die vrou plaas om steeds die tradisionele rol na te volg, sodat sy steeds onder sy beheer en in `n mate ondergeskik aan hom kan wees nie. Vanuit hierdie ondersoek is daar aanduidings gevind dat die Tswana-vrou self, sonder invloed van die man, wel in sekere gevalle (soms selfs onbewustelik) aan die tradisionele vasklou.

In die voorafgaande artikel is die hipotese egter gestel dat alle aspekte wat moontlik interne konflik by die ongetroude volwasse Tswana-vrou kan ontlok, in `n groot mate uitgeskakel of ten minste verminder kan word, deur die aanbieding van `n toepaslike kultuurkongruente huweliksvoorbereidings-program aan hierdie vrou.

Die oogmerk van hierdie artikel is dan juis om riglyne vir so `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou neer te lê.

## 2. BEGRIPSOMSKRYWING

Dit is belangrik om ter aanvang van hierdie artikel eers aan die leser uiteen te sit wat presies met "kultuurkongruente huweliksvoorbereiding" bedoel word.

### 2.1 Kultuur

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (Vaktaalkomitee, 1995:36) definieer kultuur soos volg: *"Sisteem wat kennis, oortuigings, kuns, sedes, reg, gebruik en enige ander bekwaamhede en gewoontes insluit wat deur lede van die samelewing gedeel word".*

Van der Walt (1994:6) omskryf kultuur egter aan die hand van die skepping en die natuur. Volgens Van der Walt is die menslike kultuur iets anders as `n spinnekop wat `n web spin, `n voëltjie wat `n nes bou of `n dier wat sy kleintjies instinktief voed en versorg. Insekte, voëls en diere toon generasie na generasie dieselfde gedrag, terwyl die mens kreatief is – hy kan iets nuuts of iets anders maak uit dit wat reeds bestaan. Die mens is met baie potensiaal geskape, hy moet dit net self aktualiseer (Van der Walt, 1994:6). Na aanleiding van bogenoemde definieer Van der Walt (1994:6) kultuur vervolgens soos volg: *"Culture is the ways in which human beings shape their natural and human environment".*

### 2.2 Kongruent

Die term "kongruent" word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2000:592) beskryf as: *"Ooreenstemmend".*

### 2.3 Huweliksvoorligting vs huweliksvoorbereiding

In die literatuur word oor die algemeen nie `n duidelike onderskeid tussen die terme "huweliksvoorligting" en "huweliksvoorbereiding" getref nie. In sommige gevalle wil dit selfs voorkom of dié twee terme sinoniem aan mekaar is. Die

skrywer het dit vervolgens goed gedink om te poog om wel `n onderskeid tussen hierdie terme te tref.

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (Vaktaalkomitee, 1995:27) definieer die begrip **huweliksvoorligting** soos volg: *"Verskaffing van inligting aan persone, voor of binne die huwelik, met die oog op die oordrag van kennis en ontwikkeling van begrip oor aspekte van die huweliksverhouding."* Du Preez en Van Niekerk (1988:154) vind aansluiting hierby deur huweliksvoorligting soos volg te omskryf: *"Huweliksvoorligting is `n poging om egpare in te lig oor en voor te berei op die huwelik sodat hulle die optimum geluk in hulle huwelik sal kan ervaar. Dit is dus `n voorkomende handeling. `n Konstruktiewe poging word aangewend om te verseker dat huwelike wat aangegaan word, die beste kans het om te slaag".*

Volgens Du Preez (in Alpaslan, 1994:7) kan die begrip **huweliks-voorbereiding** omskryf word as: *"... die verskaffing van inligting oor en ter wille van die huwelik voor huweliksluiting".* Walker (in Foutie, 1994:11) gee die volgende definisie van huweliksvoorbereiding: *"Premarital counselling provides young couples with information and assistance on important matters before problems arise, rather than treating them after they have developed".*

Bogenoemde omskrywings van huweliksvoorligting en huweliksvoorbereiding stem in `n groot mate met mekaar ooreen en Du Preez en Van Niekerk (1988:154) en Walker (in Alpaslan, 1994:7) se definisies beklemtoon dan ook die voorkomende aard van beide huweliksvoorligting en -voorbereiding.

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2000) tref egter `n onderskeid tussen die terme "voorlig" en "voorberei". Dié woordeboek definieer die begrip voorlig soos volg: *"Inlig, onderrig, inligting verstrek, op die hoogte bring"* (HAT, 2000:1319), terwyl die begrip **voorberei** omskryf word as: 1. *"Vooraf gereed maak; klaarmaak".* 2. *"Langsaam en versigtig op die hoogte bring; vooraf ontvanklik maak".* 3. *"Jou vir iets gereed hou"* (HAT, 2000:1315).

Na aanleiding van bogenoemde definisies van "voorlig" en "voorberei", wil dit voorkom of huweliksvoorligting dus oor die blote oordrag van inligting gaan, terwyl huweliksvoorbereiding verder as dit strek en `n meer "aktiewe" handeling impliseer. Du Preez en Van Niekerk (1988:163) bevestig hierdie gevolgtrekking en verduidelik dit aan die hand van huweliksvoorbereiding aan persone van `n swart gemeenskap. Volgens dié skrywers veronderstel **huweliksvoorligting** dat die voorligter reeds die lig het en dit aan die ander "voorhou". Die oplossing is dus in beginsel reeds bekend. Du Preez en Van Niekerk (1988:163) stel egter dat `n maatskaplike werker nie met so `n pretensie na `n swart gemeenskap kan gaan nie. In hierdie geval sal dit volgens dié skrywers dus eerder om huweliksvoorbereiding as om huweliksvoorligting gaan. Volgens Du Preez en Van Niekerk (1988:163) kan maatskaplike werk sinvolle **huweliksvoorbereiding** aan die swart persoon bied, deur byvoorbeeld moontlike probleme te identifiseer en waar daar nog geen duidelike oplossings vir die probleme is nie, hulpverlening só aan te bied dat probleme ten minste meer begryp word. Die voorstel van sekere oplossings en maniere om probleme te hanteer kan ook in `n huweliksvoorbereidingsprogram ingesluit word. *"Inligting alleen is dus nie genoeg nie."* (Du Preez & Van Niekerk, 1988:163.) Mace (1981:75) stel verder dat die klem by huweliksvoorbereiding meer val op dit wat `n persoon behoort te doen, as op dit wat hy/sy behoort te weet.

Dit is dus belangrik dat skrywers laasgenoemde in gedagte sal hou met die formulering van definisies vir huweliksvoorbereiding ten einde `n duidelike onderskeid tussen huweliksvoorligting en -voorbereiding te kan tref. Du Preez (in Alpaslan, 1994:7) en Walker (in Foutie, 1994:11) se definisies van huweliksvoorbereiding kan dus as onvoldoende beskou word, aangesien dit oor die blote oordrag van inligting handel wat, volgens bogenoemde bespreking van Du Preez en Van Niekerk (1988:163), by huweliksvoorligting tuishoort. Die volgende definisie van Greef en Uys (1996:129), is gevolglik die sinvolste omskrywing van huweliksvoorbereiding wat tydens die literatuurondersoek deur die navorser geïdentifiseer is: *"Huweliksvoorbereiding is daarop gerig om potensiële probleemareas te identifiseer en konstruktiewe leiding te gee ten einde `n gelukkiger en bevredigender huwelik*

*te verseker".* Du Preez en Van Niekerk (1988:154) se definisie van huweliksvoorligting, naamlik: *"... `n poging om egpare in te lig oor en voor te berei op die huwelik ..."* kan egter ook eerder as `n sinvolle beskrywing van huweliksvoorbereiding gebruik word, aangesien die woorde *"voor te berei op"* `n diepere en meer aktiewe betekenis aan hierdie definisie verleen, as die blote oordrag van inligting.

Voortaan sal die term **huweliksvoorbereiding** dan ook vir die doeleindes van hierdie artikel gebruik word, behalwe in gevalle waar dit andersins uit die literatuur aangehaal is. Die oogmerk van hierdie artikel lê tog immers dieper as die blote oordrag van inligting.

### 2.5 Kultuurkongruente huweliksvoorbereiding

Na aanleiding van bogenoemde definisies van die verskillende kompomente van die begrip "kultuurkongruente huweliksvoorligting", impliseer kultuurkongruente huweliksvoorligting dus die volgende:

> *"Die konstruktiewe voorkomende poging om persone voor die huwelik in te lig oor en veral voor te berei op aspekte van die huwelik en geïdentifiseerde potensiële probleemareas, op `n wyse wat ooreenstem met die persoon se eie sisteem van kennis, oortuiging, kuns, sedes, reg, gebruik en enige ander bekwaamhede wat eie is aan sy/haar eie natuurlike en menslike omgewing, maar wat ook ruimte laat vir die bekendstelling aan iets nuuts, ten einde te verseker dat sodanige huwelike wat aangegaan word, die beste kans op sukses het."*

## 3. DIE BELANGRIKHEID VAN HUWELIKSVOORBEREIDING

Volgens Radebe (*in* Steyn, 1999:53) neem huweliksvoorbereiding in die tradisionele gesin `n aanvang wanneer die kind nog klein is. Ouers dien dus

as rolmodelle om die pligte en gedrag eie aan die kind se geslag aan hom/haar voor te hou.

Binne die tradisionele swart gemeenskap het inisiasieskole die huweliksvoorbereidingstaak oorgeneem, sodra die kind adolessensie bereik het. Inisiasieskole het `n groot rol gespeel by die voorbereiding op die volwasse lewe deurdat die kind gesosialiseer is met betrekking tot sy rol as volwassene, asook die verwagte huweliksrol (Du Preez & Van Niekerk, 1988:156; Steyn, 1999:53). Met verstedeliking en gepaardgaande verwestering het die tradisionele inisiasieskool se rol, veral in stedelike gebiede, egter grootliks uitgesterf en is die verantwoordelikheid van huweliksvoorbereiding terug verplaas na die ouers (Steyn, 1999:53). Volgens Steyn (1999:53) is ouers egter nie altyd bereid om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar nie. Du Preez en Van Niekerk (1988:157) stel verder dat ouers in sommige gevalle ook nie opgewasse is om die kinders genoegsaam voor te berei nie, omdat hulle soms self alreeds vasgevang is in die strikke van die verandering van tyd. Geen aanduiding in die literatuur is gevind dat swart ouers hulle kinders onderrig ten opsigte van die huwelik nie. Inteendeel, dit wil voorkom of ouers binne die moderne swart gemeenskap nie eens met hul kinders oor hul verhoudingslewe of toekomstige huwelik kommunikeer nie (Du Preez & Van Niekerk, 1988:157).

Bogenoemde beklemtoon die leemte wat in die moderne swart gemeenskap ten opsigte van huweliksvoorbereiding bestaan. Huweliksvoorbereidingsprogramme sal byvoorbeeld aan jongmense die geleentheid bied om in `n ontspanne en rustige atmosfeer oor intieme huweliksake te kommunikeer indien hulle dit nie met vrymoedigheid met hul ouers kan bespreek nie (Du Preez & Van Niekerk, 1988:156).

Skrywers (Alpaslan, 1991:73; Pretorius *et al.*, 1992:141) plaas baie klem op die noodsaaklikheid van huweliksvoorbereiding aan voornemende egpare, aangesien hulle van mening is dat huweliksvoorbereiding `n voorkomende benadering teen huweliksonmin en -verbrokkeling is. Volgens Du Preez en Van Niekerk (1988:156) word paartjies met die nodige voorligting weerbaar

gemaak om krisissituasies te hanteer, spanning te verlig, asook aan `n huweliksverhouding te werk. Alpaslan (1991:73) stel verder in sy studie die hipotese dat indien voornemende huwelikspare deeglik onderrig word met betrekking tot die huwelik en die komponente van die huweliksverhouding, gebrekkige kennis uitgewis kan word en `n positiewer houding ten opsigte van die huwelik gekweek kan word. Hierdie stelling is veral betekenisvol vir hierdie ondersoek, aangesien daar juis in die voorafgaande artikel tot die gevolgtrekking gekom is dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou in `n groot mate verwarring ten opsigte van haar houding van die huwelik beleef en dat sommige van hierdie vroue se houding ten opsigte van die huwelik selfs baie negatief skyn te wees.

Mace (1981:24-29) noem `n verdere vyf belangrike voordele wat huweliksvoorbereiding moontlik vir `n voornemende egpaar kan inhou, naamlik:

1.) Dit kweek begrip van wat die huwelik behels en hoe om dit te benader.
2.) Die kritieke vroeë huweliksaanpassing sal gladweg en vinnig kan verloop.
3.) Hoë vlakke van huweliksvervulling sal bereik kan word.
4.) Kanse om `n suksesvolle ouer te wees word verbeter.
5.) Die egpaar sal bewus wees van die wenslikheid en raadsaamheid van huweliksberading indien hulle dit nodig ag.

Dit is baie opvallend dat die outeurs (Alpaslan, 1991:73; Du Preez & Van Niekerk, 1988:156; Mace, 1981:24) hoofsaaklik van die veronderstelling uitgaan dat dit paartjies of voornemende egpare is wat huweliksvoorbereiding behoort te ondergaan. Soos vroeër in hierdie artikel opgemerk is, word die term "egpare" soms selfs in die definiëring van huweliks-voorligting ingesluit (Du Preez & Van Niekerk, 1988:154). Dit wil verder voorkom of huweliksvoorbereidingsprogramme dan ook hoofsaaklik vir paartjies of voornemende egpare geskryf word (Alpaslan *in* Foutie, 1994:22-28; Mace, 1981). Daar kan egter in reaksie hierop geredeneer word dat huweliksvoorbereiding moontlik en selfs noodsaaklik is nog voordat `n persoon by `n verhouding betrokke raak of oorweeg om in die huwelik te tree.

So `n huweliksvoorbereidingsprogram kan `n persoon byvoorbeeld juis in staat stel om `n huweliksmaat te soek wat die beste by sy/haar behoeftes sal pas (Schoeman, 1987:277).

Dit wil voorkom of die behoefte onder veral swart jongmense die behoefte bestaan om huweliksvoorbereiding te ontvang voordat hulle by `n verhouding betrokke raak of oorweeg om in die huwelik te tree. So het die dominante groep deelnemers in hierdie ondersoek verklaar dat hulle tans nie by `n ernstige verhouding betrokke is nie, terwyl daar tog `n baie definitiewe behoefte by hulle geïdentifiseer is om oor die huwelik en aspekte daarvan te praat. As `n mens kyk na die tradisionele gebruik van inisiasieskole in swart gemeenskappe, was meisies en seuns afsonderlik in groepe betrek om hulle op die volwasse lewe en hul huweliksrol voor te berei (Du Preez & Van Niekerk, 1988:156; Steyn, 1999:53). Indien huweliksvoorbereidings-programme dan wel die huweliksvoorbereidingstaak by inisiasieskole oorgeneem het, soos vroeër in hierdie artikel geredeneer is, behoort eersgenoemde dus ruimte te laat vir hierdie tipe "afsonderlike" huweliksvoorbereiding. In Du Preez en Van Niekerk (1988:162) se ondersoek oor *"Huweliksvoorligting met geselekteerde groepe swart studente deur middel van groepwerk"*, was die deelnemers wat by vaste verhoudings betrokke was, byvoorbeeld nie gewillig om as paartjies in dieselfde groep betrek te word nie.

Dit wil dus voorkom of die literatuur wat handel oor huweliksvoorbereiding aan persone wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie, beperk is en dat `n leemte selfs in die literatuur ten opsigte van hierdie tipe huweliksvoorbereiding aan swart jongmense bestaan. Gevolglik kan gesê word dat huweliks-voorbereiding `n aspek van maatskaplike werk is wat toenemend aandag behoort te geniet; veral in swart gemeenskappe, en veral ten opsigte van persone wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie.

Dit is dan juis die primêre beginsel waarop hierdie artikel berus, naamlik die neerlê van riglyne vir `n kultuurkongruente huweliksvoorligtingsprogram aan

die ongetroude volwasse Tswana-vrou, insluitende dié wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie.

## 4. HUWELIKSVOORBEREIDING IN TRANSKULTURELE SITUASIES

`n Suiwer tradisionele kultuur bestaan vandag nie meer nie. Binne die swart gemeenskap is daar slegs `n vermenging van tradisionele, Westerse en Christelike waardes (Du Preez & Van Niekerk, 1988:159).

Die swart gemeenskap het verwester maar tradisionele denkpatrone bestaan nog onteenseglik. In Suid-Afrika deel maatskaplike werk die Westerse kultuur met die swart gemeenskap. Wat die tradisionele aspekte van die swart gemeenskap betref, betree Westerse maatskaplike werk egter `n vreemde terrein (Du Preez & Van Niekerk, 1988:160). Volgens Lowe (*in* Sikhitha, 1996:61) het maatskaplike werkers in Suid-Afrika dan ook onder die verskaffing van afsonderlike ontwikkeling tot ongeveer (toe) vier jaar gelede "gerusstelling en veiligheid" in dienslewering binne hul eie rasse- en etniese "kokon" beleef. Hulle het nie nodig gehad om bekommerd te wees oor die "ongemak" om hul perspektiewe ten opsigte van ander rasse en etniese groepe te bevraagteken nie. Die nuwe Suid-Afrika vereis egter dat ons almal transkultureel op alle gebiede van ons lewens sal word. Die vraag ontstaan egter hoe voorbereid die maatskaplike werker daarop is om transkultureel te werk (Sikhitha, 1996:61).

Volgens Du Preez en Van Niekerk (1988:160) is maatskaplike werk gebaseer op `n eeu-lange tradisie van wetenskaplike denke, wat ook `n eie kenmerkende patroon vertoon. Die swart gemeenskap het nie hierdie historiese tradisie nie en het tradisioneel `n ander denkpatroon. Du Preez en Van Niekerk (1988:155) se studie het byvoorbeeld daarop gewys dat selfs die huidige moderne swart jongmense nog dikwels mitiese denkpatrone vertoon. Die probleem is dus om die twee denkpatrone of denkwyses met mekaar in verband te bring.

Daar word verder dikwels pogings aangewend om ten spyte van die groot verskeidenheid mensbeskouinge binne maatskaplike werk, tog sekere waardes as algemeengeldend te beskou. Hierdie primêre waardes word dan beskou as waardes wat in alle kulture en vir alle tye geld (Du Preez & Van Niekerk,1988:155). Du Preez en Van Niekerk (1988:155-156) vind egter in hul studie dat maatskaplike werk nie genoegsaam besef dat sy primêre waardes nie noodwendig in alle kulture geld nie. Weinberger (*in* Du Preez & Van Niekerk,1988:156) stel dan ook dat maatskaplike werk wel teoretiese ruimte aan kulturele verskeidenheid toestaan, maar in die praktyk die wit Christelike middelklas-kultuur normatief maak.

Volgens Sikhitha (1996:61) is literatuur in Suid-Afrika oor transkulturele werk ook steeds onvolkome ontwikkel. Du Preez en Van Niekerk (1988:154-155) het in hul bestudering van `n kursus in huweliksvoorbereiding en -berading tot die gevolgtrekking gekom dat die eiesoortige problematiek van swartmense wat `n hoë graad van verwesterliking bereik het, nie aandag in die teoretiese agtergrond van huweliksvoorbereiding en -berading geniet nie. Daar kan gesê word dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou ook by hierdie "agterweë gelate" groep ingereken kan word.

Du Preez en Van Niekerk (1988:162) stel vervolgens die vraag of huweliksvoorligting wat wel vir swart jongmense aangebied word, voldoende is, en regverdig die stel van hierdie vraag op grond van die volgende navorsingsresultate uit hul ondersoek:

- Huweliksvoorligting word volgens deelnemers selde binne die swart gemeenskap gedoen. Die rede hiervoor is dat niemand, ook nie die maatskaplike werker nie, weet watter voorligting om te gee nie.
- Die voorligting wat die jongmense wel ontvang, is ontoereikend vir die eise wat die moderne lewe aan hulle stel.

Die behoefte aan `n transkulturele benadering in die maatskaplike werk, en meer spesifiek in huweliksvoorbereiding, word dus hier aan die orde gestel.

Dit is juis die primêre beginsel waarop hierdie ondersoek berus, naamlik die uitbreiding van inheemse kennis ten opsigte van `n swart kultuur in Suid-Afrika, en meer spesifiek ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief op die huwelik, ten einde die navorser in staat te stel om riglyne vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan hierdie vroue te kan neerlê.

## 5. TEMAS VIR `N KULTUURKONGRUENTE HUWELIKS-VOORBEREIDINGSPROGRAM

Vervolgens sal stilgestaan word by `n aantal temas wat tydens hierdie ondersoek geïdentifiseer is as moontlik betekenisvolle onderwerpe wat by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou ingesluit kan word, ten einde die program meer kultuurkongruent vir die Tswana-vrou te maak. Riglyne sal verder kortliks neergelê word ten opsigte van moontlik sinvolle metodes en hulpmiddels wat by die aanbieding van sommige temas gebruik kan word. Die temas sal só hanteer word dat dit ook in die aanbieding van `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie, toegepas sal kan word.

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal van die veronderstelling uitgegaan word dat die voornemende huweliksvoorbereidingsprogram in *groepsverband* aangebied sal word, aangesien die navorser van mening is dat dit die beste maatskaplikewerk-metode vir die aanbieding van so `n program aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou is. Du Preez en Van Niekerk (1988:155) bevestig hierdie uitgangspunt deur te stel dat die groep `n besondere waarde binne die swart gemeenskap het. Hierdie skrywers maak verder die volgende stelling: *"Maatskaplike groepwerk word as `n baie belangrike metode gesien in die proses van die opheldering van soeke na oplossings vir die probleem".* In hierdie artikel sal daar dan ook deurlopend na die ongetroude volwasse Tswana-vroue, vir wie die voornemende huwelikvoorbereidingsprogram beplan word, as *"groepslede"* verwys word, terwyl die persoon wat die

voornemende huweliksvoorbereidingsprogram sal aanbied, as die *"groepleier"* bekend sal staan.

Die temas wat in hierdie artikel voorgestel word as sinvolle onderwerpe wat by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou ingesluit kan word, is uit die voorafgaande artikel geïdentifiseer en sluit onder andere die volgende in:

a.) Die vier faktore wat deur deelnemers geïdentifiseer is as faktore wat `n invloed op hul huweliksperspektief kan hê, naamlik:
  - egskeiding
  - die *bogadi*-gebruik
  - die woon-by-skoonouers-gebruik
  - verwagting van huweliksmaat

b.) Sommige van die faktore wat deur deelnemers geïdentifiseer is as moontlike oorsake van egskeiding, naamlik:
  - te jonk in die huwelik tree
  - vir die verkeerde redes in die huwelik tree
  - ken jou huweliksmaat nie goed genoeg nie
  - persoonlikhede wat bots
  - vrouemishandeling
  - gebrek aan kommunikasie
  - afskeep van die man na die geboorte van kinders
  - inmenging van skoonfamilie
  - ontrou binne die huwelik

c.) Die interne konflik ten opsigte van die tradisionele en die moderne wat tydens die ondersoek deurlopend by deelnemers opgemerk is.

d.) Die beroep van die vrou, waarop deelnemers so baie klem gelê het.

e.) Seksualiteit – wat glad nie in die ondersoek bespreek is nie. Die doelbewuste vermyding van hierdie tema tydens onderhoudvoering is juis wat dit so betekenisvol maak vir die insluit in `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal die volgorde waarin bogenoemde voorgestelde temas bespreek sal word, in geen mate ooreenstem met die volgorde waarin dit in die voorafgaande artikel voorgekom het nie. Die skrywer sal die temas hanteer in die volgorde wat volgens haar mening sinvol sal wees vir `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude Tswana-vrou. Voorgestelde temas wat aan mekaar verwant is, sal verder in die bespreking gekombineer word ten einde `n meer betekenisvolle bespreking te verseker en om herhaling te voorkom.

**Tema 1: Egskeiding**

In die voorafgaande artikel is tot die gevolgtrekking gekom dat daar in `n groot mate angstigheid by deelnemers ten opsigte van die hoë egskeidingsyfer bestaan. Alhoewel die deelnemers graag in die huwelik wil tree, sal hulle huweliksluiting vermy uit vrees dat hulle huwelik bloot op `n egskeiding sal uitloop, soos blyk uit die volgende aanhaling:

> *"There's no marriage nowadays, so I don't want to hurt myself for a time to get married if ... for a time then get divorced, I don't want to do that. Marriage just ends up in divorce ...".*

Outeurs (Hendrick & Hendrick, 1992:200; Du Preez & Van Niekerk, 1988:157) is van mening dat `n groot persentasie van die jongmense wat beplan om te trou, uit huisgesinne kom waarvan die ouers geskei is en dat hulle nog selde `n harmonieuse huwelik waargeneem het. Dit is dan moontlik ook die primêre rede waarom deelnemers die huwelik as gevolg van "egskeiding" wil vermy.

Dit is dus baie belangrik om die onderwerp van "egskeiding" by `n huweliksvoorbereidingsprogam aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in te sluit, ten einde hierdie vrees ten opsigte van die huwelik en egskeiding by hierdie vroue onder die loep te neem.

Dit mag dalk aanvanklik vreemd voorkom dat daar voorgestel word om `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou met die byna negatiewe tema van "egskeiding" te begin. In hierdie ondersoek het deelnemers egter soveel klem op egskeiding geplaas, dat die navorser van mening is dat dit juis `n sinvolle onderwerp is om huweliksvoorbereiding aan hierdie vrou mee af te skop. Aangesien die ongetroude volwasse Tswana-vrou sulke sterk gevoelens ten opsigte van egskeiding vertoon, kan hierdie tema as `n goeie ysbreker-onderwerp gebruik word, aangesien van die veronderstelling uitgegaan kan word dat elke groeplid wel `n (sterk) opinie ten opsigte van egskeiding sal hê wat sy met die res van die groep kan deel. Uit hierdie bespreking kan ander verwante onderwerpe dan ook geïdentifiseer word wat by huweliks-voorbereiding ingesluit kan word, byvoorbeeld sekere oorsake van egskeiding soos te jonk in die huwelik tree ensovoorts. Na aanleiding hiervan kan die bespreking van egskeiding dus selfs as `n wyse van behoeftebepaling aangewend word.

Die huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou kan in die behandeling van die tema "egskeiding" voorsiening maak vir die bespreking van die groeplede se perspektief op die huwelik en hul perspektief op egskeiding. Hierna moet groeplede poog om vas te stel watter invloed hierdie twee perspektiewe op mekaar het. Bespreking in hierdie verband impliseer die aktiewe deelname van die groeplede en die groepleier. Die groepleier se primêre oogmerk in hierdie verband is om groeplede te motiveer om huweliksluiting nie bloot op grond van hul vrees vir egskeiding te vermy nie. Die groepleier kan byvoorbeeld deur die vertel van suksesverhale, `n bespreking van die voordele van die huwelik ensovoorts poog om dit by groeplede tuis te bring dat nie alle huwelike noodwendig op egskeiding uitloop nie. Statistiek wat handel oor die groter mate van geluk, beter fisiese gesondheid en langer lewenstydperk wat by getroude persone teenoor alleenlopers voorkom (Mace, 1981:17), kan ook as bevestiging van bogenoemde oogmerk aangewend word.

Mace (1981:18) beweer dat die grootste oorsaak van egskeiding daarin lê dat persone nóg voor die huwelik nóg na die huwelik die hulp ontvang wat nodig is

ten opsigte van die huwelik. Huweliksvoorbereiding blyk dus die logiese oplossing te wees vir die probleem van toenemende huweliks- en gesinsverbrokkeling (Pretorius *et al.*,1992:141). Dit is `n belangrike feit hierdie wat as motivering vir groeplede kan dien – die blote feit dat hulle die betrokke huweliksvoorbereidingsprogram bywoon, verminder dus alreeds hul kanse op egskeiding.

Na die behandeling van hierdie tema van die huweliksvoorbereidingsprogram behoort die ongetroude volwasse Tswana-vrou `n meer positiewe perspektief op die huwelik en `n verminderde mate van angs ten opsigte van egskeiding te openbaar. Sy behoort te verstaan dat indien sy bereid sal wees om dít wat sy in hierdie huweliksvoorbereidingsprogram sal leer, in haar voornemende huwelik toe te pas en nie bang is om vir professionele hulp aan te klop indien dit nodig sou wees nie (Mace, 1981:107), `n gelukkige, vervullende huwelik wel moontlik is. Egskeiding is nie onvermydelik nie!

**Tema 2: Redes vir huweliksluiting**

Engelbrecht (*in* Foutie, 1994:35) noem `n aantal van die basiese, "suiwer" motiewe vir huweliksluiting, naamlik:

- Die persoon het `n behoefte aan `n huislike lewe met kinders by die egmaat.
- Die persoon het `n behoefte daaraan om kameraadskap te bevredig en sodoende eensaamheid te oorbrug.
- Die individu tree in die huwelik om sodoende iemand te hê met wie hulle saam oud kan word.
- Die huwelikspaar kan in die huwelik tree sodat hulle liefde vir mekaar tot uiting kan kom en hulle binne die huweliksverhouding selfverwesenliking kan bereik.

Du Toit (1991:52) bevestig laasgenoemde "suiwer" motief vir huweliksluiting en stel dat die liefde die fondament moet wees waarop die huwelik gebou word.

Die volgende aanhaling van Du Toit (1991:46) bevestig deelnemers se standpunt dat die verkeerde motief vir die huwelik, "onveilig" kan wees: *"... the marriage entered into for insufficient reasons is an unsafe edifice rather than a secure home".* Die literatuur (Du Toit, 1991:46-52; Engelbrecht *in* Foutie, 1994:35-36) verwys na `n hele aantal verkeerde of onvoldoende motiewe vir huweliksluiting, wat strek van "jammer voel" vir die ander persoon tot samelewingsdruk. Tydens hierdie ondersoek het deelnemers veral klem gelê op die volgende drie verkeerde of onvoldoende redes vir huweliksluiting:

- Materialisme
- Geld en status
- Swangerskap

Volgens Du Toit (1991:45) verraai `n persoon se motief vir die huwelik onmiddellik iets oor sy/haar benadering tot die lewe in die algemeen en spesifiek van sy/haar beskouing oor die huwelik. `n Persoon se motief om in die huwelik te tree kan nie van die huwelik self geïsoleer word nie; die huwelik word positief of negatief daardeur geraak.

Na aanleiding van laasgenoemde stelling deur Du Toit (1991:45) is dit dus belangrik om in `n huweliksvoorbereidingspogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou aandag te skenk aan haar motief om in die huwelik te tree. `n Mens is soms geneig om van die standpunt uit te gaan dat daar nie `n huweliksmotief gevorm kan word alvorens `n persoon sy/haar aanstaande huweliksmaat ontmoet het nie. Uit die literatuur (Engelbrecht *in* Foutie, 1994:35) wil dit egter voorkom of elke persoon tog oor `n "vooropgestelde motief" vir huweliksluiting beskik. So kan `n meisie wat in ondraaglike huislike toestande grootword byvoorbeeld op `n vroeë ouderdom reeds besluit dat sy sal moet trou om uit haar omstandighede te kan ontsnap (Engelbrecht *in*

Foutie, 1994:35) nog voordat sy `n moontlike huweliksmaat ontmoet het. `n Persoon kan verder vooraf besluit dat hy/sy ter wille van "liefde" of "geld" in die huwelik wil tree. Dit is dus wel moontlik en selfs sinvol om die tema "huweliksmotief" by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude Tswana-vrou in te sluit – selfs in gevalle waar die Tswana-vrou nog nie by `n verhouding betrokke is nie.

Du Toit (1991:46) noem egter dat dit selfs nie altyd maklik is om jou motief vir die huwelik aan jouself uit te spel nie, aangesien `n persoon hom-/haarself kan oortuig van sy/haar eie opregtheid, terwyl hy/sy steeds verdagte motiewe koester. Sulke motiewe word dikwels gerasionaliseer. Selfkennis en eerlike nadenke oor die huwelik en `n persoon se eie beskouing oor die huwelik is om hierdie rede baie belangrik (Du Toit, 1991:46).

Dit sal dus betekenisvol wees om byvoorbeeld in die aanbieding van `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, groeplede `n week voor die behandeling van hierdie tema daarvan in kennis te stel en hulle te waarsku ten opsigte van die verskynsel van moontlike rasionalisering. Dit sal groeplede in staat stel om voor die tyd deeglike selfondersoek ten opsigte van die huwelik en hul motief vir die huwelik te gaan instel. Die groeplede moet die geleentheid gegee word om hul huweliksmotief met die groep te deel, waarna `n sinvolle groepsbespreking kan volg. Moontlike verkeerde of onvoldoende motiewe vir die huwelik behoort ook tydens huweliksvoorbereiding aan groeplede uitgewys te word. Ter wille van kultuurkongruensie is dit veral belangrik om klem te lê op die drie verkeerde of onvoldoende motiewe vir huweliksluiting wat deur die deelnemers van hierdie ondersoek geïdentifiseer is. Groeplede moet ook die geleentheid gegee word om volgens hulle eie verklaring moontlike verkeerde of onvoldoende motiewe vir die huwelik uit te wys. Na aanleiding van die motief van "swangerskap" vir huweliksluiting wat deur die deelnemers genoem is, sal dit ook betekenisvol wees om te poog om by groeplede tuis te bring dat die huwelik, in die moderne samelewing van vandag, nie meer as die enigste "uitweg" vir swangerskap gesien word nie. Die alternatiewe opsies wat vandag vir die

swanger vrou bestaan, naamlik aanneming, pleegsorg, aborsie ensovoorts behoort vervolgens aan groepslede uiteengesit te word.

**Tema 3: Selfkennis en kennis van jou huweliksmaat**

Die navorser het dit goed gedink om die temas *"verwagting van die huweliksmaat", "ken jou huweliksmaat nie goed genoeg nie"* en *"persoonlikhede wat bots"* vir die doeleindes van hierdie ondersoek te integreer, aangesien "verwagting van die huweliksmaat" tog op die "kennis van jouself" neerkom, wat sinvol tesame met die "kennis van jou huweliksmaat" in `n huweliksvoorbereidingsprogram behandel kan word. Daar kan verder geredeneer word dat "persoonlikhede wat bots" grotendeels voorkom of hanteer sal kan word deur middel van kennis van jouself en jou huweliksmaat.

Uit die voorafgaande artikel is tot die gevolgtrekking gekom dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou oor goeie selfkennis beskik, wat haar verwagtings van haar voornemende huweliksmaat betref. Dit het duidelik na vore gekom dat sy baie spesifieke verwagtings ten opsigte van haar aanstaande huweliksmaat koester. Een van die deelnemers het haar verwagtings ten opsigte van haar huweliksmaat soos volg uitgedruk:

> *"... it's not just about marrying the right person, it's about being able to talk to that person when you're 70 and he's 70 years old. It's about having to look at him and you still see that hunk you saw in high school when you saw him ..."*

Volgens Norment (1998:1) is die vrou van vandag se verwagtings met betrekking tot haar metgesel en verhoudings dan ook baie hoër as in die verlede. Steyn (1999:59) stel verder dat waar die swart vrou se verwagtings van die huwelik nou dikwels Westers georiënteerd is, haar emosionele en persoonlike behoeftes ook in pas is met dié van `n moderne Westerse vrou en maak sy op haar man staat om hierin te voorsien. Aangesien baie probleme in `n huwelik kan ontstaan as gevolg van verwagtinge waaraan nie voldoen is

nie, is dit belangrik om reeds voor die huwelik te kyk na wat `n persoon van die huwelik verlang (Mace, 1981:63).

Wat `n persoon se kennis ten opsigte van sy/haar aanstaande huweliksmaat betref, sê Van Zyl (1991:55-56) die volgende: Omdat daar sekere kwessies ten opsigte van `n persoon bestaan wat `n mens nie goed genoeg in `n oorhaastige verhouding kan leer ken nie, en wat onontbeerlik vir die sukses van `n moontlike huwelik kan wees, is dit noodsaaklik dat `n redelike tyd sal verloop waarin hierdie kennis van mekaar opgedoen kan word. So het `n paartjie byvoorbeeld die verantwoordelikheid om oor `n tydperk heen vas te stel of hulle werklik aangetrokke tot mekaar is en of hul aangetrokkenheid nie bloot op `n "blinde verliefdheid" gebaseer is nie. Sommige persone kan ook `n lang tydperk toneel speel en voorgee dat hy/sy iets of iemand is wat geheel en al anders as sy/haar ware self is. Gevolglik kan vals intensies in `n huwelik bestaan wat in `n skielike en impulsiewe besluit op `n huweliksmaat verborge bly (Van Zyl, 1991:55-56).

Elke persoon het sy eie unieke persoonlikheid. Volgens Van der Merwe (1991:143) kan dit egter gebeur dat volkome normale persone soms probleme ervaar om by mekaar aan te pas as gevolg van hul spesifieke persoonlikhede. Een van die deelnemers het dié verskynsel soos volg gestel:

> *"... maybe they are two dominating people and then they don't get along ...".*

Volgens Mace (1981:60) word dikwels geredeneer oor die vraag of huweliksmaats beter met mekaar oor die weg kom as hulle eenderse geaardhede het, en of daar enige waarheid steek in die idee dat teenoorgesteldes mekaar aantrek, soos bogenoemde aanhaling impliseer. Van der Merwe (1991:143) ondersteun weer eersgenoemde aantuiging en stel dat `n ekstroverte, ambisieuse man wat van geselskap, vriende en partytjies hou, byvoorbeeld om die een of ander rede verlief kan raak op en trou met `n ingetoë, introverte, oorgevoelige en hoogs kritiese vrou. In plaas daarvan dat hulle mekaar dus komplementeer, kan hulle mekaar dalk afbreek en die

slegste in mekaar na vore bring. Hoe dit ook al sy, die ongetroude volwasse Tswana-vrou sal slegs in staat wees om vas te stel of sy en haar aanstaande huweliksmaat se persoonlikhede mekaar gaan komplementeer of afbreek, indien sy haarself en haar huweliksmaat goed genoeg ken.

Na aanleiding van bogenoemde besprekings van hierdie drie temas, kan gesê word dat dit dus baie belangrike temas is wat by `n huweliks-voorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou ingesluit behoort te word.

Vir `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in die behandeling van hierdie drie temas kan aan groeplede gevra word om elk `n geskrewe verklaring te maak van *"wie ek is", "hoe ek my huidige situasie bereik het", "waar ek nou in die lewe staan", "wat ek nog in die lewe verwag"* (Mace, 1981:41), *"wat ek van die huwelik verwag"* (Mace, 1981:63) en *"wat ek van my huweliksmaat binne die huwelik verwag".* Volgens Mace (1981:63) hoef so `n bespreking nie lank te wees nie, maar moet dit baie spesifiek wees, aangesien vae veralgemenings soos *"ek wil hê my huwelik moet baie gelukkig wees",* niks sal baat nie. Elke groeplid moet vervolgens die geleentheid kry om haar verklaring aan die groep voor te hou, waarna `n groepsbespreking van elke groeplid se verwagtings van die huwelik en haar huweliksmaat kan volg. Op hierdie wyse kan te hoë of onrealistiese verwagtings deur mede-groeplede of die groepleier uitgewys en bespreek word, sodat sodanige verwagtings gewysig kan word. Dit is belangrik dat die groepleier bedag sal wees op die moontlikheid van idealistiese en onrealistiese verwagtings ten opsigte van `n aanstaande huweliksmaat, wat moontlik veral by jonger groepslede kan voorkom (vergelyk voorafgaande artikel). Die groepleier moet verder die belangrikheid van genoegsame kennis ten opsigte van `n voornemende huweliksmaat by groeplede tuisbring. Die gevare wat daaraan verbonde is om oorhaastig in die huwelik te tree, sonder dat sy haar maat goed ken (Van Zyl, 1991:56-57), behoort ook by hierdie bespreking ingesluit te word.

Alhoewel Mace se riglyn vir temas vir selfondersoek ten opsigte van persoonlikheid (1981:41) en huweliksverwagting (1981:63) op huweliks-voorbereiding aan voornemende egpare gerig is en verder vanuit `n Westerse raamwerk geskryf is, het die navorser hierdie riglyn bloot as basis gebruik en dit aangepas om in `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie, aangewend te kan word.

**Tema 4: Ouderdom van huweliksluiting**

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal die temas *"té jonk in die huwelik tree"* en *"beroep van die vrou"* saam hanteer word, aangesien dit uit die vorige artikel geblyk het dat dié temas direk verwant aan mekaar is.

Deelnemers se rede vir die identifisering van *"te vroeg in die huwelik tree"* as `n moontlike oorsaak vir vandag se egskeiding, spruit moontlik voort uit die feit dat deelnemers besef wat hul voorgangers se posisie binne die huwelik was indien hulle gedwing was om op `n baie vroeë ouderdom in die huwelik te tree. Dié vrou het verder nie die "geleentheid" van egskeiding gehad nie. Die volgende aanhaling illustreer hierdie navorsingsresultaat:

> *"... because they've seen what happened back in the day that your husband was cheating on you, it was just fine, you sit down and take it, because you got no education, no nothing. You just depend on him, you got married at the age of 17, you've got no education to work with, no one is going to hire you ..."*

Bogenoemde aanhaling beklemtoon die gebrek aan geleenthede vir onafhanklikheid en opleiding wat die lot van deelnemers se voorgangers was. Shapera (1994:128) bevestig dat die Tswana-huwelik in die ou dae sonder uitsondering deur die betrokke jongmense se ouers gereël is en dat die Tswana-meisie soms nog baie jonk was teen die tyd wat sy in die huwelik

moes tree. Verder kon geen literatuur opgespoor word oor die ouderdom van huweliksluiting nie.

Die emansipasie van die vrou, het egter `n algehele ommeswaai in bogenoemde teweeggebring. Die hedendaagse Tswana-vrou het die geleentheid om haar eie huweliksmaat te kies en self te besluit of sy in die huwelik wil tree al dan nie. Sy beskik ook oor meer geleenthede vir opleiding en selfs om `n suksesvolle beroep te betree en gevolglik broodwinnerskap met haar man te deel (Van der Vliet, 1991:221).

Dit was duidelik dat deelnemers deeglik bewus is van hierdie veranderde status van die vrou. Die deelnemers wat ten gunste van die huwelik was, het dan ook, sonder uitsondering, pertinent verklaar dat hulle eers op `n later stadium in hul lewe in die huwelik wil tree – in hul laat twintigs of selfs vroeë dertigs. Deelnemers se primêre rede vir dié standpunt was byna deurlopend opleidings- en beroepsgerig. Dit was verder baie duidelik dat "onafhanklikheid" vir die deelnemers die hoogste prioriteit is. Soos in die voorafgaande artikel genoem, bevestig en verklaar South (1993:357-358) hierdie verskynsel soos volg:

> *Growing financial independence and increased educational opportunities, in conjunction with reduced childbearing responsibilities, have allowed women to delay, and sometimes eschew, the adoption of marital and familial roles.*

Deelnemers het van die standpunt uitgegaan dat hulle eers hul studie wil voltooi, stabiliteit in hul lewe en beroep wil bereik, onafhanklik wil wees, al hul doelstellings wil bereik, hul eie motor en huis wil besit ensovoorts, voordat hulle in die huwelik sal tree. In reaksie op die vraag: *"What is the most important thing for you, personally: 1.) a successful career, or 2.) a happy marriage?"* was die dominante antwoord dan ook `n baie definitiewe *"successful career"*. Die dominante uitganspunt was dat die huwelik van vandag feitlik sonder uitsondering in `n egskeiding eindig en dat hulle *"iets wil hê om op terug te val"* (`n beroep) indien dit met hulle sou gebeur.

Deelnemers het hier weer eens beklemtoon dat hulle wel in die huwelik wil tree, maar eers op `n later stadium in hul lewe, nadat hulle sukses in `n beroep behaal het. Die volgende aanhaling bevestig hierdie navorsingsresultaat:

> *"... first and far most my success as a business woman would come first ... and on the other hand, I wanna be a good wife and have a beautiful marriage ...".*

Aangesien deelnemers sonder uitsondering verklaar het dat hulle eers op `n hoër ouderdom in die huwelik wil tree, sal daar in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou slegs kortliks by die tema *"te jonk in die huwelik tree"* stilgestaan word, veral ter wille van byvoorbeeld 17-jarige groeplede wat dalk steeds kan besluit om vroeg in die huwelik te tree. Na aanleiding van deelnemers se sterk gevoelens met betrekking tot onafhanklikheid, stabiliteit, sukses in `n beroep ensovoorts, sal dit egter baie sinvol wees om die hantering van hierdie gevoelens by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in te sluit.

Weens `n gebrek aan voldoende literatuur oor huweliksvoorbereiding ten opsigte van gevoelens rakende onafhanklikheid, stabiliteit, sukses in `n beroep ensovoorts, was die navorser nie in staat om vir die doel van hierdie artikel enige formele riglyne vir moontlike metodes of hulpmiddels vir die sinvolle hantering van hierdie gevoelens in `n huweliksvoorbereidingsprogram neer te lê nie. Daar kan egter wel gesê word dat die hantering van hierdie gevoelens in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, `n bespreking van die moontlike impak wat hierdie gevoelens op haar voorgenome huwelik en haar verhouding met haar aanstaande eggenoot kan hê, behoort in te sluit. Soos reeds in die voorafgaande artikel genoem, het Van der Vliet (1991:229) in haar studie tot die gevolgtrekking gekom dat die man oor die algemeen poog om die tradisionele in stand te hou, terwyl die vrou eerder streef na die moderne. Die volgende vraag ontstaan vervolgens onwillekeurig: "In watter mate sal `n onafhanklike, stabiele vrou in haar laat twintigs of vroeë dertigs, wat reeds haar eie huis en motor besit, `n "bedreiging" vir `n moontlike eggenoot wees, wat steeds poog om die

tradisionele na te volg?". Dit is `n netelige saak dié wat die ongetroude volwasse Tswana-vrou, wat na die moderne en onafhanklikheid streef, in die oë staar. Verdere navorsing ten opsigte van hierdie aspek en die insluiting daarvan in `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou word dus sterk aanbeveel.

**Tema 5: *Bogadi***

In die voorafgaande artikel is tot die gevolgtrekking gekom dat deelnemers gemengde gevoelens ten opsigte van die *bogadi*-gebruik van vandag openbaar. Die dominante uitgangspunt was dat deelnemers verkies dat hul aanstaande mans vir hulle *bogadi* moet betaal, terwyl `n sekondêre uitgangspunt weer so sterk teen die betaal van *bogadi* gekant is, dat deelnemers selfs bereid is om huweliksluiting, bloot weens die *bogadi*-gebruik, te vermy. Die volgende aanhalings beklemtoon hierdie twee uiteenlopende uitgangspunte:

> *"I want my man to pay lobola!"*
>
> *"... I just want to have a house of course, a baby, but I don't want to get married, because I don't want to feel if I was bought ...".*

In die voorafgaande artikel is verder opgemerk dat die *bogadi*-gebruik aansienlike veranderinge van die tradisionele *bogadi*-gebruik ondergaan het en dat dit vandag byna bloot `n "besigheidstransaksie" is. Rabede (*in* Steyn, 1999:54) stel verder dat *bogadi* vandag in stedelike gebiede `n finansiële las geword het, omdat daar van die jong voornemende bruidegom verwag word om `n groot bedrag geld uit sy salaris te betaal. Volgens Radebe het dit tot gevolg dat die paartjie hul huwelikslewe onder finansiële druk begin, wat weer aanleiding gee tot spanning wat die huwelikslewe nadelig beïnvloed. Aangesien *bogadi* as eenmalige betaling dus dikwels onmoontlik skyn te wees, loop afbetalings oor jare heen, omdat vrou en kinders ook nog onderhou moet word (Rabede *in* Steyn, 1999:54). Kinders word dus ook uit

die huwelik gebore voordat dit volgens Westerse definisie gewettig is (Steyn, 1999:54).

Na aanleiding van hierdie veranderinge wat die *bogadi*-gebruik ondergaan het, en die ongetroude volwasse Tswana-vroue se uiteenlopende perspektiewe ten opsigte van *bogadi*, is dit vervolgens belangrik om hierdie tema by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan hierdie vroue in te sluit.

Vir `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou tydens die behandeling van hierdie drie temas, kan aan elke groeplid die geleendheid gegee word om haar persoonlike perspektief op *bogadi* met die groep te deel. Steyn (1999:54) stel voor dat `n huweliksvoorbereidings-program by die behandeling van *bogadi* ook voorsiening behoort te maak vir die bespreking van die voor- en nadele van hierdie gebruik. Volgens hierdie skrywer impliseer bespreking in hierdie verband die aktiewe deelname van die groeplede en die groepleier. Die ouers van die ongetroude volwasse Tswana-vrou kan ook by die behandeling van hierdie tema betrek word om `n verdere dimensie aan die bespreking te verleen (Steyn,1999:54). Daar sal dus vasgestel kan word of die groeplede se ouers wel *bogadi* van hul dogter se aanstaande huweliksmaat gaan verwag. Vervolgens sal geleenheid aan groeplede en hul ouers gegee word om in die "veilige" atmosfeer van die groep hul persoonlike gevoelens ten opsigte van die *bogadi*-gebruik te bespreek.

Alhoewel Steyn (1999:54) se riglyn vir die aanbieding van die tema *"bogadi"* op `n kliënt-berader-benadering gebaseer is en verder vir huweliks-voorbereiding aan voornemende egpare voorgestel is, het die navorser die riglyn hierbo aangepas sodat dit net so doeltreffend vir huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, wat nie by `n verhouding betrokke is nie, in groepsverband aangewend kan word.

**Tema 6: Skoonouers**

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal die temas *"woon-by-skoonouers-gebruik"* en *"inmenging van die skoonfamilie"* saam behandel word, aangesien dit direk aan mekaar verwant is.

In die voorafgaande artikel is tot die gevolgtrekking gekom dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou baie sterk teen die woon-by-skoonouers-gebruik gekant is. Deelnemers het van die standpunt uitgegaan dat die vrou wat `n tydperk lank by haar skoonouers aan huis moet woon, dikwels soos `n slaaf behandel word en nie vry is om te doen wat sy wil nie. Hulle meen verder dat een huishouding nie deur twee vroue bestuur kan word nie, aangesien konflik in so `n situasie onvermydelik is. Deelnemers het ook gestel dat aangesien hulle eers op `n hoër ouderdom in die huwelik gaan tree, hulle teen daardie tyd waarskynlik reeds `n eie huis sal besit en gevolglik nie die doel daarvan insien om dan steeds na die huwelik by hul skoonouers te gaan inwoon nie. Die volgende aanhaling illustreer dié sterk afkeur van deelnemers ten opsigte van hierdie gebruik:

> *"No way, I'm sorry! Two woman ... you cannot have two woman in one house".*

Skrywers bevestig dan ook dat die skoonma die mees problematiese lid van die skoonfamilie is (Mace, 1881:85; Silverstein, 1990:399; Van der Berg, 2000:37). Volgens Mace (1981:86) gebeur dit dikwels dat die skoonmoeder jaloers op haar skoondogter is, aangesien sy haar seun se liefde met haar skoondogter moet deel. Sy probeer dan om haar verlore sentrale posisie in haar seun se lewe terug te wen deur in hul huwelik in te meng en te poog om haar seun van sy vrou te vervreem. Dit is egter `n tipiese scenario wat algemeen in Westerse families voorkom. Alhoewel deelnemers in hierdie ondersoek baie definitief verklaar het dat `n skoonmoeder in die Tswana-kultuur ook soms haar nuwe skoondogter baie sleg behandel, kon geen literatuur gevind word wat bevestig dat hierdie verskynsel dieselfde "jaloesie"-oorsprong as in die Westerse konteks het nie. Verdere navorsing ten opsigte

van hierdie tema sal dus baie sinvol wees. Mace (1981:86) stel verder dat die kompetisie en konflik tussen hierdie twee vroue in die Westerse kultuur sy toppunt bereik wanneer hulle saam onder dieselfde dak moet leef. Daar kan egter wel gesê word dat hierdie verskynsel ook baie definitief in die Tswana-kultuur voorkom – dit is dan ook een van die primêre redes waarom deelnemers so sterk teen die tradisionele woon-by-skoonouers-gebruik gekant is.

Na aanleiding van die sterk negatiewe gevoelens wat die ongetroude volwasse Tswana-vrou teenoor die woon-by-skoonouers-gebruik en spesifiek teenoor haar skoonmoeder openbaar, is dit belangrik om hierdie tema by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan hierdie vroue in te sluit, aangesien hierdie gebruik wel steeds in sommige Tswana-stamme beoefen word.

As gevolg van `n gebrek aan literatuur oor die woon-by-skoonouers-gebruik in die Tswana-kultuur, was die navorser nie in staat om hier enige formele riglyne vir moontlike metodes of hulpmiddels vir die sinvolle aanbieding van hierdie tema in `n huweliksvoorbereidingsprogram neer te lê nie. Die Westerse literatuur (Alpaslan *in* Foutie, 1994:59-61; Mace, 1981:86) se riglyne vir die behandeling van die "inmenging van skoonouers" in `n huweliks-voorbereidingsprogram is egter so sterk gerig op voornemende egpare, dat dit ook nie toegepas sal kan word op die ongetroude volwasse Tswana-vrou wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie. Dit is dus `n tipiese tema dié wat verdere studie verg ten einde in staat te wees om sinvolle metodes en hulpmiddels te ontwikkel vir die aanbieding van hierdie tema in `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou – veral aan die Tswana-vrou wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie. Daar kan egter wel gesê word dat so `n huweliksvoorbereidingsprogram met die behandeling van hierdie tema `n deeglike selfondersoek van die ongetroude volwasse Tswana-vrou sal insluit, ten einde te bepaal in welke mate sy bereid sal wees om aan haar skoonfamilie (veral skoonmoeder) se verwagtings te voldoen en in welke mate sy eiebelang eerste sal stel.

**Tema 7: Vrouemishandeling**

Deelnemers het vrouemishandeling as een van die oorsake van egskeiding voorgehou. Een deelnemer het dit soos volg gestel:

> *"You abuse your wife ... it's forced to be a breakup and divorce ...".*

In Du Preez en Van Niekerk (1988:154) se studie het `n jong swart man, besig met sy doktorale studie in die teologie, die volgende in verband met vrouemishandeling in die swart gemeenskap gesê:

> *"In ons tradisie is dit nie verkeerd dat `n man sy vrou slaan nie. In die Westerse kultuur word dit as verkeerd beskou ... My vraag is: ... Is dit volgens die Christelike etiek verkeerd ...? As ek by die huis kom en die huis is deurmekaar en die kinders is nog nie aangetrek nie, mag ek dan my vrou slaan? Nie om haar te mishandel nie, maar net dat sy moet verstaan".*

Bogenoemde aanhaling dui op `n daadwerklike probleem ten opsigte van kommunikasie in die swart huwelik (*"net sodat sy kan verstaan"*) en lewer `n bewys dat hierdie probleem gevolglik aanleiding tot vrouemishandeling kan gee.

Mashishi (2000:82) stel verder dat mans, volgens die patriargale strukturering van geslagsverhoudings in `n aantal samelewings, beskou word as ingelig, oopkop, beslis en onafhanklik, terwyl die vrou in teenstelling hiermee as onderdanig, swak en passief gesien word. Volgens Mashishi (2000:82) kan hierdie stereotipering van manlikheid en vroulikheid dan ook vrouemishandeling wettig en `n platform skep vir geweld in die huwelik.

Na aanleiding van die erns van vrouemishandeling en bogenoemde bewyse dat vrouemishandeling `n daadwerklike probleem binne die swart huwelik is,

sal dit sinvol wees om hierdie tema by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in te sluit.

`n Huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, by die behandeling van "vrouemishandeling", sal behels dat groeplede bemagtig sal word om toepaslik op te tree indien hulle wel in die toekoms binne die huwelik mishandel word. Groeplede behoort gemotiveer te word om nie vrouemishandeling te duld nie – geen vrou verdien om mishandel te word nie! `n Inligtingstuk met noodnommers, wetlike stappe wat teen so `n eggenoot geneem kan word ensovoorts kan ook aan groeplede uitgedeel word. Bogenoemde aanhaling van die deelnemer wat impliseer dat vrouemishandeling `n vrou "dwing" om van haar eggenoot te skei, is vir die navorser gerusstellend – die Tswana-vrou besef dus dat sy die reg het om haar eggenoot vir `n egskeiding te dagvaar indien hy haar sou mishandel, en sy dit nie bloot hoef te aanvaar nie.

**Tema 8: Kommunikasie binne die huwelik**

Soos reeds in die voorafgaande artikel genoem, beklemtoon die literatuur deurlopend die belangrikheid van kommunikasie binne die huwelik (Butler & Joyce, 1998:91; Sperry & Carlson, 1991:50). Deelnemers het self ook baie klem gelê op kommunikasie, soos blyk uit die volgende aanhaling:

> *"... 'cause to communicate with some one, to know what I need or want, and I know the same about you, that will take us far."*

In Du Preez en Van Niekerk (1988) se studie in verband met *"Huweliksvoorligting met geselekteerde groepe swart studente deur middel van groepwerk"* het hulle egter tot die gevolgtrekking gekom dat hoewel hulle deelnemers ook deurlopend die belangrikheid van kommunikasie in die huwelik beklemtoon het, hulle in belangrike opsigte van die beginsel afgewyk het. Du Preez en Van Niekerk, (1988:161) het byvoorbeeld die volgende tendense by hulle waargeneem:

- Deelnemers het feitlik eenstemmig van die standpunt uitgegaan dat die man en vrou in die huwelik geheime vir mekaar moet hê en dat sensitiewe sake nie met mekaar bespreek kan word nie
- Verskeie manlike deelnemers het gesê dat `n man sy vrou moet slaan as die gesprek nie slaag nie. Vroulike deelnemers het met die beginsel hiervan nie saamgestem nie, maar gesê dat hulle dit sal moet aanvaar indien dit wel gebeur.
- Deelnemers het ook meermale van die standpunt uitgegaan dat `n probleem opgelos word deur die skuldige party te ignoreer of in die verleentheid te stel, sonder dat gesprekvoering oorweeg word.

Aangesien die navorser nie die onderwerp van kommunikasie in hierdie ondersoek verder geëksploreer het nie, is daar nie tendense soos bogenoemde by die ongetroude volwasse Tswana-vrou geïdentifiseer nie. Dit is dus nog `n sinvolle tema wat verdere ondersoek verg.

Na aanleiding van bogenoemde navorsingsresultate van Du Preez en Van Niekerk (1988:161) stel hierdie outeurs verder dat daar in `n groot mate `n onvermoë by swart jongmense in die moderne samelewing bestaan om hulle werklik intiem oor te gee in `n stabiele emosionele vriendskap wat gebaseer is op `n verhouding tussen individue. Du Preez en Van Niekerk (1988:159) verduidelik hierdie verskynsel aan die hand van die tradisionele swart kultuurpatroon waarin die belange en identiteit van die groep belangriker geag is as die belange en identiteit van die individu. Dit het tot gevolg gehad dat gesprekvoering en die persoonlike vriendskapsverhouding tussen individue tradisioneel nie so belangrik geag is as in die Westerse kultuur nie. Sodanige kommunikasie was selfs nie tussen man en vrou prominent nie (Du Preez & Van Niekerk, 1988:159). Dit is die rede waarom genoemde onvermoë tot doeltreffende intieme kommunikasie in die huwelik van swartmense vandag steeds voortduur.

Alhoewel "kommunikasie" oor die algemeen wel in `n gestandaardiseerde Westerse huweliksvoorbereidingsprogram soos dié van Alpaslan (*in* Foutie, 1994:37-42) ingesluit word, wou die navorser hier argumenteer dat hierdie tema ook onmiskenbaar belangrik is in `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou. Bogenoemde bespreking van Du Preez en Van Niekerk (1988:159-161) ten opsigte van bewyse van `n onvermoë tot doeltreffende intieme kommunikasie binne die swart huwelik, bevestig die noodsaaklikheid om hierdie tema by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in te sluit.

Tydens `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, met die behandeling van hierdie tema, kan `n inligtingstuk oor kommunikasie en konflikhantering aan groepslede uitgedeel word, waarna die groepleier dit saam met hulle behoort deur te gaan. Aan die einde van die bespreking van die inligtingstuk kan `n werksopdrag ten opsigte van kommunikasie en konflikhantering aan die groeplede uitgedeel word (Alpaslan *in* Foutie, 1994:73) om in te vul. Positiewe kommunikasie-response kan verder deur middel van rollespel, inoefening en eksperimentering aan groeplede geleer word (Alpaslan *in* Foutie, 1994:73). Dit is belangrik om hier aandag te gee aan die identifisering van tendense soos hierbo deur Du Preez en Van Niekerk (1988:161) genoem, ten einde groeplede te lei om sulke "verkeerde" kommunikasiestyle positief te wysig.

Alhoewel Alpaslan (*in* Foutie, 1994:37-42) se riglyn vir die aanbieding van "kommunikasie" in `n huweliksvoorbereidingsprogram Westers georiënteerd is en verder op huweliksvoorbereiding aan voornemende egpare gebaseer is, is die navorser van mening dat hierdie program net so doeltreffend vir die ongetroude volwasse Tswana-vrou aangebied kan word. Dit sal egter belangrik wees om die spesifieke kommunikasiestyle, tendense ensovoorts, wat eie aan die Tswana-kultuur is, by so `n huweliksvoorbereidingsprogram in te sluit ten einde dit meer kultuurkongruent vir die ongetroude volwasse Tswana-vrou te maak. Die navorser het hierbo gepoog om hierdie riglyn vir die aanbieding van "kommunikasie" in `n huweliksvoorbereidingsprogram so

aan te pas dat dit ook vir die ongetroude Tswana-vrou wat nie by `n verhouding betrokke is nie, aangebied kan word.

**Tema 9: Seksualiteit**

Uit hierdie ondersoek was dit baie opvallend dat geen deelnemer die onderwerp van "seks" tydens die bespreking van die huwelik aangeraak het nie, terwyl dit tog een van dié belangrikste komponente van die huwelik is (Grobler, 1991:9). Hierdie doelbewuste vermyding van dié belangrike tema kan moontlik verduidelik word aan die hand van Du Preez en Van Niekerk (1988:157) se stelling dat daar glad nie binne die swart gemeenskap oor die huwelik of komponente daarvan gepraat word nie. Deelnemers kan moontlik gevolglik redeneer dat die term "seksualiteit", wat `n komponent van die huwelik is, dus `n taboe-onderwerp is waaroor liefs nie gepraat behoort te word nie. Dit kon egter baie sinvol gewees het indien die navorser self die onderwerp van seksualiteit tydens onderhoudvoering aangeraak het, ten einde deelnemers se reaksie op en houding ten opsigte van hierdie tema te kon waarneem. Dit is dus `n sinvolle tema hierdie wat in `n opvolg-ondersoek ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-vrou ingesluit kan word.

Volgens Du Preez en Van Niekerk (1988:157) blyk dit dat selfs ouers in die moderne swart gemeenskap nie met hul kinders oor hul verhoudingslewe of toekomstige huwelik en komponente daarvan kommunikeer nie. Jongmense kry dus meestal inligting met betrekking tot die seksuele by die ouer broers, susters of vriende asook uit literatuur en televisie (Du Preez & Van Niekerk, 1988:157), terwyl hierdie inligting nie altyd so betroubaar of korrek is nie. Kinders is verder dikwels ooggetuies van hulle ouers se intieme liefdeslewe (Du Preez & Van Niekerk, 1988:157), veral in informele nedersettings waar `n hele gesin in `n eenvertrekhuisie woon.

Alhoewel "seksualiteit" oor die algemeen wel in `n gestandaardiseerde Westerse huweliksvoorbereidingsprogram soos dié van Alpaslan (*in* Foutie, 1994:37-42) ingesluit word, wou die navorser hier argumenteer dat hierdie tema ook onmiskenbaar belangrik is vir `n kultuurkongruente huweliks-

voorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou. Bogenoemde bespreking van Du Preez en Van Niekerk (1988:157) ten opsigte van die beperkte "korrekte" inligting ten opsigte van seksualiteit waaraan die swart jongmens vandag blootgestel word, bevestig sterk die noodsaaklikheid vir die insluit van hierdie tema by 'n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

Vir 'n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou by die behandeling van hierdie tema kan 'n vraelys *"Jou seksuele I.K"* aan groeplede uitgedeel word om in te vul. Met behulp van hierdie vraelys sal die kennis, houding, behoeftes en verwagting van elke groeplid ten opsigte van die seksuele aangedui word (Alpaslan *in* Foutie, 1994:74). Die groepleier kan inligting uit hierdie vraelys sinvol gebruik vir die identifisering van leemtes in groeplede se kennis ten opsigte van seksualiteit en dit vervolgens by die huweliksvoorligtingsprogram inwerk. Hierna word kaartjies met vrae daarop soos: *"Ek het alreeds ondervindings in voorhuwelikse geslags-gemeenskap gehad – moet ek dit aan my maat vertel?"* aan groeplede gegee. Die groeplede moet dan om die beurt die vraag aan die groep voorlees, waarna dit bespreek word. Hierna tree die groepleier dan ook didakties toe om die punt onder bespreking verder toe te lig (Alpaslan *in* Foutie, 1994:74). Laastens word die vroulike en manlike seks responssiklus volledig bespreek (Alpaslan *in* Foutie, 1994:74).

Alhoewel Alpaslan (*in* Foutie, 1994:74) se riglyn vir die aanbieding van "seksualiteit" in 'n huweliksvoorbereidingsprogram Westers georiënteerd is en verder op huweliksvoorbereiding aan voornemende egpare gebaseer is, is die navorser van mening dat hierdie program net so doeltreffend vir die ongetroude volwasse Tswana-vrou aangebied kan word. Dit sal egter belangrik wees om bedag te wees op spesifieke perspektiewe, bygelowe, wanpersepsies ensovoorts wat moontlik in die Tswana-kultuur ten opsigte van seksualiteit kan bestaan. Verdere navorsing oor sulke perspektiewe, bygelowe, wanpersepsies ensovoorts ten opsigte van seksualiteit, wat eie is aan die Tswana-kultuur, word sterk aanbeveel ten einde die kultuurkongruensie van so 'n huweliksvoorbereidingsprogram te verhoog. Die

navorser het hierbo gepoog om hierdie riglyn vir die aanbieding van "seksualiteit" in `n huweliksvoorbereidingsprogram so aan te pas dat dit ook vir die ongetroude Tswana-vrou wat nie by `n verhouding betrokke is nie, aangebied kan word.

**Tema 10: Die man se perspektief van die huwelik**

Alhoewel hierdie tema nie doelbewus tydens die betrokke ondersoek hanteer is nie en die navorser juis in die voorafgaande artikel genoem het dat dit `n sinvolle onderwerp vir verdere studie is, kon sekere "leidrade" tog uit die aanhalings van sommige deelnemers waargeneem word ten opsigte van die Tswana-man se perspektief op die huwelik. Deelnemers het byvoorbeeld indirek met die bespreking van *"ontrou binne die huwelik"* en *"afskeep van die man na die geboorte van kinders"* laat deurskemer wat die Tswana-man se perspektief op die huwelik, volgens hulle verklaring, is.

Deelnemers het baie klem gelê op ontrouheid binne die huwelik en was dit met mekaar eens dat die feit dat mans ontrou is, hulle baie ontstel. Gevoelens soos *"angry", "confused", "hurt", "disgusted" en "discouraged"* het herhaaldelik in onderhoudvoering na vore gekom. In die voorafgaande artikel het deelnemers die volgende faktore as oorsake van ontrou binne die huwelik geïdentifiseer:

- Die man is tuis seksueel onbevredig.
- `n Gebrek aan kommunikasie wat lei tot misverstand of onbewustheid van mekaar se behoeftes.
- Die man tree in die huwelik sonder dat hy sy eggenote werklik ken.
- Die man besef dat sy vrou niks aan sy ontrouheid kan doen nie.
- Die vrou dra nie finansieel by tot die huishouding nie.

Bogenoemde illustreer duidelik die teenstrydigheid in denke wat by deelnemers heers ten opsigte van hul strewe na eiewaarde en outonomie enersyds en hul minderwaardige uitgangspunt andersyds van: *"As my man*

*ontevrede is met my of ons huwelik, het hy die reg om ontrouheid te wees."* Dit wil dan ook voorkom of dit presies is hoe die Tswana-man, volgens die deelnemers se verklaring, redeneer en sy buite-egtelike verhoudings regverdig. Steyn (1999:58) bevestig hierdie denkwyse van die Tswana-man deur te stel dat die swart man steeds voort gaan met die tradisionele sanksionering van meervoudige seksuele verhoudings, aangesien hy dit as sy *reg* beskou om fisiese verbintenisse buite die huwelik te hê.

In die Westerse literatuur word baie aandag ook gegee aan die oorsake van ontrouheid binne die huwelik (Botha, 1991:123-127; Fourie, 1995:153-159; Holme, 2000:84-84). Volgens Westerse outeurs soos Fourie (1995:160) kan hoofsaaklik vyf buite-egtelike verhoudings geklassifiseer word, met elke tipe buite-egtelike verhouding `n manifestasie van `n bepaalde probleem binne die huwelik. Bogenoemde sluit direk aan by die sisteemteorie se uitgangspunt met betrekking tot oorsaaklikheid. Beide gades se sirkulêre gedrag kan moontlik juis verband hou met die verskillende boodskappe wat hulle deur middel van die tipe buite-egtelike verhouding aan mekaar wil oordra (Fourie, 1995:153).

Deelnemers het "die afskeep van die man na die geboorte van kinders" ook as `n potensiële probleemfaktor binne die huwelik geïdentifiseer en van die standpunt uitgegaan dat dit in uiterste gevalle selfs tot ontrouheid binne die huwelik of tot egskeiding aanleiding kan gee. Een deelnemer het dit soos volg gestel:

> *"The wife maybe is concentrating on the children only and then not giving the husband a lot of attention. Going from work, coming back tired and then not giving him attention, then maybe he may decide ... to have an affair ...".*

Uit bogenoemde aanhaling blyk dit dus weer eens dat die Tswana-man, volgens die deelnemers se verklaring, redeneer dat dit sy reg is om buite-egtelike verhoudings aan te gaan indien hy binne die huwelik "afgeskeep" word.

Lasswell en Lasswell (1991:322) bevestig dat die geboorte van kinders `n probleemarea in die huwelik kan wees en verduidelik dat alhoewel min paatjies die impak van veral `n eerste baba as "`n krisis" of "traumaties" sal beskryf, die verskuiwing na ouerskap selde sonder `n mate van huwelikskonflik plaasvind. `n Primêre oorsaak van huwelikskonflik in hierdie verband lê daarin dat, namate een ouer (gewoonlik die moeder) nader aan die baba beweeg, die ander ouer dikwels uitgesluit en verwyderd kan voel. Volgens Lasswell en Lasswell (1991:325) verduidelik triangulering herhaaldelik die dinamiek agter emosies van jaloesie wat jong moeders en veral vaders moontlik kan hê wanneer hulle die een is wat uitgesluit voel. Die nuwe moeder voel verder dikwels dat seksuele interaksie van sekondêre belang in die nuut georganiseerde gesin is. Die man kan dan maklik seksueel verwerp voel en dit op die nuwe "mededinger" blameer (Lasswell & Lasswell, 1991:326). Hierdie seksuele frustrasie kan vervolgens ook aanleiding gee tot huwelikskonflik en selfs -ontrouheid.

Die hipotese kan vervolgens gestel word dat indien huweliksprobleme, wat aanleiding kan gee tot buite-egtelike verhoudings, voorkom kan word, en die swart man se denkpatroon, naamlik dat dit sy reg is om ontrouheid aan sy vrou te wees gewysig kan word, die moontlikheid dat een of beide gades by `n buite-egtelike verhouding betrokke kan raak in `n groot mate beperk sal word. Daar sal egter nie veel gedoen kan word aan die tweede deel van bogenoemde hipotese in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou nie, maar wel in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-man. Die aanbied van só `n huweliksvoorbereidingsprogram word vervolgens sterk aanbeveel ten einde denkwyses, soos hierbo deur Steyn (1999:58) genoem, by die ongetroude volwasse Tswana-man te ïdentifiseer en te probeer wysig.

Na aanleiding van bogenoemde hipotese, die Tswana-vrou se sterk gevoelens met betrekking tot ontrouheid binne die huwelik en die groot mate van potensiële konflik en/of ontrouheid wat "die afskeep van die man na die geboorte van kinders" vir `n egpaar in die huwelik kan inhou, sal dit dus sinvol wees om hierdie temas by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die

ongetroude volwasse Tswana-vrou in te sluit. Hierdie stelling word deur die volgende aanhaling van Botha (1991:127) bevestig: *"... infidelity in marriage can to a great extent be prevented by training children for marriage and it's realities".* Lasswell en Lasswell (1991:324) stel verder dat 'n groot mate van ondersteuning gedurende swangerskap en die geboorte self beskikbaar is, maar dat baie min gedoen word om paartjies voor te berei op die impak wat die toevoeging van 'n baba tot die gesinseenheid en hul verhouding met mekaar kan hê. Alhoewel die tema van "die afskeep van die man na die geboorte van kinders" egter nie primêr by 'n huweliksvoorbereidingsprogram tuishoort nie, gaan die navorser van die veronderstelling uit dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou moontlik nie op 'n latere stadium weer aan so 'n geleentheid blootgestel sal word om wel aandag aan hierdie belangrike tema te skenk nie.

By die behandeling van hierdie temas in 'n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, kan begin word deur aan elke groeplid die geleentheid te gee om haar houding ten opsigte van die man, sowel as haar verklaring van wat die Tswana-man se perspektief op die huwelik is, met die groep te deel. Dit kan aanleiding gee tot 'n sinvolle groepsbespreking en ander sinvolle temas wat ook by die huweliksvoorbereidingsprogram ingesluit kan word, kan uit hierdie groepsbespreking geïdentifiseer word. Met die behandeling van "ontrouheid" in die huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, kan 'n inligtingstuk oor potensiële oorsake van buite-egtelike verhoudings aan groeplede uitgedeel word. Ter wille van kultuurkongruensie, is dit belangrik om veral klem te lê op die vyf oorsake van ontrouheid, wat deur deelnemers tydens hierdie ondersoek geïdentifiseer is. Sinvolle wyses waarop hierdie oorsake moontlik binne die huwelik voorkom kan word, kan gevolglik deur middel van 'n groepsbespreking hanteer word. Die groepleier kan hier ook insette lewer. Groeplede behoort verder ingelig te word aangaande Westerse waardes wat getrouheid in die monogame huwelik hoog aanslaan. Negatiewe gevolge van buite-egtelike verhoudings, naamlik gesingsverbrokkeling, disfunksionele rolmodelle, onstabiliteit in die huwelik ensovoorts moet ook met groeplede bespreek word. Gesondheidsrisiko's wat

buite-egtelike verhoudings inhou, moet ook by hernuwing onder hulle aandag gebring word (Steyn, 1999:55). Laasgenoemde inligting is noodsaaklik, aangesien daar geredeneer kan word dat dit nie uitsluitlik mans is wat by buite-egtelike verhoudings betrokke raak nie (Holme, 2000:84).

As gevolg van `n gebrek aan literatuur oor "die afskeep van die man na die geboorte van kinders" was die navorser egter nie in staat om vir die doel van hierdie artikel enige formele riglyne vir moontlike metodes of hulpmiddels vir die sinvolle aanbieding van hierdie tema in `n huweliksvoorbereidingsprogram voor te stel nie. Daar kan egter wel gesê word dat die primêre oogmerk vir die behandeling van hierdie tema in `n huweliksvoorbereidingsprogram sal wees om groeplede bewus te maak van die verskynsel van triangulering wat kan plaasvind met die geboorte van `n kind en die gevaar wat dit vir die egpaar se huweliksgeluk kan inhou. Daar word gevolglik sterk aanbeveel dat hierdie tema verder ondersoek moet word ten einde sinvolle metodes en hulpmiddels vir die aanbieding van hierdie tema in `n kultuurkongruente huweliks-voorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, te kan voorstel – veral aan die Tswana-vrou wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie.

**Tema 11: Tradisionele Tswana-vrou vs moderne Tswana-vrou**

In die voorafgaande artikel is tot die gevolgtrekking gekom dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou in `n ernstige mate interne konflik beleef ten opsigte van haar moderne strewe enersyds, wat `n intense behoefte aan eiewaarde en outonomie insluit, teenoor haar tradisionele verwagtings andersyds. Na aanleiding van Van der Vliet (1991:229) se studie, waar gevind is dat die man in die algemeen poog om die tradisionele in stand te hou, terwyl die vrou hoofsaaklik eerder na die moderne streef, is die vraag aanvanklik gestel of dit nie dalk inderdaad die man is wat druk op die vrou plaas om steeds die tradisionele na te volg sodat sy steeds onder sy beheer en in `n mate ondergeskik aan hom kan wees nie. Uit die ondersoek het duidelike bewyse egter na vore gekom dat die jong ongetroude Tswana-vrou wel self, sonder die invloed van die man, in sekere gevalle steeds die tradisionele aanhang.

Vervolgens sal `n lys saamgestel word van al die gebiede ten opsigte waarvan die deelnemers in hierdie ondersoek interne konflik beleef:

- Deelnemers het in `n groot mate verwarring beleef ten opsigte van hul perspektief op die huwelik, aangesien daar tans `n aantal veranderlikes binne die huwelik voorkom wat `n onaangename voorkoms daaraan gee. So het dit voorgekom of deelnemers graag in die huwelik sal wil tree, maar dat hulle terselfdetyd besef waaraan hulle hulleself dan moontlik sal blootstel.
- Tydens die bespreking van "ontrouheid binne die huwelik" is `n teenstrydigheid in denke by deelnemers waargeneem ten opsigte van hul strewe na eiewaarde en outonomie enersyds en hul minderwaardige uitgangspunt andersyds van: *"As my man ontevrede is met my of ons huwelik, het hy die reg om ontrou te wees".*
- Die keuse van `n suksesvolle beroep bó `n gelukkige huwelik het die interne konflik wat by deelnemers bestaan ten opsigte van hul intense behoefte aan eiewaarde en outonomie enersyds en hul besef dat hulle moontlik nie op hul lewensmaats sal kan staatmaak om dié gehoefte te bevredig nie andersyds, beklemtoon. Gevolglik het deelnemers beplan om vir hulle `n "agterdeur" oop te hou in `n poging om self hul eiewaarde en outonomie te verseker.
- Die feit dat deelnemers tradisionele aspekte van die *bogadi*-gebruik as "voordele" daarvan genoem het, was weer eens `n bewys van hul verwarring ten opsigte van die tradisonele en die moderne. Deelnemers lê deur die loop van die ondersoek baie sterk klem op hul moderne strewe, terwyl hulle hier egter laat blyk dat hulle tog steeds die tradisionele gebruik van *bogadi* wil aanhang.
- Die klem wat die deelnemers op hul misnoeë ten opsigte van die geld-aspek van *bogadi* en die bedrag daarvan geplaas het, het ook die interne konflik wat by hulle ontstaan as gevolg van hul smagting na eiewaarde en outonomie enersyds en die onmiskenbare feit dat die *bogadi*-gebruik

steeds in `n mate "objekte" van hulle maak wat "gekoop" kan word andersyds, beklemtoon.

- Dit was opvallend dat die dominante uitgangspunt tydens onderhoudvoering ten gunste van die *bogadi*-gebruik was, maar dat die dominante uitgangspunt ook baie definitief téén die "woon-by-skoonouers-gebruik" was – terwyl albei hierdie gebruike tog tradisies van die Tswana-kultuur is. Hierdie verskynsel is `n goeie voorbeeld van die verwarring wat by deelnemers bestaan ten opsigte van hul moderne strewe enersyds en tradisionele verwagtings andersyds.
- Die klem wat deelnemers gelê het op hul toekomstige huweliksmaat se vermoë om in hul behoeftes te voorsien was `n aanduiding van `n gevoel van eiewaarde en outonomie wat hier deur deelnemers ervaar is. Dit is egter volkome in teenstelling met die onderdanige en minderwaardige selfkonsep van deelnemers wat op soveel ander plekke in hierdie ondersoek deurgeskemer het. Hierdie teenstrydigheid in die denke van deelnemers beklemtoon weer eens die interne konflik wat by hulle bestaan as gevolg van hul moderne strewe enersyds, wat gepaard gaan met `n intense behoefte aan eiewaarde en outonomie, teenoor hul tradisionele verwagtings andersyds.

Tydens die betrokke ondersoek is ook tekens van onderliggende angstigheid ten opsigte van verandering van die tradisionele na die moderne, by deelnemers waargeneem. Die gevolgtrekking is gevolglik gemaak dat bogenoemde interne konflik dan ook moontlik die direkte gevolg van deelnemers se angstigheid ten opsigte van hierdie "verandering" is.

In die literatuur word ook deurlopend van hierdie verwarring ten opsigte van die tradisionele en die moderne melding gemaak. Outeurs (Du Preez & Van Niekerk, 1988:159; Steyn, 1999:54) skryf hierdie verwarring toe aan die vermenging van die tradisionele, Westerse en Christelike waardes wat binne die swart kultuur voorkom, maar nog nie met mekaar in harmonie gebring is nie. Rabin (1996:27) bevestig die voorkoms van hierdie onvermoë om die moderne met die tradisionele te versoen ook in die Westerse kultuur. Sy stel

dat persone dikwels poog om van tradisionalisme weg te beweeg, maar dat hulle nog nie definitief hul egalitarisme gevestig het nie. Volgens Du Preez en Van Niekerk (1988:154) is die akkulturasieproses in die swart kultuur ook nog aan die gang. Steyn (1999:52) verduidelik dit soos volg: *"`n Westerse utopie is skielik vir die swart persoon oopgegooi – waar hy voorheen net selektief aan die 'moderne' kultuur blootgestel is, het hy nou vrye toegang tot alles wat die Westerse samelewing bied".* In reaksie op bogenoemde aanhaling van Steyn (1999:52) sou `n mens gevolglik kon argumenteer dat met "moderne", nie altyd noodwendig "Westerse" bedoel word nie. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal hierdie twee terme egter as sinonieme gebruik word. Volgens Steyn (1999:52) het die assimilering van die Westerse kultuur met die tradisionele `n bikulturaliteit tot gevolg wat aanleiding gee tot verskeie patologiese verskynsels waarvan disharmonie in die huweliks-verhouding baie prominent figureer.

Na aanleiding van die groot mate van interne konflik wat tydens hierdie ondersoek by die ongetroude volwasse Tswana-vrou ten opsigte van die huwelik en talle aspekte daarvan geïdentifiseer is weens haar verwarring met betrekking tot die tradisionele en moderne, en bogenoemde stelling van Steyn (1999:52) dat hierdie interne konflik aanleiding kan gee tot disharmonie in die huwelik, is die insluit van hierdie tema by `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou onvermydelik. In die voorafgaande artikel is die hipotese dan ook gestel dat alle aspekte wat moontlik interne konflik by deelnemers kan ontlok, in `n groot mate uitgeskakel of ten minste verminder kan word deur die aanbieding van `n toepaslike kultuurkongruente huweliksvoorligtingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

Tydens die behandeling van hierdie tema in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou, behoort die groepleier te poog om die aspek/te te identifiseer ten opsigte waarvan elke groeplid interne konflik ervaar, aangesien hierdie aspek/te van persoon tot persoon kan verskil. Dit is `n baie moeilike taak wat op die groepleier se skouers rus, aangesien groeplede moontlik self nie eens van hierdie interne konflik bewus kan wees nie. Die groepleier sal hierdie interne konflik moet identifiseer uit die

behandeling van die vorige voorgestelde temas. Dit is dan ook die primêre rede waarom die navorser voorstel dat hierdie tema heel laaste in 'n huweliksvoorbereidingsprogram behandel moet word. Sodra hierdie aspek/te geïdentifiseer is, kan dit doelbewus in die huweliksvoorbereidingsprogram behandel word. 'n Bespreking van die belangrikheid van 'n balans tussen die vrou se nuutgevonde onafhanklikheid en haar tradisionele verpligtinge, soos in die voorafgaande artikel deur deelnemers beklemtoon, behoort ook by die behandeling van hierdie tema ingesluit te word. Die moontlike impak wat die misbruik of wangebruik van hierdie nuutgevonde regte en alles wat daarmee gepaard gaan op die vrou se huwelik en hele gesin kan hê, behoort by groeplede tuisgebring te word. Dit sal verder sinvol wees om aandag te gee aan die angstigheid wat moontlik by groeplede kan bestaan ten opsigte van verandering ten einde hulle te bemagtig om hierdie vrese te oorkom.

As gevolg van die kompleksiteit van hierdie tema word verdere studie ten opsigte daarvan sterk aanbeveel ten einde nog sinvolle metodes en hulpbronne vir die aanbieding van hierdie tema in 'n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou voor te stel.

## 6. BESPREKING

In hierdie artikel is stilgestaan by 'n aantal temas wat as betekenisvol vir 'n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou beskou kan word. Die identifisering van die betrokke temas het voortgevloei uit sekere navorsingsresultate van hierdie ondersoek wat in die voorafgaande artikel aangeteken is. Vir die doeleindes van hierdie artikel is by 'n totaal van 16 voorgestelde temas stilgestaan, maar as gevolg van sommige van hierdie temas se ooreenkomste of verwantskap, is hulle saam hanteer.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die voorgestelde temas vir huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in hierdie artikel nie as plaasvervanger vir 'n gestandaardiseerde huweliks-

voorbereidingsprogram moet dien nie. Die oogmerk van die voorstel van die betrokke temas is om steeds `n huweliksvoorbereidingsprogram soos dié van Alpaslan (*in* Foutie, 1994:19-78) vir die ongetroude volwasse Tswana-vrou aan te bied, maar om hierdie voorgestelde temas by die program in te weef ten einde groter kultuurkongruensie daaraan te verleen. Dit is egter nie nodig om al 16 voorgestelde temas by een huweliksvoorbereidingsprogram in te sluit nie. `n Behoeftebepaling by die aanvang van groepsessies kan sinvol wees vir die identifisering van temas wat by die betrokke groep aanklank sal vind, aangesien probleme en behoeftes van groep tot groep (en selfs van individu tot individu) kan verskil. Dit is verder ook nie `n vereiste om temas in dieselfde volgorde as die navorser se voorgestelde volgorde vir die aanbieding van temas in `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse vrou aan te bied nie. Hierdie volgorde kan bepaal word aan die hand van `n behoeftebepaling of deur die groepleier se eie goeie oordeel.

Sommige van die voorgestelde temas in hierdie artikel soos kommunikasie, skoonouers, huweliksmotief ensovoorts is egter nie uniek aan hierdie ondersoek nie en is reeds in huweliksvoorbereidingsprogramme soos dié van Alpaslan (*in* Foutie, 1994:19) opgeneem. Die rede vir hierdie herhaling van temas, is om te beklemtoon dat dit spesifiek deur die ongetroude volwasse Tswana-vrou as `n potensiële probleemarea binne die Tswana-huwelik geïdentifiseer is, en dus ook onmiskenbaar belangrik is vir die aanbieding van `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

Vir die doel van hierdie navorsing gaan `n program wat die voorgestelde temas insluit egter nie empiries getoets word nie, aangesien die beoogde omvang van hierdie navorsingsverslag nie ruimte daarvoor laat nie.

## 7. GEVOLGTREKKING

Die maatskaplike werker moet in staat wees om buite sy/haar tradisionele denkpatroon te beweeg ten einde transkulturele hulpverlening moontlik te maak. Begrip vir verskillende kulture se denkpatrone en waardesisteme behoort voor te kom, en daar moet besef word dat die algemeengeldende waardes binne maatskaplike werk nie sonder meer by ander kulture veronderstel kan word nie. Wanneer maatskaplike werk onder andere aan hierdie aspekte aandag gee en verdere transkulturele navorsing aanmoedig, sal probleme binne die swart gemeenskap meer effektief geïdentifiseer kan word en hulpverlening aan die mense van hierdie gemeenskap meer doeltreffend kan geskied.

Dit is dan juis ook die primêre beginsel waarop hierdie ondersoek berus het, naamlik die uitbreiding van inheemse kennis ten opsigte van maatskaplike hulpverlening aan `n swart kultuur in Suid-Afrika en meer spesifiek ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

Deur die insluit van die voorgestelde temas in hierdie artikel in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou sal kultuurkongruensie dan ook daaraan verleen word.

Daar kan vervolgens gesê word dat die betrokke ondersoek bygedra het tot die uitbou van begrip ten opsigte van `n ander kultuur se denkpatrone en waardesisteem, en dus primêr in ooreenstemming is met transkulturele dienslewering.

## 8. AANBEVELINGS

- Daar word aanbeveel dat `n kultuurkongruente huweliksvoorligtings-program aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in groepsverband aangebied word, aangesien die navorser van mening is dat dit die beste maatskaplikewerk-metode vir die aanbieding van so `n huweliks-

voorligtingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou is. Hierdie uitgangspunt word deur die literatuur gestaaf.

- Verdere navorsing ten opsigte van sinvolle metodes en hulpmiddels wat by die aanbieding van elke voorgestelde tema gebruik kan word, word sterk aanbeveel. Temas wat spesiale aandag in hierdie verband moet geniet, is onder andere:

  - Die impak wat die ongetroude volwasse Tswana-vrou se algehele onafhanklikheid op haar voorgenome huwelik en aanstaande huweliksmaat kan hê.
  - Moontlike redes vir die slegte behandeling wat `n skoondogter soms van haar skoonmoeder ontvang, binne die Tswana-kultuur.
  - Metodes en hulpmiddels vir die aanbieding van die tema "woon-by-skoonouers-gebruik" in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.
  - Kommunikasiestyle en -tendense wat moontlik by die ongetroude volwasse Tswana-vrou kan voorkom.
  - Metodes en hulpmiddels vir die aanbieding van die tema "afskeep van die man na die geboorte van kinders" in `n huweliksvoorbereidings-program aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.
  - Die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief op en kennis ten opsigte van seksualiteit.
  - Metodes en hulpmiddels vir die aanbieding van die tema "interne konflik" in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

- Hierdie ondersoek behoort as grondslag te kan dien van waaruit verdere transkulturele navorsing kan voortspruit, ten einde die empiriese gebrekkigheid uit te wis wat bestaan ten opsigte van hulpverlening en veral huweliksvoorbereiding aan ander kulture en meer spesifiek die ongetroude volwasse Tswana-vrou bestaan.
- Dit sal baie betekenisvol wees indien `n soortgelyke studie ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-man onderneem kan word ten einde

kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-man en selfs Tswana-paartjies moontlik te maak.

## 9. BIBLIOGRAFIE

ALPASLAN, AH 1991. Huweliksvoorbereiding deur middel van primêre metodes van maatskaplike werk en die benutting van funksionele hulpmiddels. **Maatskaplike Werk/Social Work,** 27(1):72-73.

ALPASLAN, N 1994. **Hoop en hulp vir die huwelik: `n Werkboek vir huweliksvoorbereiding en huweliksbegeleiding**. Pretoria: Kagiso.

BOTHA, D 1991. My marriage partner has been unfaithful: What am I to do?. **Orientation,** 58:122-130.

BUTLER, C & JOYCE, V 1998. **Counselling couples in relationships: An introduction to the relate approach**. Chichester: Wiley.

DU PREEZ, MSE & VAN NIEKERK, CE 1988. Huweliksvoorligting met geselekteerde groepe swart studente deur middel van groepwerk. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 24:154-163.

DU TOIT, D 1991. The wrong motives for marrying. **Orientation**, 58:45-52.

FOURIE, DP 1995. `n Beskrywing van die aard en tipes buite-egtelike verhoudings wat in huwelike voorkom. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 31(2):149-160.

FOUTIE, VWR 1994. **Huweliksvoorbereiding: `n Programevaluering**. Port Elizabeth: UPE. (M-verhandeling)

GREEFF, AP & UYS, H 1996. Behoeftes en verwagtinge ten opsigte van huweliksvoorbereidingsprogramme. **The Social Work Practitioner,** 9:128-137.

GROBLER, J 1991. How important is sex in marriage?. **Orientation**, 58:9-12.

**HAT** (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) 1991. Johannesburg: Perskor.

HENDRICK, S & HENDRICK, C 1992. **Liking, loving and relating** (2nd ed) California: Brooks/Cole.

HOLME, D 2000. Why I cheat on my husband. **Pace**:84-85, Dec.

LASSWELL, M & LASSWELL, T 1991. **Marriage and the family** (3rd ed) California: Wadsworth.

MACE, DR 1981. **Voorbereiding vir die huwelik**. Pretoria: HAUM.

MASHISHI, A 2000. Wife battering: An exploration of the abuse of African women at two shelters in Johannesburg. **Society in transition,** 31(1):82-87.

NORMENT, L 1998. Sex and the new black woman: Myths and realities. **Ebony**, 53(5):104 (3 p.), Mar. **In:** EBOSCOHost: Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com [Date of access : 21 Junie 2002]

POGGENPOEL, M 1998. Data analysis in qualitative research. **In:** DE VOS, AS (ed) **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: Van Schaik.

PRETORIUS, HG, VAN WYK, JD & SCHEPERS, JM 1992. Die evaluering van 'n huweliksvoorbereidingsprogram. **Suid-Afrikaanse tydskrif vir Sielkunde,** 22(3):140-145.

RABIN, C 1996. **Equal partners good friends: Empowering couples through therapy.** London: Routledge.

SCHAPERA, I 1994. **A handbook of Tswana law and custom: Compiled for the Bechuanaland Protectorate Administration**. London: LIT.

SOUTH, SJ 1993. Racial and ethnic differences in the desire to marry. **Journal of marriage and the family,** 55:357-370, May.

SCHOEMAN, JP 1987. Die invloed van die hofmaaktydperk op huweliksaanpassing. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 23:277.

SIKHITHA, TM 1996. Social work practice in cross-cultural situations: Some guidelines for practice. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 32(1):61-66.

SILVERSTEIN, JL 1990. The problem with in-laws. **Journal of family therapy,** 14:399-412.

SPERRY, L & CARLSON, J 1991. **Marital therapy: Integrating theory and technique**. Denver: Love.

STEYN, MG 1999. Die noodsaaklikheid en aard van 'n huweliks-voorbereidingsprogram vir swart laat-adolessente. **Social work practitioner-researcher,** 11(2):52-64, Nov.

STRYDOM, H 2000. **Maatskaplikewerknavorsing** (MWK 321/411). Potchefstroom: PU vir CHO.

VAKTAALKOMITEE 1995. **Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk.** Kaapstad: CTP Book Printers.

VAN DER BERG, M 2000. **Jonggetroudes se belewing van hul skoonouers**. Potchefstroom: PU vir CHO. (M skripsie)

VAN DER MERWE, J 1991. What do we do about personality conflicts? **Orientation,** 58:142-148.

VAN DER VLIET, V 1991. Traditional husbands, modern wives?: Constructing marriages in South African townships. **African studies,** 50(1): 219-241.

VAN DER WALT, BJ 1994. **The liberating message: A Christian worldview for Africa**. Potchefstroom: IRS.

VAN ZYL, F 1991. Marry in haste. **Orientation,** 58:53-58.

# AFDELING C

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

# 1. SAMEVATTING

`n Kwalitatiewe, verkennende (Strydom, 2000:74) ondersoek is onderneem. Twee en dertig Tswana-vroue, wat aan al die gestelde kriteria vir hierdie ondersoek voldoen het, is by die ondersoek ingesluit. Dié Tswana-vroue het bestaan uit 10 graad 12-meisies, 12 universiteit-studentemeisies en 10 vrywilligers van `n plaaslike Welsynsorganisasie ten einde tot `n meer geloofwaardige gevolgtrekking te kon kom. Semi-gestruktureerde onderhoudvoering (Strydom, 2000:121) is as data-insamelingsinstrument gebruik. Ter voorbereiding van dié onderhoude is `n onderhoudskedule (sien Bylaag A) ontwikkel, waarvan die kultuurkongruensie van elke vraag vooraf getoets is. Daar is van *Tesch* se benadering (Poggenpoel, 1998:343) by die ontleding van data gebruik gemaak. Na die voltooiing van `n data-analise is `n literatuurkontrole ook onderneem om die bevindinge in hierdie ondersoek te bevestig, unieke bevindinge in hierdie ondersoek te identifiseer, asook bevindinge in die literatuur wat nie in hierdie ondersoek na vore gekom het nie, uit te lig (Woods & Catanzaro, 1988:135).

# 2. GEVOLGTREKKINGS

## 2.1 <u>Gevolgtrekkings rakende doelwitte</u>

### 2.1.1 Gevolgtrekkings rakende doelwit 1: "Om deur middel van `n empiriese ondersoek en literatuurkontrole `n vergelyking te tref tussen die posisie wat die Tswana-vrou in die verlede in die tradisionele swart huwelik beklee het teenoor die posisie wat sy vandag in die moderne huwelik beklee."

Ten einde hierdie doelwit te bereik, is vrae by die onderhoudskedule ingesluit, wat handel oor die tradisionele huwelik teenoor die hedendaagse huwelik, asook die posisie wat die Tswana-vrou in beide hierdie huwelike beklee het of tans beklee.

Deelnemers en verskeie outeurs (Laville, 1999:151; Mashishi, 2000:82; Steyn, 1999:58) is dit eens dat die vrou in die verlede in die tradisionele swart huwelik 'n onderdanige rol en status beklee het. Die tradisionele swart huwelik was in die verlede primêr 'n ekonomiese en voortplantingseenheid en die vrou was derhalwe as ekonomies voordelig beskou (Steyn, 1999:58).

Volgens deelnemers het aansienlike veranderinge egter in die Tswana-huwelik, sowel as in die Tswana-vrou se rol en status binne die huwelik plaasgevind, wat volgens hulle veral op drie gebiede manifesteer, naamlik die vrou se nuutgevonde reg om die beroepswêreld te betree, haar opinie oor 'n saak binne die huwelik te lig en gelykheid ten opsigte van haar man te beklee. Die literatuur (Grondwet, 1996; Levitz, 1995:25; Shapera, 1971; Shapera, 1994:125; Steyn, 1999:58) bevestig hierdie aansienlike verandering in die posisie van die vrou en skryf dit toe aan veral twee betekenisvolle gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika, naamlik verstedeliking (Steyn, 1999:58) en die instel van gelyke regte tussen mans en vroue (Levitz, 1995:25). Shapera (1994:125) bevestig verder die aansienlike veranderinge in die Tswana-huwelik, sowel as die Tswana-vrou se rol en status binne die huwelik en verduidelik dit aan die hand van hoofsaaklik twee aspekte, naamlik die bekendstelling aan die Westerse huwelik enersyds en die veranderinge ten opsigte van gebruike verwant aan die *bogadi*-oordrag andersyds (Shapera, 1971; Shapera, 1994:125).

Verdere literatuurstudie het egter weer die vraag laat ontstaan of bogenoemde verwikkelinge wel so 'n groot voordeel en/of verandering vir die vrou en dan meer spesifiek vir die Tswana-vrou ingehou het. Van Zyl (1994:4) het byvoorbeeld gestel dat alhoewel vroue oor gelyke regte behoort te beskik, die omstandighede waarbinne vroue vandag funksioneer, steeds dieselfde bly. Dit wil dus voorkom of 'n teenstrydigheid bestaan in dit wat behoort te wees en dit wat werklik is.

Uit die ondersoek het dit na vore gekom dat hierdie teenstrydigheid interne konflik by die ongetroude volwasse Tswana-vrou veroorsaak ten opsigte van haar tradisionele verwagtings enersyds en moderne strewe andersyds. Daar

is aanvanklik van die standpunt uitgegaan dat dit inderdaad die man is wat druk op die vrou plaas om steeds die tradisionele in stand te hou, terwyl die vrou hoofsaaklik eerder na die moderne streef (Van der Vliet, 1991:229). Uit die ondersoek kom daar egter duidelike bewyse na vore dat die Tswana-vrou in sekere gevalle soms self, sonder enige invloed van die man, tradisionele verwagtinge van haarself koester.

Deelnemers het verder klem gelê op die belangrikheid van `n balans tussen die vrou se nuutgevonde onafhanklikheid en haar tradisionele verpligtinge. Hulle het beweer dat die "misbruik" of "wangebruik" van die vrou se nuutgevonde regte en alles wat daarmee gepaard gaan op sy beurt weer nadelig vir die vrou, haar huwelik en haar hele gesin kan wees. Deelnemers het van die standpunt uitgegaan dat die hedendaagse Tswana-vrou soms só vasgevang raak in haar beroep, dat sy haar huishoudelike take en gesin geheel en al verwaarloos. Van Zyl (1994:4-5) verduidelik die voorkoms van hierdie verskynsel aan die hand van die werkende vrou se driedubbele rol; die van huisvrou, moeder en beroepsvrou. Hierdie skrywer stel dat dit nie altyd maklik is om in aldrie bogenoemde rolle te presteer nie, aangesien vroue ook maar net oor beperkte energie en tyd beskik. Sekere opofferinge moet dus gemaak word.

Hierdie doelwit was egter slegs ten dele haalbaar, aangesien die deelnemers verwesters is. Die ideaal sou wees om ook `n groep tradisionele vroue by die ondersoek in te sluit ten einde hulle perspektiewe rakende hierdie doelwit te ondersoek. Bogenoemde kan dus as `n leemte van hierdie ondersoek en meer spesifiek van hierdie doelwit beskou word.

### 2.1.2 Gevolgtrekkings rakende doelwit 2: "Om deur middel van `n empiriese ondersoek en literatuurkontrole vas te stel wat die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou tans is."

Hierdie doelwit vorm die primêre oogmerk van hierdie ondersoek en is deur onderhoudvoering met die betrokke deelnemers en `n literatuurkontrole bereik.

Drie uitgangspunte ten opsigte van huwelikstatus-voorkeur is by deelnemers geïdentifiseer. Die dominante uitgangspunt was dat deelnemers wel in die huwelik wil tree, maar `n sekondêre uitgangspunt was weer `n sterk teenkanting teen die huwelik. `n Verdere uitgangspunt was egter `n volkome onverskillige houding ten opsigte van huweliksluiting – die huwelik word op die oomblik geensins as `n opsie oorweeg nie.

Dit was opmerklik vanuit die ondersoek dat bogenoemde resultate baie verskillend was vir die drie betrokke groepe, naamlik die graad 12-meisies, studentemeisies en vrywilligers van die Welsynsorganisasie. Die primêre rede vir hierdie verskil is tydens hierdie ondersoek as die verskil in *lewensfase* geïdentifiseer.

Al die deelnemers wat ten gunste van die huwelik was, se beskrywing van die huwelik het relatief met mekaar ooreengestem, terwyl deelnemers wat teen die huwelik gekant was, elk hul eie redes aangevoer het waarom hulle nie in die huwelik wil tree nie. Die ongetroude volwasse Tswana-vrou se beskrywing van die huwelik kan as uniek aan hierdie ondersoek beskou word, aangesien geen literatuur hierdie navorsingsresultaat kon bevestig nie. Die deelnemers se beskrywing van die huwelik stem egter in `n groot mate ooreen met die Westerse beskrywing van die huwelik, wat ook woorde soos *"love", "commitment"* (Lasswell & Lasswell, 1991:217) ensovoorts insluit, maar ook net soveel klem lê op die hedendaagse egskeidingskwessie (Hendrick & Hendrick, 1992:200).

Al die deelnemers wat ten gunste van die huwelik was, het verklaar dat hulle egter eers op `n later ouderdom in die huwelik wil tree. Deelnemers het baie klem op "onafhanklikheid" geplaas. Hulle het van die standpunt uitgegaan dat die huwelik vandag feitlik sonder uitsondering op `n egskeiding uitloop en dat

hulle *"iets wil hê om op terug te val"* (`n beroep), indien dit met hulle sou gebeur.

Die algemene indruk wat egter tydens hierdie ondersoek ontstaan het, is dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou van vandag in `n groot mate verwarring ten opsigte van haar perspektief op die huwelik ervaar, aangesien `n aantal verskynsels tans binne die Tswana-huwelik voorkom wat `n onaangename voorkoms daaraan gee. Dit wil voorkom of die meerderheid ongetroude volwasse Tswana-vroue wel graag in die huwelik sal wil tree, maar dat hulle terselfdetyd besef waaraan hulle hulle dan moontlik sal blootstel. Tydens hierdie ondersoek is `n aantal verskynsels geïdentifiseer wat blyk `n invloed op die ongetroude volwasse Tswana-vrou se huweliksperspektief te hê, naamlik egskeiding, die *bogadi*-gebruik, die woon-by-skoonouers-gebruik en die Tswana-vrou se verwagting van haar huweliksmaat. Dit wou verder voorkom of hierdie verskynsels dan ook `n primêre invloed het op sommige ongetroude volwasse Tswana-vrou se keuse om dan eerder enkellopend te bly of bloot saam met hul maat te woon sonder huweliksluiting, of indien hulle wel sou besluit om in die huwelik te tree, dit op `n hoër ouderdom te doen en dan verkieslik hul huwelik meer Westers te oriënteer.

### 2.1.3 Gevolgtrekking rakende doelwit 3: "Om riglyne neer te lê vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou."

Ten einde hierdie doel te bereik, het die navorser `n totaal van 16 temas uit die inligting wat tydens hierdie ondersoek ten opsigte van die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou bekom is, geïdentifiseer en dit voorgestel as sinvolle temas wat by `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan hierdie vrou ingesluit kan word. Riglyne is verder kortliks neergelê ten opsigte van moontlike sinvolle metodes en hulpmiddels wat by die aanbieding van sommige van hierdie temas gebruik kan word. `n Literatuurondersoek is verder onderneem ten einde die sinvolheid van die insluit van die betrokke temas in `n huweliks-

voorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou te bevestig en om die belangrikheid van transkulturele huweliksvoorbereiding te beklemtoon.

Uit die literatuurondersoek wou dit voorkom of daar `n leemte in die moderne swart gemeenskap ten opsigte van huweliksvoorbereiding bestaan. Met die uitsterf van die tradisionele inisiasieskole is die verantwoordelikheid van huweliksvoorbereiding terug verplaas na die ouers. Ouers is egter nie altyd bereid (Steyn, 1999:53) of opgewasse genoeg (Du Preez & Van Niekerk, 1988:157) om hierdie verantwoordelikheid op hulle te neem nie (Steyn, 1999:53).

Dit was verder opvallend dat die literatuur (Alpaslan, 1991:73; Du Preez & Van Niekerk, 1988:156; Mace, 1981:24) hoofsaaklik van die veronderstelling uitgaan dat dit slegs paartjies of voornemende egpare is wat huweliksvoorbereiding behoort te ondergaan. Daar kan egter in reaksie hierop geredeneer word dat huweliksvoorbereiding moontlik en selfs noodsaaklik is nog voordat `n persoon by `n verhouding betrokke raak of oorweeg om in die huwelik te tree. Dit wil voorkom of daar veral onder swart jongmense die behoefte bestaan om huweliksvoorbereiding te ontvang voordat hulle by `n verhouding betrokke raak. So het die dominante groep deelnemers in hierdie ondersoek verklaar dat hulle tans nie by `n ernstige verhouding betrokke is nie, terwyl daar tog `n baie definitiewe behoefte by hulle geïdentifiseer is om oor die huwelik en aspekte daarvan te praat. Dit wil voorkom of die literatuur wat handel oor huweliksvoorbereiding aan persone wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie, beperk is en dat `n leemte selfs in die literatuur ten opsigte van hierdie tipe huweliksvoorbereiding aan swart jongmense bestaan. Daar kan gevolglik gesê word dat huweliksvoorbereiding `n aspek van maatskaplike werk is wat toenemend aandag behoort te geniet; veral in die swart gemeenskap, en veral ten opsigte van persone wat nog nie by `n verhouding betrokke is nie.

Die nuwe Suid-Afrika vereis dat ons almal transkultureel op alle gebiede van ons lewens sal word. Die vraag ontstaan egter hoe voorbereid die

maatskaplike werker daarop is om transkultureel te werk (Sikhitha, 1996:61). Maatskaplike werk behoort buite sy tradisionele denkpatroon te kan beweeg ten einde transkulturele hulpverlening moontlik te maak. Die maatskaplike werker moet begrip ontwikkel ten opsigte van verskillende kulture se denkpatrone en waardesisteme en moet besef dat die algemeengeldende waardes binne maatskaplike werk nie sonder meer by ander kulture veronderstel kan word nie. Transkulturele maatskaplikewerk-navorsing moet ook aangemoedig word (Du Preez & Van Niekerk, 1988:155-156).

Dit is juis die primêre beginsel waarop hierdie ondersoek berus het, naamlik die uitbreiding van inheemse kennis ten opsigte van `n swart kultuur in Suid-Afrika, en meer spesifiek ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-vrou, ten einde in staat te wees om riglyne vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan hierdie vroue te kan neerlê – ook vir Tswana-vroue wat nie by `n verhouding betrokke is nie.

Die 16 temas wat geïdentifiseer is as sinvolle onderwerpe om by `n huweliks-voorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in te sluit, bestaan uit die volgende:

f.) Die vier faktore wat deur deelnemers geïdentifiseer is as faktore wat `n invloed op hul huweliksperspektief kan hê, naamlik:
   - egskeiding
   - die *bogadi*-gebruik
   - die woon-by-skoonouers-gebruik
   - verwagting van huweliksmaat

g.) Sommige van die faktore wat deur deelnemers geïdentifiseer is as moontlike oorsake van egskeiding, naamlik:
   - te jonk in die huwelik tree
   - vir die verkeerde redes in die huwelik tree
   - ken die huweliksmaat nie goed genoeg nie
   - persoonlikhede wat bots
   - vrouemishandeling
   - gebrek aan kommunikasie

- afskeep van die man na die geboorte van kinders
- inmenging van skoonfamilie
- ontrouheid binne die huwelik

h.) Die interne konflik ten opsigte van die tradisionele en die moderne wat tydens die ondersoek deurlopend by deelnemers opgemerk is.

i.) Die beroep van die vrou, waarop deelnemers so baie klem gelê het.

j.) Seksualiteit – wat glad nie in die ondersoek bespreek is nie. Die doelbewuste vermyding van hierdie tema tydens onderhoudvoering is juis wat dit so betekenisvol maak vir die insluit in 'n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou.

## 2.2 <u>Addisionele gevolgtrekkings</u>

Benewens die doelgesentreerde gevolgtrekkings is tydens hierdie ondersoek ook tot die volgende bykomstige bevindinge gekom:

- Die *bogadi*-gebruik in die Tswana-kultuur het baie veranderinge ondergaan en is vandag byna uitsluitlik 'n "besigheidstransaksie". Deelnemers het gemengde gevoelens ten opsigte van *bogadi* geopenbaar, maar die dominante uitgangspunt was dat die ongetroude volwasse Tswana-vrou graag wil hê dat haar voornemende huweliksmaat *bogadi* vir haar moet betaal.
- Die woon-by-skoonouers-gebruik word steeds deur sekere Tswana-stamme beoefen, maar dit wil voorkom of dit vandag bloot 'n keuse is of die pasgetroude egpaar van hierdie tradisie gebruik wil maak al dan nie. Die ongetroude volwasse Tswana-vrou is egter steeds baie sterk gekant teen hierdie tradisionele Tswana-gebruik.
- Die ongetroude volwasse Tswana-vrou koester baie spesifieke verwagtinge van haar aanstaande huweliksmaat. Sy is vandag baie meer bewus van haar eie behoeftes binne die huwelik en sterk ingestel op haar toekomstige huweliksmaat se vermoë om daarin te voorsien.

- Die ongetroude volwasse Tswana-vrou beleef vandag in `n ernstige mate interne konflik ten opsigte van haar moderne strewe enersyds, wat `n intense behoefte aan eiewaarde en outonomie insluit, teenoor haar tradisionele verwagtings andersyds. Hierdie interne konflik manifesteer hoofsaaklik in die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief op:
  - die Tswana-huwelik
  - ontrou binne die huwelik
  - suksesvolle beroep vs `n gelukkige huwelik
  - die *bogadi*-gebruik
  - die woon-by-skoonouers-gebruik
  - haar verwagting van haar huweliksmaat

## 2.3 Gevolgtrekkings rakende basiese teoretiese stelling

As basiese teoretiese stelling is in hierdie ondersoek gestel dat **kennis ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief van die huwelik die maatskaplike werker in staat sal stel om meer doeltreffend tot dié kliënt se leefwêreld te kan toetree, wat kultuur-kongruente huweliksvoorbereiding sal vergemaklik.**

Aangesien die beoogde navorsing egter slegs verkennend van aard is en die beoogde omvang van hierdie navorsingsverslag verder nie ruimte laat om die voorgestelde temas in `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou empiries te toets nie, sal hierdie basiese teoretiese stelling vir die doeleindes van hierdie ondersoek nie getoets word nie.

Die stelling is egter wel gemaak dat hierdie ondersoek, vanweë die verkennende aard daarvan, nuwe hipoteses vir moontlike verdere ondersoeke sal stel. Tydens hierdie ondersoek is die volgende hipoteses vir moontlike verdere ondersoeke dan ook geformuleer:

- Alle faktore wat moontlik interne konflik by die ongetroude volwasse Tswana-vrou kan ontlok, kan in `n groot mate uitgeskakel of ten minste

verminder word deur die aanbieding van `n kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram aan hierdie vrou.

- Indien huweliksprobleme, wat aanleiding kan gee tot buite-egtelike verhoudings, voorkom kan word en indien die swart man se denkpatroon, naamlik dat dit sy reg is om ontrou aan sy vrou te wees, gewysig kan word, sal die moontlikheid dat een of beide gades by `n buite-egtelike verhouding betrokke kan raak, in `n groot mate beperk word.
- Wanneer maatskaplike werkers buite hul tradisionele denkpatroon kan beweeg en begrip kan ontwikkel ten opsigte van verskillende denkpatrone en waardesisteme, sal hulle besef dat die algemeengeldende waardes binne maatskaplikewerk nie sonder meer by ander kulture veronderstel kan word nie en sal hulle ook verdere transkulturele navorsing aanmoedig, en dan sal probleme binne die swart gemeenskap meer effektief geïdentifiseer kan word en hulpverlening aan die mense van hierdie gemeenskap meer doeltreffend kan geskied.

### 2.4 <u>Gevolgtrekking rakende die doelstelling van die ondersoek</u>

Indien al die voorafgaande gevolgtrekkings in ag geneem word, kan daar tot die slotsom gekom word dat die doelstelling van die ondersoek, naamlik **om deur middel van `n maatskaplikewerk-ondersoek vas te stel wat die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief van die huwelik is, sodat dié uitbreiding van kennis die maatskaplike werker in staat sal stel om riglyne vir kultuurkongruente huwelikvoorbereiding te kan neerlê,** wel bereik is.

## 3. AANBEVELINGS

### 3.1 <u>Aanbevelings aan die maatskaplikewerk-praktyk</u>

Aan die hand van die ondersoek kan vier aanbevelings aan die maatskaplikewerk-praktyk gemaak word, naamlik.

- `n Kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsprogram moet aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou in groepsverband aangebied word, aangesien die navorser van mening is dat dit die beste maatskaplikewerk-metode vir die aanbieding van so `n huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou is. Hierdie uitgangspunt word deur die literatuur gestaaf.
- Pogings moet aangewend word om huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou as voorkomende diens naas huweliksberading en -verryking te vestig.
- Daar behoort daarna gestrewe te word om huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou ooreenkomstig wese en waarde teoreties verder te fundeer en standaard huweliksvoorbereidings-programme vir die vrou te skryf, wat op plaaslike en streeksvlak geïmplementeer kan word.
- `n Huweliksvoorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou behoort só geskryf te word, dat dit aangepas kan word vir huweliksvoorbereiding aan beide die ongetroude volwasse Tswana-vrou wat reeds by `n ernstige verhouding betrokke is, en die Tswana-vrou wat geensins by `n verhouding betrokke is nie.

### 3.2 Aanbevelings aan die regering

Ten einde `n poging aan te wend om huweliksonmin en -verbrokkeling binne die Tswana-huwelik te voorkom, word die volgende aanbeveling aan die regering gedoen:

- Dat Wetgewing die ongetroude volwasse Tswana-vrou wat beplan om in die huwelik te tree, sal verplig om by `n huweliksvoorbereidingsprogram in te skakel.

### 3.3 Aanbevelings vir verdere studie

As gevolg van die verkennende aard van hierdie ondersoek bestaan daar nog baie ruimte vir verdere navorsing. Die ondersoek het die volgende pertinente navorsingsbehoeftes uitgewys:

- Verdere ondersoek behoort ingestel te word na die ongetroude volwasse Tswana-vrou se beskouing van die man. Hiertydens moet bepaal word hoe die ongetroude volwasse Tswana-vrou die man in die algemeen en die man binne die huwelik ervaar, sowel as wat die man se perspektief op die huwelik volgens haar verklaring is.
- Verdere ondersoek ten opsigte van die impak wat die ongetroude volwasse Tswana-vrou se algehele onafhanklikheid op `n moontlike huweliksmaat en voorgenome huwelik kan hê, word verder aanbeveel.
- Verdere ondersoek word aanbeveel ten opsigte van moontlike redes vir die slegte behandeling wat `n skoondogter soms binne die Tswana-kultuur van haar skoonmoeder ontvang.
- Daar word aanbeveel dat die spesifieke kommunikasiestyle en -tendense wat moontlik by die ongetroude volwasse Tswana-vrou kan voorkom, verder ondersoek word.
- Verdere ondersoek ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-vrou se perspektief op en kennis ten opsigte van seksualiteit word ook aanbeveel.
- Dit is ook noodsaaklik om verdere ondersoek in te stel na sinvolle metodes en hulpmiddels wat by die aanbieding van elke tema wat in hierdie ondersoek as belangrik vir `n kultuurkongruente huweliks-voorbereidingsprogram aan die ongetroude volwasse Tswana-vrou geïdentifiseer is, gebruik kan word. Besondere aandag behoort aan die volgende drie temas geskenk te word, weens die gebrek aan literatuur oor die aanbieding van hierdie drie temas in `n huweliks-voorbereidingsprogram:

  - Die woon-by-skoonouers-gebruik

- Die afskeep van die man na die geboorte van kinders
- Interne konflik ten opsigte van die tradisionele en die moderne

- Dit sal baie betekenisvol wees indien `n soortgelyke studie ten opsigte van die ongetroude volwasse Tswana-man onderneem kan word ten einde riglyne vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan die ongetroude volwasse Tswana-man en selfs Tswana-paartjies te kan neerlê.

## 4. SLOTSOM

Aangesien huweliksvoorbereiding `n voorkomende benadering teen huweliksonmin en -verbrokkeling is (Alpaslan, 1991:73; Pretorius *et al.*, 1992:141) kan dit as een van die belangrikste voorkomingsdienste van maatskaplike werk beskou word. Die groot gebrek aan inheemse kennis ten opsigte van maatskaplike hulpverlening aan swart kulture in Suid-Afrika maak dit egter vir Westerse maatskaplike werkers moeilik om kultuurkongruente huweliksvoorbereidingsdienste te lewer. Die behoefte aan `n transkulturele benadering in maatskaplike werk en meer spesifiek in huweliksvoorbereiding, word dus aan die orde gestel. Die navorser hoop dat hierdie ondersoek oor die huweliksperspektief van die ongetroude volwasse Tswana-vrou en die neerlê van riglyne vir kultuurkongruente huweliksvoorbereiding aan hierdie vrou sal bydra tot die uitbreiding van die inheemse kennis ten opsigte van maatskaplike hulpverlening aan `n swart kultuur in Suid-Afrika, en meer spesifiek aan die Tswana-vrou, ten einde die onmiskenbare transkulturele benadering in maatskaplike werk, te bevorder.

# BIBLIOGRAFIE


## A

ALPASLAN, A.H. 1991. Huweliksvoorbereiding deur middel van primêre metodes van maatskaplike werk en die benutting van funksionele hulpmiddels. *Maatskaplike Werk/Social Work*, 27(1):72-73.

ALPASLAN, N. 1994. Hoop en hulp vir die huwelik: 'n werkboek vir huweliksvoorbereiding en huweliksbegeleiding. Pretoria : Kagiso. 313 p.

## B

BABBIE, E. 1995. The practice of social research. 7th ed. Belmont : Wadsworth. 476 p.

BOTHA, D. 1991. My marriage partner has been unfaithful: what am I to do?. *Orientation*, 58:122-130.

BUTLER, C. & JOYCE, V. 1998. Counselling couples in relationships: an introduction to the relate approach. Chichester : Wiley. 190 p.

## D

DU PREEZ, M.S.E. & VAN NIEKERK, C.E. 1988. Huweliksvoorligting met geselekteerde groepe swart studente deur middel van groepwerk. *Social Work*, 24:154-163.

DU TOIT, D. 1991. The wrong motives for marrying. *Orientation*, 58:45-52.

DOBSON, C.D. & HOUSEDNECHT, S.K. 1998. Black and white differences in the effect of women's educational attainment on age at first marriage. Journal of family issues, 19(2):204 (20 p.), Mar. [In EBOSCOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Date of access : 21 Junie 2002].

## F

FAMSA ***kyk*** Family and marriage society of South Africa. 2001. Algemene jaarverslag: 1 April 2000-31 Maart 2001. Potchefstroom. 19 p.

FOURIE, D.P. 1995. `n Beskrywing van die aard en tipes buite-egtelike verhoudings wat in huwelike voorkom. *Social Work/Maatskaplike Werk,* 31(2):149-160.

FOUTIE, V.W.R. 1994. Huweliksvoorbereiding: `n programevaluering. Port Elizabeth : UPE. (Verhandeling - MW) 228 p.

## G

GOVERNMENT COMMUNICATIONS. 2002. The land and it's people. [Web:] http://www.gov.za/yearbook/2001/landpeople.html [Datum van gebruik : 30 Okt. 2002].

GREEFF, A.P. & UYS, H. 1996. Behoeftes en verwagtinge ten opsigte van huweliksvoorbereidingsprogramme. *The Social Work Practitioner,* 9:128-137.

GROBLER, J. 1991. How important is sex in marriage? *Orientation,* 58:9-12.

GRONDWET ***kyk*** SUID-AFRIKA. 1996.

## H

HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2000. Johannesburg : Perskor. 1378 p.

HENDRICK, S. & HENDRICK, C. 1992. Liking, loving and relating. 2nd ed. California : Brooks/Cole. 268 p.

HOLME, D. 2000. Why I cheat on my husband. *Pace*:84-85, Dec.

HUTCHINGS, S & DELPORT, E. 1992. Cohabitation: a responsible approach. *De Rebus*:120-125, Feb.

**J**

JANSEN VAN RENSBURG, H.G.M. 1973. Bantoevroue se houding met betrekking tot die huwelik en gesin. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MW)

**K**

KIMATHI, G. 1994. Your marriage and family. Potchefstroom : PU for CHE. 110 p.

KING, A.E.O. 1999. African American females' attitudes toward marriage. Journal of Black Studies, 29(3):416 (22 p.), Jan. [In EBOSCOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Date of access : 13 Maart 2002].

**L**

LABUSCHAGNE, J.M.T. 1991. Regsakkulturasie, lobolo-funksies en die oorsprong van die huwelik. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 54:541-553.

LANDALE, N.S. 1994. Nonmarital cohabitation and childbearing among black and white American women. *Journal of marriage and the family*, 56:949-962, Nov.

LASSWELL, M. & LASSWELL, T. 1991. Marriage and the family. 3rd ed. California : Wadsworth. 592 p.

LAVILLE, R. 1999. In the shadow of marriage: gender and justice in an African community. *Journal of contemporary African studies*, 17(1):150-152, Jan.

LEVITZ, E. 1995. Women in South Africa: from transition to governance. *Publico,* 15(4):25-27, Aug.

**M**

MACE, D.R. 1981. Voorbereiding vir die huwelik. Pretoria : HAUM. 125 p.

MAKHOLWA, A. 1997. Is lobola outdated? *Pace*:110-111, Nov.

MASHISHI, A. 2000. Wife battering: an exploration of the abuse of African women at two shelters in Johannesburg. *Society in transition*, 31(1):82-87.

MOKGORO, Y. 1993. Human rights, constitutional rights, women and development. *African law review*, 4(4):13-19, Nov.

MVIMBI, T.D. 2000. The high price of lobola. *Pace*:120-121, Nov.

**N**

NAUDE, C. 1998. Strem gesinne loopbane? *Finansies & Tegniek*, 50(15):14-15, Apr. 17.

NORMENT, L. 1998. Sex and the new black woman: myths and realities. Ebony, 53(5):104 (3 p.), Mar. [In EBOSCOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Date of access : 21 Junie 2002].

**O**

OLIVIER, J. 2002. Setswana. [Web:] http://www.cyberserv.co.za/users/~jaco/lang/tsw.htm [Datum van gebruik : 30 Okt. 2002]

**P**

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (In DE VOS, A.S., ed. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik. p. 334-353.)

PRETORIUS, H.G., VAN WYK, J.D. & SCHEPERS, J.M. 1992. Die evaluering van `n huweliksvoorbereidingsprogram. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Sielkunde*, 22(3):140-145.

**R**

RABIN, C. 1996. Equal partners good friends: empowering couples through therapy. London : Routledge. 282 p.

**S**

SCHAPERA, I. 1971. Southern Africa part iii: the Tswana. London : Lowe & Brydone. 81 p.

SCHAPERA, I. 1994. A handbook of Tswana law and custom : compiled for the Bechuanaland Protectorate Administration. London : LIT. 325 p.

SCHOEMAN, J.P. 1987. Die invloed van die hofmaaktydperk op huweliksaanpassing. *Social Work/Maatskaplike Werk,* 23:277.

SCHURINK, W.J., SCHURINK, E.M. & POGGENPOEL, M. 1998. Focus group interviewing and audio-visual methodology. (In De Vos, A.S., ed. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik. p. 313-328.)

SIKHITHA, T.M. 1996. Social work practice in cross-cultural situations: some guidelines for practice. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 32(1):61-66.

SILVERSTEIN, J.L. 1990. The problem with in-laws. *Journal of family therapy*, 14:399-412.

SINGH, D. 1996. Cohabitation relationships revisited: Is it not time for acceptance. *The comparitive and international law journal of Southern Africa*, 29:317-318.

SOUTH, S.J. 1993. Racial and ethnic differences in the desire to marry. *Journal of marriage and the family*, 55:357-370, May.

SPERRY, L. & CARLSON, J. 1991. Marital therapy: integrating theory and technique. Denver : Love. 260 p.

STEYN, M.G. 1999. Die noodsaaklikheid en aard van `n huweliks-voorbereidingsprogram vir swart laat-adolessente. *Social work practitioner-researcher,* 11(2):52-64, Nov.

STRYDOM, H. 2000. Maatskaplikewerknavorsing (MWK 321/411). Potchefstroom : PU vir CHO. 268 p.

SUID-AFRIKA. 1996. Constitution of the Rebublic of South Africa as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 and as amended on 11 October 1996. (B34B-96.) (ISBN: 0-260-20716-7.)

SUID-AFRIKA. 1999. Financing policy: developmental social welfare services. *Staatskoerant*, 19888:3, Mrt. 26.

**U**

1UP INFO. 1996. Country study and country guide for South Africa. [Web:] http://www.1upinfo.com/country-guide-study/south-africa/south-africa54.html [Datum van gebruik : 30 Okt. 2002].

**V**

VAKTAALKOMITEE. 1995. Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Kaapstad : CTP Book Printers.

VAKTAALKOMITEE. 1997. Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek. Johannesburg : Heinemann. 520 p.

VAN DER BERG, M. 2000. Jonggetroudes se belewing van hul skoonouers. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – M.Psig.) 150 p.

VAN DER MERWE, J. 1991. What do we do about personality conflicts? *Orientation*, 58:142-148.

VAN DER VLIET, V. 1991. Traditional husbands, modern wives?: constructing marriages in South African townships. *African studies*, 50(1): 219-241.

VAN DER WALT, B.J. 1994. The liberating message : a Christian worldview for Africa. Potchefstroom : I.R.S. 601 p.

VAN ZYL, F. 1991. Marry in haste. *Orientation*, 58:53-58.

VAN ZYL, L. 1994. Vroue kom tot hul reg. *Publico*, 14(5):4-5, Oct.

VAN ZYL, L. 1996. Huisvrou vs beroepsvrou. *Publico*, 16(2):21-23, Apr.

**W**

WESSELS, C.C. 1996. Die doeltreffendheid van huweliksverryking: `n verkennende maatskaplikewerk-ondersoek. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MW) 263 p.

WOODS, N.F. & CATANZARO, M. 1988. Nursing research: theory and practice. St Louis : Mosby. 590 p.

# BYLAAG A

## ONDERHOUDSKEDULE

1. How old are you?
2. Do you have children?
3. What do you want to do when you have finished high school? / What are you studying? / What are you doing at this moment are you working ...?
4. Are you currently in a serious relationship?
5. Do you want to get married?
6. (If so) At what age do you want to get married? / (If not) Why don't you want to get married?
7. Why do you think that is an appropriate age to get married?
8. Explain in your own words what marriage means to you?
9. Do you think everybody should want to get married? Why do you say that?
10. Do you think marriage helps a person to grow or to break you down?
11. Now tell me a little about the Tswana marriage?
12. Do Tswana men still have to pay lobola?
13. How do you feel about lobola?
14. Where does the young couple stay after they get married?
15. Will you go and live with your in-laws for a while?
16. Do you think that the marriage has changed over the years? (If so) In what way?
17. Do you think that the role of the women in marriage has changed over the years? (If so) In what way?
18. Why do you think there are so many divorces these days?
19. What is the most important thing for you personally:
    a.) a successful career, or
    b.) a happy marriage? Why do you say that?
20. Why do you think most girls want to get married at a higher age these days?
21. Is there anything else you would like to say about marriage?